

# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE




## IN HIERDIE UITGAWE

- Meneer Malan — Durand Hefer
- Uit Faust van Goethe — D. F. Malherbe
- Hande en Voete — C. Jacobsz
- Wat is 'n Tragedie? — T. J. Haarhoff
- Triptiek — M. M. Solz
- Vlaamse Belangstelling Voor Zuid-Afrika — André Demédts
- Kwatryne — Jan Schepens
- Die Held van Gasa — W. A. Hickey
- Die „Verleiden“-motief — B. le Roux
- Gedigte
- Oor Boeke
- Skrywersaangeleenthede

JAARGANG 7 NOMMER 4

DESEMBER 1957



## Sat van gewone vakansie?

Slaan dan dié keer 'n nuwe koers in en ontdek mooi Suid-Afrika. Die Spoorwegpadvervoerdiens reël toere van al die hoofsentrums af na die mooiste dele in ons land. Maak nie saak waar u woon, watter ryding u verkies, wanneer of waarheen u wil gaan nie, daar's 'n toer wat by u vakansietyd en beursie sal inpas. Besoek u naaste Spoorwegreisburo. Hulle sal u volledig inlig oor die talle toere, sorg dat al u reisreëlings in die haak en u hotelverblyf agtermekaar is. U plaaslike stasiemeester is ook 'n Reisburoverteenwoordiger.

# S A S

TREINDIENS • PADVERVOERDIENS • REISBURO

VZ002708M

# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die  
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

•  
Redakteur: ABEL COETZEE  
•

Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE  
H. A. FAGAN  
P. C. SCHOONEES  
W. A. DE KLERK  
M. S. B. KRITZINGER  
B. KOK

Administrasie:  
Mej. S. V I C T O R  
Posbus 57 - Northcliff

Intekengeld: 20/- posvry  
•

JAARGANG 7

NOMMER 4

DESEMBER — 1957

***Tyd is vir ons meer kosbaar as wat  
dit vir ons grootvaders was***

Om tyd te spaar, open 'n rekening  
by die Nederlandse Bank van  
Suid-Afrika Beperk.

Flinke en doeltreffende bediening  
wag hier op u.

SPAAR TYD — SPAAR GELD BY

**NEDERLANDSE BANK  
VAN SUID-AFRIKA BEPERK**

*(Geregistreeerde Handelsbank)*

***Werk Reg Met U Geld En U Geld Sal Reg Met U Werk***

# Inhoud

	<i>Bladsy</i>
GEDIG, deur P. W. Buys .....	1
MENEER MALAN, deur Durand Hefer .....	3
UIT FAUST VAN GOETHE, deur D. F. Malherbe .....	7
HANDE EN VOETE, deur C. Jacobsz .....	14
GEDIG, deur W. van Heerden .....	19
GEDIGTE, deur A. Alberts .....	19
WAT IS 'N TRAGEDIE? deur T. J. Haarhoff .....	21
GEDIGTE, deur Eliz. C. M. du Toit .....	38
TRIPTIEK, deur M. M. Solz .....	44
GEDIGTE, deur Abraham Fouché .....	48
VLAAMSE BELANGSTELLING VOOR ZUID-AFRIKA, deur André Demèdts .....	51
GEDIG, deur A. J. J. Visser .....	57
GEDIGTE, deur B. le Roux .....	59
GEDIGTE, deur Fernand Florizoone .....	61
GEDIG, deur Jan van den Weghe .....	62
KWATRYNE, deur Jan Schepens .....	63
DIE HELD VAN GASA, deur W. A. Hickey .....	64
GEDIGTE, deur Jac. J. Brits .....	71
GEDIGTE, deur Pirow Bekker .....	72
DIE „VERLEDEN“-MOTIEF, deur B. le Roux .....	73
GEDIGTE, deur Gerhard Kemp .....	77
GEDIG, deur N. A. Coetzee .....	78
GEDIG, deur E. J. Mocke .....	79
BOEKBESPREKINGS .....	80
SKRYWERSAANGELEENTHEDE .....	91

## NUWE N.-B.-UITGAWES

### DIE TUINGIDS - A. M. J. Scheltens

Die gesaghebbendste en volledigste werk in sy soort. Die formaat is sowat 10 dm. x 7½ dm., met 8 volkleurplate, 25 swart-en-wit foto's en ongeveer 120 lyntekeninge. Voorsien van 'n volledige bladwyser met 1,400 verwysings en 'n omvattende lys vertalings van plantkundige benaminge. Behandel alles — van 'n visdammetjie tot uithoemse struik, van bemesting tot die snoei van bome. Insekteplae duidelik beskryf en geïllustreer — u kan elke kewer en wurm self uitken. Prys £2.5s. as u voor 1 Desember bestel (daarná £2.10s.).

### SARIE MARAIS SE BREIBOEK

Hierdie breiboek is 'n pragtige stukkie kunswerk, deeglik versorg en spesiaal uitgegee met die oog op Suid-Afrikaanse toestande. Dit is 'n boek wat elke vrou wat lief is vir haar breinaalde en wol sal wil besit en waarin sy nog jare lank patrone sal vind wat 'n ware genot is om te brei.

21/- (posgeld 1/-)

### KWARTET

Een van die merkwaardigste prosabundels wat in die laaste jare verskyn het. Dit bevat kortverhale deur M.E.R., Elisabeth Eybers, Ina Rousseau en Henriette Grové. Die eerste drie is van ons bekendste skryfsters, en Henriette Grové se verhale sal beslis álmal se aandag trek. Dit is van die mooiste prosa wat ons het.

13/3 (posgeld 9d.)

### DIE VROLIKE LIED - Audrey Blignault

Audrey Blignault — wie ken haar nie? Haar eerste bundel essays, IN KLEIN MAAT, was een van die mees geslaagde uitgawes in jare en moes in 'n ommesien herdruk word. Hier het u haar tweede bundel essays: DIE VROLIKE LIED, weer eens geïllustreer deur Katrine Harries.

15/- (posgeld 1/-)

### TRIPPELPAS EN KAAPSE DRAAI - Christa Steyn

Lesers van „Sarie Marais” onthou ongetwyfeld nog die gewilde Maryna-reeks deur Christa Steyn. Hier is daardie pragtige verhale nou, verwerk tot 'n verhaal van volle lengte. Dit is die ideale geskenk vir u dogter wat nie belang stel in die middernagfeestipe nie. Dis 'n moderne verhaal, vir die moderne dogter — en geskryf soos alleen Christa Steyn dit kon doen.

9/9 (posgeld 9d.)

### DIE SWARTWITPENS - H. J. Vermaas

Vir alle liefhebbers van goeie prosa wag daar 'n eerste-rangse verrassing. Dit is die strak verhaal van 'n eensame jagter wat alles trotseer om 'n pragtige swartwitpens te skiet. Die vertelling van sy besete jagtog en uiteindelijke ontnugtering is ontroerend. U sal elke tog van Tjaart meemaak; sy liefde vir die natuur en vir die jag, sy ylende koorsdrome, sy liefde vir Lettie, sy toenemende besef van die sinloosheid van al sy strewes, sal u eie word.

### NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK

Posbus 119 Grootte Kerk-gebou

Posbus 95

Posbus 1058

Posbus 9893

Parow Kaapstad Port Elizabeth Bloemfontein Johannesburg

P. W. BUYS:

## Apokalips

„Ons het sy ster in die Ooste gesien”

Matth. 2: 2.

*Ons het 'n ster gesien, 'n satelliet  
van staal wat uit die Ooste gelanseer  
is met 'n vuurpyl na die ionosfeer.  
Ons kon terwyl hy deur die hemel skiet,  
gedra op etergolwe sy gekerm  
verneem — soos van 'n onheilsvoël wat vlug  
in groot ellipse kantel, heen en trug  
asof hy afgehou is van sy swerm.  
Soos uryse uit die Ooste mocs ons gis  
waarheen dié ster sou lei — dalk na 'n stal  
in Betlehem, 'n krip? Of is dit al  
die vuurrooi teken van die antichris?  
Toe ons nog staan en wonder, hoor ons al  
die hemel skeur met groot basuingskal!*

## Bloei

By die dood van 'n klein dogtertjie.

*Die ryp het hierdie blanke bloeisknop  
een nag toe dit al lente was, gevang;  
die oggend het sy in die boom se top  
aan 'n gekrukte stengeltjie gehang.  
En in die môreson se gloed het sy  
allengs verwelk; ek het geweet sy sal  
nie van die tak waaraan sy bloei, moet val.  
Maar my gebed kon haar nie hou, en hoe  
ek ook gesmeek het, tevergeefs! Sy kon  
gewis nie langer lewe nie, en toe  
het sy gesterwe in die middag son.  
Nog voor die wind haar aanraak, het sy al  
geluidloos van die takkie afgeval.*

# Dwarrelwinde

*Die winde is die swepe in die hand  
van God wat oordag sonder medely  
die bloedrooi wond van my geploegde land  
aanhoudend striem tot eindlik sny op sny  
die geselhale blootlê in die son.*

*En hoe my oë snags 'n teken soek  
van weerlig bo die donker horison,  
dis tevergeefs, die aarde bly vervloek  
om my ontwil. Sou God behae hê  
in sandduin en in droë grondrawyn  
en landerye wat gemartel lê  
en koorsig blaak in somersonneskyn?  
As God sy werwels so laat waai, het Hy  
met my berooide hart nog medely?*



DURAND HEFER:

## Meneer Malan

Gaan kyk wie's daar Boeta het Ma gesê maar ek het niks lus gehad om op te staan en na die voordeur te stap om te kyk wie's daar nie want ek was net mooi besig met die vlerk van die Spitfire en as 'n mens 'n model aeroplane bou en jy is besig om die balsahoutjies aan mekaar te gom kan jy dit nie sommer so los nie. Pa het kwaad geword as ek sommer model aeroplane sê want dit is nie suiwer Afrikaans nie Boeta praat tog jou taal suiwer die Kleurlinge gebruik sommer Engelse woorde so tussen-in en as jy wil Engels praat goed want jou Engels is reeds nie wat dit moet wees nie maar praat dan suiwer Engels ook 'n mens kan nie twee tale deurmekaar praat nie dis baie lelik.

Maar die mooiste modelvliegtuig soos my pa sê wat ek nog gehou het was 'n Messerschmitt 'n Duitse maar Pieter het niks van hom gehou nie want hulle het mos teen ons geveg in die oorlog maar ek dink nie dit maak saak nie want dit is 'n mooi vliegtuig en vir my was hy mooier as die Spitfire al het Pieter gesê Roy het gesê die Spitfire is vinniger.

En toe sê Ma weer Boeta toe dan gaan kyk dan nou wie het geklop en ek staan toe sommer op en terwyl ek na die voordeur loop trek ek die skilletjies van die aeroplane cement van my vingers se punte af. Dis die lekkerste van dié model aeroplanes die skilletjies wat altyd aan jou vingers vas sit.

Toe ek die deur oopmaak staan 'n lang man daar en Jeanette het later gesê meneer Malan is 'n baie aantreklike man hy lyk nes Tyrone Power. Ek het een keer vir Tyrone Power in 'n prent gesien van 'n seerower en die skip was aan die brand agter hom en terwyl hy sy swaard swaai en die seerowers stukkend kap sien jy net die vlamme agter hom maar Pieter het gesê nee die vlamme kan hom nie regtig brand nie hulle maak maar in die prent of die vlamme so naby is maar ek dink die vlamme het hom tog gebrand want agterna het die meisie goed aan sy rug gesmeer.

Meneer Malan het gesê kan ek die hoof asseblief spreek en ek het gedink dis snaaks dat hy hoof sê want die mense sê hier sommer prinsipaal maar in die vakansie het Jeanette ook eendag gesê 'n mens moet skoolhoof sê of net hoof en nie prinsipaal nie. Sy was drie jaar op kosskool in Bloemfontein.

Toe sê ek kom binne asseblief en sit solank ek gaan my pa roep hy is in die studeerkamer en toe my pa uitkom sê die man middag meneer ek is Malan. Dit was die eerste keer wat ek meneer Malan gesien het.

Meneer Malan het geskiedenis gegee en aardrykskunde en, en ek dink houtwerk ook maar hy was 'n goeie man het Ma gesê nie soos so baie van die jonger mense van vandag nie selfs dié wat die onderwysberoep betree, 'n mens kan sien daar is 'n skaarste aan mense in ons land want party van die mense wat darem nou vir jou moet skoolhou, ai. En ek het gehoor die groot seuns sê eers meneer Malan is 'n sissie ons hou nie van hom nie maar toe hulle later sien hoe meneer Malan rugby speel vir die dorp se eerste span en Hendrik Louw het gesê sy oom hoor hy het vir die Springbokproewe gespeel en toe weet hulle hy moet baie goed speel. Eendag het ek meneer Malan gesien die bal oordrop van vreeslik ver af en toe sê Jannie wat vir die skool se eerste span weer speel, losskakel, as hy net eendag kan drop soos meneer Malan dan sal hy ook vir die Springbokproewe kan speel.

Maar Ma het gesê julle seuns maak ook net 'n afgod van voetbal en buitendien verwaarloos julle net julle skoolwerk daardeur maar Pa het gesê 'n mens se liggaam het ook oefening nodig en 'n gesonde liggaam is 'n beter huisvesting vir 'n kind se verstand as 'n siek een. Maar die meneer Malan kon darem baie lekker speel.

En ek het ook baie van meneer Malan gehou want hy is die enigste onderwyser wat soos Tyrone Power lyk en wat goed kan rugby speel maar Rhoda Lampbrechts is nog maar in standerd vyf al is sy sestien en sy het een speelyd vir 'n klomp van die ander meisiekinders vertel as sy nie eendag 'n man soos meneer Malan kry nie trou sy nooit nie en toe Jeanette een vakansie vroeër huis toe gekom het want die skole sluit mos in die Vrystaat voor ons s'n het sy een aand by die debat vir meneer Malan gehoor en toe sê sy vir Ma meneer Malan dra Waar is 'n Lot voor dat dit eintlik te wonderlik is dit gaan sommer so deur jou en Ma het gesê ja maar hy is 'n opgevoede fynbeskaafde mens en so begaafd en 'n man van inbors wat ek gedink het dis baie snaaks om so te wees want meneer Malan is fris gebou soos ons by liggaamsoefening kan gesien het en toe sê Ma inbors beteken hy het 'n edele karakter en Jeanette sê toe ja.

Ek sien Malan en juffrou Smit nou baie saamstap het Pa een aand vir Ma gesê in die sitkamer en Ma sê toe ja ek sien dit ook en ek is so bly vir haar part ook so 'n gawe

en Christelike ou meisietjie net so stil die vriendskap van so 'n man soos hy sal vir haar ook baie beteken en ek is bly want uit die staanspoor het dit vir my gelyk juffrou Reynders slyp al klaar haar tande vir die nuwe onderwyser en nou ja jy weet watter soort sy is en toe sien my ma my en sy sê Boeta wat staan jy hier en sy lyk eers kwaad en toe glimlag sy en sê hoever is daardie vliegtuig van jou maar jy moenie vergeet om jou huiswerk nog te doen nie en my pa sê ja juffrou Delport sê nou die dag vir hom Boeta se werk is nie wat dit in die begin van die jaar was nie en my seun jy moet tog gereeld jou huiswerk doen en doen eers jou huiswerk en dan kan jy aan jou vliegtuie bou en toe ek om die draai stap sê Pa Anna dit lyk my die seun is baie lief om sy hande te gebruik en hoewel ek gehoop het hy sal eendag ver wil leer maak dit nie soveel saak nie solank hy gelukkig is en wat hy doen goed doen. Daar is geen skande in om 'n vakman te wees nie 'n mens kan buitendien nie 'n mens dwing om verder te studeer as hy geen sin daarvoor het nie maar Ma sê toe ja maar ag ek wil darem so graag gehad het hy moet predikant word of so nie onderwyser en hoop net nie hy word vlieënier of so iets nie en toe dink ek nou gaan ek my huiswerk elke dag gereeld doen en dan sal ek eendag onderwyser word soos meneer Malan en dan kan ek net so ver drop.

En een aand toe sit ons aan tafel en Pa sê Anna raai wat en my ma sê nee ek weet nie en my pa sê meneer Malan vertel my vandag in die stafkamer dat hy en juffrou Smit Vrydagaand verloof raak en Ma sê toe ag nee maar dis goeie nuus ek is so bly want hulle twee pas so goed by mekaar. Sy kry darem 'n man duisend. En ek sit nog so en dink Pa moenie sê stafkamer nie Jeanette sê 'n mens sê personeelkamer toe sien ek sy staan vinnig op en hardloop kamer toe en ma sê wat is nou verkeerd en sy sit sommer die opskeplepel in my bord neer en stap na Jeanette se kamer en toe sy terugkom glimlag sy so na my pa en sê sy lê en huil en Pa glimlag en knik met sy kop en ek kan nie verstaan hoekom sy huil nie toe sê Ma Boeta is dit genoeg aartappels en ek sê toe ja dankie Ma. Ek het onthou om dankie te sê maar ek kan toe nog nie verstaan hoekom Jeanette huil nie en ek vra toe Ma gaan meneer Malan nou met juffrou Smit trou en my ma sê ja en eet nou jou kos.

Toe Miena al kom afdek sê Pa Anna dink jy nie ons sal Saterdagagaand die staf oovra nie dan kan hulle hier die aand gesellig deurbring of miskien so 'n bietjie speletjies

speel jy weet dis lanklaas dat ons hulle hier gehad het en jy weet die meeste van hulle is ook maar weg van hul ouerhuse af en ek is seker hulle sal dit waardeer en Malan en juffrou Smit sal dit tog seker ook aan die ander wil bekend maak en Ma sê toe ja en die kwartaal is ook amper weer op 'n end maar ek dink toe ek wonder wie gaan vir meneer Malan en juffrou Smit die orrel speel as hulle trou want juffrou Smit speel altyd die orrel in die kerk. Seker maar mevrou De Lange.

En die Saterdagagaand speel Pieter by my cowboys and crooks in die tuin en al die onderwysers was in die sitkamer maar Jeanette was in die bed want sy het gesê sy voel nie lekker nie en ons het buite gespeel want ek ken al al die ou speletjies van die grootmense want toe ek vir ons gaan koek haal het in die sitkamer in die bord wat Ma gesê het dis jou en Pieter s'n hoor toe hoor ek al die onderwyseresse staan om juffrou Smit en hulle skreeu en lag en almal kyk na haar hand en meneer Van der Walt-hulle sê speech, speech! Malan ou kêrel en toe ek weer gaan koeldrank haal toe sê Pa hulle gaan die Adam en Eva-speletjie speel en ek ken dit want jy moet buite staan en dan bind hulle julle oë toe en as jy in die sitkamer kom sê jy Eva en die juffrou sê Adam en jy moet haar probeer vang en party van die onderwysers staan in die gang om in te gaan en meneer Malan stap by die agterdeur uit en toe ek later vir Pieter wegkruip sien ek meneer Malan agter die lukwartboom en hy hou iemand so styf teen hom vas en hy soen haar so en toe sien ek dis al die tyd juffrou Reynders en ek skrik en my hart begin sommer so vinnig klop en ek dink toe Pieter sal my mos nooit kry nie en ek loop stilletjies om na die voorste stoep anders soek hy die hele aand en dan is hy weer kwaad want hy sê altyd ek ken ons tuin beter as hy daarom kan ek beter wegkruip maar hy was nie kwaad nie want hy sê toe ek moet nou loop my ma het gesê ek moet nie te laat bly nie.

En toe gaan ek na my kamer toe maar ek het niks lus vir aeroplane-bou nie en ek sê gou my gebed op en ek klim in die bed maar ek kan nie slaap nie en ek voel so aardig en so bang en ek steek my hand uit en vat so aan die Spitfire want ek voel so snaaks en my hart klop nog al die tyd so hard en ek voel so bang amper of ek wil huil.

D. F. MALHERBE:

# *Uit Faust van Goethe*

TONEEL IN DIE GEVANGENIS

FAUST:

*(met 'n bos sleutels en 'n lamp, voor 'n ysterdeurtjie)*  
Van lang vergete huiwering bevange,  
gryp my die smart van heel die mensdom aan.  
Agter dié vogtige muur sit sy gevange,  
en haar misdaad was 'n opregte waan.  
Jy talm om na haar te gaan!  
Jy vrees om haar te woord te staan!  
Gou! Dood bring jy deur aarsel aan.  
*(Hy gryp die slot. Binnekant sang.)*

Die slegte vrou, my moeder,  
het my om die lewe gebring;  
toe het my vader my  
geëet, die kring!  
My sustertjie nog klein  
het my beendere gevat,  
in die koelte van 'n boom  
gebêre langs die pad.  
Toe word ek 'n woudvoëltjie — nou  
vlie 'k uit en weg, so gou, so gou!  
*(Faust sluit oop.)*

Sy weet nie, haar beminde luister,  
hoor kettings klink, strooi ruis in duister.  
*(Hy tree binne.)*

MARGARETE *(wat haar op strooibed wil verberg)*:  
Wee! Wee! Hulle kom! O bittere dood!

FAUST *(sag)*:  
Stil tog! Ek maak jou vry uit hierdie kuil.

MARGARETE *(rol voor hom)*:  
As jy 'n mens is, voel dan tog my nood.

FAUST:  
Jy maak die wagte wakker met gehuil.  
*(Hy vat die kettings aan om hul los te maak.)*

MARGARETE (*op die knieë*):

Wie gee jou, beul, die mag  
oor my van angs aan bewe!  
Jy kom my haal om middernag.  
Ontferm jou oor my, laat my lewe.  
Kan dit dan nie tot dagbreek wag?

(*Sy staan op.*)

Is nog so jonk, so jonk, o wag!  
Moet 'k nou al sterf!  
Ek was ook mooi, 't was my verderf.  
My vriend is nou so ver van my;  
my krans en blomme het nou vergaan.  
Waarom pak jy my so hardhandig aan?  
Het jou geen kwaad gedoen! Spaar my!  
Hoor hoe ek smEEK . . . Het ek 't verdien?  
Het jou nog nooit tevore gesien!

FAUST:

Sal 'k ooit dié smart te bowe kom!

MARGARETE:

Nou is 'k volkome in jou mag.  
Wil net nog eers die kind laat drink,  
ek het 't gesus die hele nag.  
Hul het dit my ontnem om my te krenk,  
en nou sê hul, ek het 't verdrink.  
Niks maak my ooit weer bly.  
Gemeen van hulle om liedjies te sing op my!  
'n Stokou sprokie moet so gaan . . .  
Waarom laat hul dit op my slaan?

FAUST (*gaan lê plat op die vloer*):

Hy wat jou min, is jou naby,  
wil jou uit die gevangenis bevry.

MARGARETE (*gaan by hom lê*):

Kom laat ons kniel tesame,  
op ons lippe die heilige name!  
Onder die vloer  
is die hel aan rumoer!  
Hoor hoe dit dreun,  
woedend grom en kreun!

FAUST (*hard*):

Gretchen! Gretchen!

MARGARETE (*aandagtig*):

My vriend se stem het ek gehoor!

(*Sy spring op, die kettings val af.*)

Waar is hy? Sy stem is in my oor.

Laat niemand my keer. Ek is vry!

Wil by hom wees, so digteby,

my aan sy boesem vly!

Hy 't Gretchen geroep, gestaan by die drumpel daar,

en ek het verneem te midde van helse misbaar,

van grimmige, duiwelse spotgebrom,

hoe die stem van sy liefde soet na my kom.

FAUST:

Dis ek!

MARGARETE:

Dis jy! Sê dit nog een maal vir my!

(*Vat hom vas.*)

Dis hy! En ek van ellende bevry?

En weg is die angs van kettings en kerker?

Is 't jy, my redding-bewerker!

Ek is gered!

Dis weer die straat waar jy en ek

mekaar die eerste maal gesien 't, die plek,

en weer die tuin van pret en lag

waar ek en Marthe vir jou wag.

FAUST (*trek haar voort*):

Kom mee! Kom mee!

MARGARETE:

Bly nou!

Ek bly so graag as jy nog toef.

(*met liefkosing*).

FAUST:

Maak gou!

As jy nog toef,

kom dit ons duur te staan.

MARGARETE:

Om my te soen het jy so goed verstaan;

my vriend, eers onlangs van my weg,

en afgeleer al om te soen, dis sleg!

Waarom vrees ek waar 'k aan jou hang?

O, anders was jou woorde en jou blik

vir my 'n hemelse drif en drang,

en het jy my gesoen of 'k moes verstik.

Soen my nou!

Want anders soen ek jou!

*(Sy omhels hom.)*

O wee, jou lippe is koud en stom.

Waar het jou liefde heengegaan?

Wie het my 't aangedaan?

*(Sy draai haar weg.)*

FAUST:

Kom, volg my! Liefste, vat moed!

Ek liefkoos jou met duisendvoudige gloed;

volg net vir my! Dis al wat ek om smEEK.

MARGARETE:

Dan is dit jy? Is 't regtig jy wat spreek?

FAUST:

Dis ek! Kom mee !

MARGARETE:

Jy red my uit die dood,

neem my weer veilig in jou skoot.

Dis vreemd dat jy my nie vermy!

En weet jy wel, my vriend, wie jy bevry?

FAUST:

Kom! Kom! Gou blink al die môrEROOD.

MARGARETE:

Ek het my moeder gedood,

my kind het ek verdrink.

Was dit nie my en jou geskenk?

Jou ook — Jy is 't! Skaars kan 'k dit glo.

Gee my jou hand! Dit is g'n droom, ek glo.

Jou liewe hand! Ag, klam is jou hand,

was dit skoon, want

ek glo, bloed kleef daaraan.

O hemel! Wat het jy gedaan?

Steek die degen in;

ek smEEK jou in my nood!

FAUST:

Laat die verlede rus,

Jy maak my dood.

MARGARETE:

Nee, jy moet oorbly om tot hulp te wees!

'k Wil jou vertel hoe die grafte moet wees.

Dit moet jy versôre

net môre:

vir moeder die beste plek,



my broer daarnaas en ek,  
ek lê so effe opsy,  
tog taamlik digteby!  
En die kleinding aan my regterbors.  
Niemand anders moet lê by my!  
Om my vas teen jou aan te vly,  
dit was 'n heerlike soet geluk!  
Maar dit wil my nie meer geluk;  
dit is of 'k my moet dwing na jou,  
asof jy my wegstoot van jou;  
en tog is 't jy, jou blik so vroom en goed.

FAUST:

Voel jy dis ek, volg my dan op die voet.

MARGARETE:

Na buite daar?

FAUST:

Na vryheid.

MARGARETE:

Is die graf daar,  
wag die dood daar, kom dan!  
Van hier in die ewige rusplek  
en verder geen tree —  
Gaan jy nou vort! O Heinrich, kon 'k met jou mee!

FAUST:

Jy kan! Wil net! Die deur staan oop.

MARGARETE:

Ek mag nie vort, vir my is daar geen hoop.  
Vlug sal nie help nie, hulle spoor my op.  
Om te moet bedel, hoe aaklig tog,  
en met slegte gewete boonop nog!  
So aaklig om in die vreemde te dwaal,  
hulle sal my tog gaan haal.

FAUST:

Ek bly by jou.

MARGARETE:

Maak gou, soos die wind!  
Red jou arme kind.  
Vort! Al met die pad  
langs die stroomkant aan,  
dan oor die brug,  
die woud ingaan,  
links in die dam

by die paal.  
Gou uitgehaal!  
Dit wil opkom,  
dit spartel nog!  
Red! Red!

FAUST:

Kom tot besinning tog!  
Net een tree maak jou vry.

MARGARETE:

Was ons tog net die berg verby!  
Daar sit my moeder op 'n klip;  
'n koue gril kruip my rugkant op!  
Daar sit my moeder op 'n klip,  
swaai heen en weer die kop.  
Sy wink nie, sy knik nie, die kop is swaar en seer,  
sy het so lank geslaap, sy waak nie meer,  
sy het geslaap dat ons plesier kon kry.  
Gelukkige tyd vir jou en my!

FAUST:

Help hier geen smeeek, help hier geen praat,  
jou weg te dra is al wat baat.

MARGARETE:

Laat staan my. Nee, ek duld geen geweld!  
Vat my nie so moorddadig aan.  
Ek het jou mos nooit kwaad gedaan.

FAUST:

Die dag breek! Liefste! Liefste!

MARGARETE:

Dag! Ja, dit word dag, die laaste dag;  
my troudag moes dit wees, so lank verwag.  
Laat niemand weet dat jy by Gretchen was.  
O wee, my krans!  
Dit is verskeur.  
Ons sien mekaar mos weer,  
maar nie by die dans.  
Die mense drom aan, jy hoor hulle nie.  
Die strate, die plein,  
is vir hulle te klein.  
Die doodsklok roep, die staf breek.  
Hulle gryp my vas hoe ek ook smeeek!  
Na die skavot sleep hulle my al,  
en elke nek voel reeds  
die skerpte wat op myne val.  
Die wêreld lê stom soos die graf.

FAUST:

O, was ek nooit gebore!

MEPHISTO (*verskyn buite*):

Nou weg! Of jy is verlore.

Vergeefs geaarsel! Getalm, gebabbel! Gou!

My perde staan onrustig en bewe, kom nou!

Die dag breek aan.

MARGARETE:

Wat kom uit die vloer op ons aan?

Hy! Hy! Laat hom trek!

Wat soek hy hier op die heilige plek?

Wil my hê!

FAUST:

Jy moet lewe!

MARGARETE:

Gerig van God! U het 'k my oorgegewe!

MEPHISTO (*teen Faust*):

Kom! Kom! Ek laat jou in die steek met haar.

MARGARETE:

Ek is die uwe, Vader! Red my nou!

O Engele, o heilige skaar,

omleër my om my te bewaar!

Heinrich! Ek is bang vir jou.

MEPHISTO:

Sy is gerig.

STEM VAN BO:

Sy is gered!

MEPHISTO (*teen Faust*):

Na my toe hier!

(*Verdwyn met Faust.*)

*Stem van binne sterf weg.*

Heinrich! Heinrich!

C. JACOBSZ:

## *Hande en Voete*

'n Halfuur voor sononder kon mens al voel hoe dit daardie nag gaan ys. Die oggend het dit nog gereent maar weldra sou die yl strepies wolke saam met die son gaan skuling soek teen die oostewind.

Waar die voetpad na die „plotte”, soos die dorpsmense hulle noem, deur die spruitjie gaan, lê die geel dryfsand glad en kaal tussen die wortels van 'n eensame ou wilgerboom.

'n Lang skraal seun staan op een van die kaal wortels. Met sy linkerhand druk hy 'n pakkie in fyn wit sypapier toegedraai styf teen sy bors vas. Met sy regterhand stut hy hom 'n oomblikkie teen die boomstam en spring dan oor die lopies om oorkant twee diep spore in die sand in te trap en dan haastig die wal uit te strompel.

Maar watter vreemde spore. Dis asof iemand 'n versteende hart in die sand afgedruk het: nie die hart wat 'n liefdespaartjie van welker op die boomstam uitgesny het nie meer eerder die afdruk van 'n hart wat met 'n vinnige walging vir die vogtige lewenswarmte daarin uit die borskas van 'n slagdier gegryp en na die afvalskottel gegooi word. Dit is horrelspore.

Die seun wat met die eienaardige gang van 'n jongperd met sy eerste ysters teen die oostewind voortsukkel is nie meer bewus van die hartspore wat hom volg nie. Dit is nou byna ses jaar dat hy nie meer aan hulle dink nie — ses jaar dat hy tweekeer elke week hierdie paadjie na die kunsklasse van Meester Van Duyn hier op die bult begin loop het. In hierdie jare het hy geleer om vergoeding vir sy gebrek te vind in die ontdekking en ontwikkeling van die gawe wat hom verander het van die teruggetrokke gebreke-like seuntjie van twaalf, wreed bespot deur sy skoolmaats, tot 'n doelbewuste en vertrouvolle jong man, geëerd deur almal ter wille van die talent wat hy dra en bemind vir sy vrygewigheid met hierdie gawe.

Sy lomp voete het vergeet geraak: selfs vanaand is hulle vergete. Sy gedagtes is besig met die maandelange arbeid wat hy teen sy bors dra en met die oortuiging wat daarmee gekom het — hy moét beeldhouer word.

Meneer Van Duyn antwoord op die geklop aan die stoepdeur. „Mensig, Simon, is dit jy? Wat soek jy hier in hierdie wind? Is daar iets verkeerd?”

„Nee meneer, ek wil net graag met meneer praat, asseblief; ek het vir meneer iets gebring.”

„Nou goed dan, maar vat maar eers die sleutel en wag in die ateljee. Hier is nog drie seuns wat hulle Latyn moet opknap. En . . . Simon, jy kan nou maar kyk.”

„Onder die doek, meneer? Regtig?”

„Ja, die doek is af. Gaan kyk maar, ek kom nou.”

Met die aanslaan van die lig trek die seun sy asem op. Onder die ateljeelamp staan die geheim waaraan Meester Van Duyn die laaste agt maande gewerk het. Dit is 'n pragtige houtsnepaneel, 'n reliëfbeeld van 'n baie jong steenbokkie en 'n baie ou ouvolk-akkedis wat vir mekaar wegskrik. Die bokkie het nader gekom om aan hierdie snaakse gedrog te ruik en is gevang in die oomblik dat hy terugdeins voor die groot oop mond van ou skurwejan wat angsewange na die swart neusie blaas.

Die seun voel-voel na 'n stoel en gaan in vervoering voor die kunsstuk sit, sy pakkie styf teen sy bors gedruk en so verdiep in wat hy sien dat hy nie eers die ander seuns hoor loop nie. Eers toe meneer Van Duyn aan sy skouer vat, praat hy half-indagtig sonder om om te kyk: „Sê vir my waarom het meneer dan juis hierdie twee diere gekies? Hoekom nie sê nou maar 'n slang nie? Hierdie ou skurwejan, al lyk hy nóg so lelik, is mos heeltemal onskadelik en kan die mooi bokkie tog niks maak nie.” Meneer antwoord eers nie: dan sê hy saggies aan die seun wat nog steeds na die beeld kyk: „Dit was juis die bedoeling, ou seun. So dikwels laat ons ons in ons onervarenheid en onkunde afskrik deur wat lelik of afstootlik voorkom, soos hierdie bokkie, en behou ons dan dié ongewortelde vrees deur al ons jare. Verstaan jy?” 'n Hele rukkie kyk die seun nog na die beeld, dan kyk hy skielik na sy voete en toe met 'n glimlag reg in die oë van sy meester.

„Kom ons gaan studeerkamer toe, Simon, dis te koud hier.”

Die leeslamp op die lessenaar gooi sy skaduwee oor die gesigte van die man wat sit en die seun wat teenoor hom staan. Die lig val op die lang smal hande van die seun wat die pakkie na vore hou.

„Ek het hierdie gemaak en wil dit asseblief vir meneer gee.”

„Maar baie dankie, Simon, kom ons kyk.”

Uit die wit sypapier en 'n dik laag watte haal die meester in elke hand 'n seepsteenfiguurtjie te voorskyn in die lamp- lig. In die linkerhand is die beeld van 'n meidjie van sowat agttien maande. Sy sit skuins, half-knielend op die één

beentjie; die opgeskuifde rokkie ontbloot 'n vet boudjie met die ander beentjie teruggevou daarlanges. Twee vet handjies is voor die bors saamgeslaan, die één 'n halfoop vuisie, die ander ietwat meer oop gespalk. Die gesiggie is opwaarts gerig en om die oop mond speel die trotse glimlag van 'n kleintjie wat 'n kordaatstuk verrig het.

Die ander beeld is groter — 'n meidjie van omtrent nege jaar, effens vooroor gebuk, één voet voor die ander, staande. 'n Ligte rokkie span styf om haar smal skouers en word deur die wind teen haar bene vasgedruk. Die hande is voor haar uitgestrek, hol gekelk asof om water te skep. Haar gesig is skraal, selfs maer, met 'n vriendelike trotse glimlag om die mond.

Meneer Van Duyn bestudeer hulle tydsaam, dan rangskik hy hulle teenoor mekaar in verskillende houdings maar kan nie tot 'n besluit kom nie. Niemand praat 'n woord nie. Net die hande wat ongesien in die lamplig oop en toe vou, verrai wat op die gesig in die donker nie te lees is nie. Uiteindelik kan die seun die spanning nie meer uthou nie.

„Meneer, ek is jammer maar die ore is nie reg nie en die grote se nek is te kort en die . . .”

„Simon,” val meneer Van Duyn hom in die rede, „het ek in ál die jare wat ek aan julle kunswerke wys al ooit weggeval met 'n relaas van die foute in 'n stuk? Jy weet tog dat mens eers moet vra wat die kunstenaar wou gehad het dat jy daarin moet sien, of liever wat hy self daarin gesien het. Jy moet jou afvra na sy boodskap, sy siening en sy inspirasie. Is daar meer as één boodskap daarin? Of 'n twyfel? Wat was sy geestestoestand, sy lewensloop wat die kunswerk voorafgegaan het? Jy moet jou só in sy gedagte-wêreld probeer inleef dat jy die drang voel om daardie selfde kunswerk voort te bring. Dit is om hierdie rede dat jy nooit genoeg van die biografieë van die kunstenaars kan weet nie. Eers later, liefs baie later, begin jy die werk te ontleed. Jy bestudeer sy tegniek, die vorm en afmetings van die beeld, die anatomie; jy soek foute en jy vind foute — maar steeds met die doel om daaruit te leer. Geen mensewerk is sonder foute nie maar elke kunswerk wat die naam werd is, moét 'n motief of 'n boodskap dra wat jy net kan aanvoel en nie in woorde kan vasvat nie. As jy dit in die stuk kan vind, het die arbeid geslaag. Slegs as die foute en onvolmaakthede jou by elke aanskouing van die stuk só in die oë vlie dat hulle die boodskap verdring, slegs dan is die stuk 'n totale mislukking en het hy nie sy skeppingsdoel bereik nie.”

„Maar jy moet my eers help. Ek stel my voor dat jy die dankvolle vertrouwe van 'n kindergebed wil voorstel maar daarvoor is die uitdrukking op die kleintjie se gesig vir my nie heeltemal reg nie.”

„Nee meneer, ek het nooit so daaraan gedink nie,” antwoord Simon huiwerend. „Dit is maar net die twee kinders van ons ou wasmeid. Ek sal meneer vertel. Elke Donderdag bring dié twee die wasgoed terug; die grote kom met die bondel op die kop en die kleintjie op die heup. Die bondel word op die agterstoep neergesit en Ouma kom uit met haar beursie in die hand. Die grote sit dan die kleintjie neer — kyk, só soos ek hulle hier skuif, met die kleintjie half tussen haar voete. Dan, so mét die orentkom, slaan sy haar hande saam en hou hulle só voor haar om die geld te ontvang. Eén dag het ons lekker gelag want toe die grote haar hande uitsteek, klap die kleintjie so ewe agterna, met die koddigste uitdrukking op haar gesiggie. Nou is dit 'n gereelde ding en sy kry dan ook altyd haar lekkertjie of 'n koekie. Ouma het my vertel hoe hulle van kleinsaf geleer word om op hierdie manier dankie te sê selfs vir wat hulle verdien het en op geregtig is.

Ek het eers van klei twee beelde gemaak en hulle begin afwerk. Maar die hande en kaal voete kon ek nie na my sin kry nie. Toe het ek besluit op seepsteen nadat ek eers baie geoefen het. En só, met die werkery, meneer, het die begeerte gekom om die twee beeldjies vir meneer te maak — ek weet nie hoekom juis hierdie twee nie.”

Meneer Van Duyn het lank stilgesit met sy gesig in die skaduwee. Toe haal hy sy sakdoek uit, vee sy bril af, snuit sy neus hard en begin weer praat.

„Simon, ek weet nog nie wat ek moet sê nie. Ek kan nie vir jou vertel hoeveel ek dit waardeer nie of wat alles in my gemoed omgaan nie. Ek gaan nie eers probeer nie.”

Hy tel weer die stukke op en dié keer bekyk hy hulle met 'n vergrootglas. Baie noukeurig bestudeer hy die hande, dan skielik bekyk hy die voete — die grote s'n maer met duidelike senings en are wat afloop na lang tone, effens wyd uitmekaar. Van die kleintjie wys net die hak en sool van één voetjie, volmaakte voetkussinkies en vet ronde toontjies. Almal is toonbeelde van welskaphed. Hy praat weer:

„Simon, ek weet nou wat ek moet doen. Eers wou ek my eie werk hiervoor gebruik maar nou het ek anders besluit. Ek gaan nie jou geskenk aanneem nie. Hierdie twee is baie geld werd: ek gaan jou help om hulle te laat giet en van die hand te sit. Dan gaan ons met dié geld betaal vir die

operasie wat jou voete vir altyd sal regmaak. Dit sal jou beloning wees."

Hy begin om die beelde weer mooi in die sypapier toe te draai. Hy merk nie hoe die gespanne hande in die lamp se lig tot stilstand gekom het nie en nou stadig langs die seun se sy afsak totdat hulle in die skaduwee van die tafel verstom.

„Hier, pas hulle mooi op tot jy van my hoor; hulle is vir jou baie werd."

„Dankie meneer . . . en . . . dankie meneer."

Die seun neem die pakkie en stap na die deur.

„Wag, Simon, hier is jou watte, ek het dit vergeet."

Simon neem die watte in sy linkerhand, die beeldjies knyp hy onder sy elmboog vas; met sy regterhand tel hy sy hoed op en draai die deur oop.

„Nag, meneer, . . . en . . . dankie meneer."

„Nag, ou seun, loop versigtig, hoor."

Die seun stap die helder winternag tegemoet.

\* \* \*

Dit was bitter koud daardie nag. In één van die grys ligkollie in die spruit lê 'n wit pakkie — half in die water en half op die sand, ingetrap in die spoor van 'n hart.



W. VAN HEERDEN:

## Tuinjong met Olifantsiekte

*Met sy been soos n boomstomp is hy uitgestuur  
om die blydskap tussen ons terug te bring;  
opdat ons ons seëninge tel; beseef hoe duur  
en wankel die vreugde is; dat ons weer sing.*

*Hy wandel met sy honger en sy werksoekoë  
om vermeende griewe te verdamp uit ons hart;  
dat ons dankbaarder ons dae gaan, ingetoë,  
gedagtig aan n naakte en waaraytige smart.*

*Dat die geluk relatief is, dit is oud en waar,  
en bly hol woorde, slim of vroom,  
toddát jy die betekenis vannuuts ervaar  
by n siel geknelter aan n been soos die stomp van n boom.*

*Die kern van n werklike verdriet  
is sy alleenspraak: dat sy haat en stryd  
gaan teen die eggolose niet,  
teen God se onverskilligheid.*

A. ALBERTS:

## Simson

I

*Hy wat die poorte van 'n stad verbreek het,  
wat soos die olifant 'n pad kon trap,  
maal, nou dat hul sy oë uitgesteek het,  
geduldig in sy donker ballingskap.*

*Veel taaier as 'n muil, die blinde dier,  
beur hy deur wanhoop kromgeboë,  
en vir die arbeid oefen elke spier.  
Maar in sy vals berusting ingetoë,*

*is hy verblind ook vir die suiwer krag  
wat deur sy goedgevoede spierstel tril;  
want met 'n deel van elke arbeidsdag  
se meel mog Simson nog sy honger stil.*

*Wreedvaardig sterk, maar oogloos, maal hy nou,  
terwyl hy oor 'n dooie haardos rou.*

## II

Toe hy 'n reuse-meulsteen lig,  
hoor hy die tronkbewaarders fluister:  
„'n Bygeloof het hom laat swig,  
maar hy verkeer nog in die duister.

„Pasop vir hierdie maanhaarleeu,  
al is sy mane afgeskeer;  
wanneer die wraaklus deur hom skreeu  
sal net sy blindheid hom kan keer!

„Deur sluwe planne te gebruik,  
bereik strateë elke doel;  
hul dag: ,berooft hom van sy pruik,  
hy sal hom daarna swak gevoel.’’

Hy wis dit nou, en ongemerk  
toets hy sy arms in die werk.

## III

Sy lokke af, sy oë blind,  
sy vryheid weg, maal Simson nou.  
Hy leer van voor af soos 'n kind  
op eie krag alleen vertrou.

Dog spoedig kom sy laaste kans,  
want op 'n groot oorwinningsfees  
waar vorste en vorstinne dans,  
moet hy as slaaf gediensdig wees.

Hul het sy hare vir die skou  
tot op sy kopvel afgeskeer,  
tog trek hy daardie swaar gebou  
op hom en sy oorwinnaars neer.

En toe hy sterf het hy miskien  
net vir 'n oomblik lig gesien.

T. J. HAARHOFF:

## *Wat is 'n Tragedie*

Die Opvatting van Aristoteles, met verwysing na  
*Periandros van Korinthe*.—P. J. Opperman.

(Oppedra aan die nagedagtenis van my vriend, C. M. van  
den Heever, met wie ek meermale hierdie onderwerp  
bespreek het)

Die moderne letterkundige kritiek het Aristoteles se werk oor die digkuns grotendeels opsy gestoot — dikwels omdat dit nie verstaan is nie. Want dit vereis diep en sorgvuldige studie om die beknopte aantekeninge, wat Aristoteles vir sy studente oor hierdie onderwerp gemaak het, reg te verstaan. Daar is veel wat verswyg is en as ons die volle „aureum flumen” — soos Cicero die filosoof se styl beskrywe — in ons besit gehad het, sou dit minder nodig gewees het vir kommentators om soveel ink te verspil. Die Griekse teks bevat omtrent 45 paginas en die kommentaar van Castelvetro meer as 700. Selfs die Oxford-uitgawe van Bywater het 'n kommentaar van 263 bladsye en die groot Duitse uitgaaf van Gudeman 395. Iets dergeliks sou geld vir die Italiaanse edisie van Rostagni; ongelukkig kon ek nie die 2de druk van sy *Poetica* te sien kry nie.

Nie alleen is die werk beknop en kripties nie, maar dit is onvolledig. Dit lyk, naamlik, of die verhandeling oor die blyspel verlore gegaan het, en asof ons 'n opsomming daarvan het in die drie bladsye van die *Codex Coislinianus*, waarvan 'n professor van Engels, Lane Cooper, sê dat dit meer werd is as al die latere verhandelings oor die komedie.

Wat ons besit van die Poietiké gaan hoofsaaklik oor die treurspel; en, ten spyte van moderne letterkundige modes wat dikwels die onrus en onstandvastigheid van ons tyd openbaar in allerlei grillighede, vind ons ook in hierdie brokstuk die deurdringende waarheidsbesef van die Meester van Hul wat weet — soos Dante hom genoem het, *il maestro di color che sanno* (*Inf.* 4. — 131) die tipiese Griekse eienenskap van die fundamentele raaksien deur die verwarring van die bykomstige.

Een van die modernste en invloedrykste letterkundige kritici, I. A. Richards, leier van die semantiese en soms anti-historiese skool van Cambridge, waarteen daar reeds 'n reaksie ingetree het in Engeland, het gesê omtrent die *Poietiké*: „Aristotle was at least as clearly and fully aware of the relevant facts and as adequate in his explanations as

any later enquiries." (*Principles of Literary Criticism*, p. 71.)

En, inderdaad, die essensiële begrip van die aard van die tragedie bly, m.i., onveranderd en kan nog gebruik word as 'n maatstaf vir moderne kuns. Maar dan moet ons die terme reg verstaan en die nie-fundamentele begrippe wat betrekking het alleen op die tyd van Aristoteles uit die weg ruim.

Een van die groot struikelblokke vir die moderne mense is Aristoteles se gebruik van die woord MIMESIS. Dit word vertaal deur 'imitation' in Engels en 'nabootsing' in Afrikaans. Maar dit beteken seer seker nie 'n fotografiese of meganiese reproduksie nie. Dit is veeleer 'n weergawe van 'n skeppende kunstenaar en bevat dus 'n mate van POIESIS. Só word dit ook deur 'Longinus' en Horatius verstaan en dit is wat Shakespeare bedoel met „holding up the mirror to Nature”. Die beroemde skrywer, Somerset Maugham, sê: „There are authors who state that they never have a living model in mind when they create a character. I think they are mistaken. They are of this opinion because they have not scrutinised with sufficient care the recollections and impressions upon which they have constructed the person who, they fondly imagine, is their invention . . . The great writers of the past made no secret of the fact that their characters were founded on living people.” (Inleiding: „Altogether, bl. xxv’). In hierdie verband kon ons ook dink aan die uiteensetting van W. F. Jackson Knight in sy *Roman Vergil* van „Integration” in die gemoed van die digter. Dit is soos Aristoteles bedoel: iets word aan die digter gegee deur die lewe en van hom kry ons 'n weergawe gesmee deur sy skeppende vermoë: *mimesis* omgevorm deur *poiesis*.

Gilbert Murray, op wie dit nou mode is om pyle van kritiek te rig, onder leiding van T. S. Elliot en soms deur mense wat geen Grieks ken nie, vertel êrens hoe hy 'n vertaling van 'n reisang uit die Griekse tragedie maak. Eers is daar die stadium van *Methexis*, die gedig word 'n deel van hom, dit gis en kook in sy gemoed; dan word dit gesmee deur die persoonlike assosiasies van sy digterlike gees, omgeskep deur POIESIS wat nogtans gebaseer is op grondige kennis; en eindelik is daar MIMESIS: daar is die oorspronklike en daar is die weergawe van die oorspronklike, die vertolking van die digter wat nie alleen intellektueel verstaan nie maar wat ook voel. „Griechisch zu empfinden’ is die vereiste wat die groot Wilamowitz gestel het vir die humanis.

*Mimesis* in hierdie sin is skeppende kuns. Die lewe gee vir die digter iets in die vorm van 'n gesig, 'n gedagte, 'n ondervinding. Van die digter kom 'n weergawe, maar nie in enige letterlike sin nie. Selfs 'n vertaling van 'n kunswerk mag nie letterlik wees nie: die letter maak dood as dit afgeskei is van die geestelike lewe. As jy met nie-kunswerke te doen het, kan jy wel letterlik wees. In Eukleides pas die woorde mekaar absoluut. *Grammé* beteken ‚lyn‘ en niks meer of minder nie; *gonia* is ‚hoek‘ en ons weet presies wat dit beteken. Maar by 'n kunswerk het die woorde assosiasies, naklanke. Hul staan nie in skerp-omlynde isolasie nie; hul is deel van 'n konteks wat letterkundige waarde vir ons besit en wat nodig is om die gedig ten volle te verstaan. Die moderne Semantiek toon aan hoe woorde hul betekenis met die tyd verander. Daarom is dit nodig om 'n stuk histories te benader en die woorde in hul eie omgewing te verstaan. By voorbeeld as ons Milton se *Lycidas* lees sonder om Theokritus of Virgilius, wat so lewendig 'n deel van die gedagte uitgemaak het, te verstaan, sonder om die assosiasie en naklanke van die woorde te begryp en te voel, kan die letterkundige waarde van die gedig vir ons heeltemal verlore gaan. Dan word ons verblind deur onkunde — 'n onkunde wat vandag in sommige kringe verhef word tot 'n deug. Dieselfde sou geld van Vondel se *Leeuwendaelers* en die gedigte bv. van P. C. Boutens en Perk en Kloos en die werk van Vosmaer.

Vir ons in 'n jong land soos Suid-Afrika is dit meer as ooit nodig om die historiese benadering van letterkunde aan te kweek en nie tevrede te wees met oppervlakkige algemeenhede oor die Klassieke nie; want meer as ooit is dit nodig om ons Westerse Tradisie te verdedig; en om dit te doen, moet ons dit eers verstaan.

Teenoor die *Mimesis* van Aristoteles — dikwels gebrekkig begryp — stel sommige, soos Croce, daardie oorwerkte idee — self-ekspressie. Toe die trotse moeder haar dogter na die groot kunstenaar in Parys neem en verklaar dat self-ekspressie haar ideaal was vir die kind, kry sy tot antwoord: „Mevrou, die ekspressie van jou dogter se persoonlikheid is van belang alleen vir haar en vir haar moeder“. Die persoonlikheid moet opgebou word voordat daaraan met voordeel uiting gegee kan word; en vir die opbouing is die klassieke stukke wat die toets van die tyd deurgestaan het, maar wat tydelik oorskadu word deur afwisselende modes, van groot belang. Aan die ryk toeris met die vet sigaar wat smalend oor die tegniek van die kunsstukke in die Pitti-gallery van Firenze gepraat het, is toegevoeg deur een

van daardie ervare beamptes wat 'n werklike kennis besit: „Meneer, hierdie stukke word nie getoets nie; dit het reeds gebeur; dit is *u* wat getoets word”. Ons onthou die raad van Aristoteles en „Longinus” wat deur Horatius geboek is:

*Vos exemplaria Graeca,*

*nocturna versate manu, versate diurna.*

*By nag deurblaai die klassieke van Griekeland, blaai ook by dag.* In ons tyd het ons op eksamenkomitees dikwels die voorstel aangetref om Vondel en Shakespeare totaal uit te skakel. Onkunde van dié aard bring ons tot 'n armoede van standarde en tot die heerskappy van sentiment en vooroordeel. Maar vandag in Europa kom die ou staatmakers in die letterkunde terug. En terwyl moderne professore praat van „the progress of poesy”, in die sin dat die modernste vormloosheid in die heilige naam van Vryheid die hoogste ontwikkeling voorstel, kan ons onthou dat in die epos die eerste digter, Homerus, ook waarskynlik die grootste was; en terloops kan ons daarop let dat Aristoteles modern genoeg was om te sê dat versmaat, die onderafdeling van ritme, nie noodwendig is vir 'n gedig nie. Hy sou dus die vrye verse van Tagore of van die Psalme as poësie aanvaar het.

Maar wat is die kern van 'n tragedie? Ons ken natuurlik die beroemde definisie in die sesde paragraaf van die Poëतिकé. Tragedie is die weergawe van 'n handeling van „ernstig” is — *spoudaiois* — in die sin dat dit die ‚gravitas’ of lewenserns van die held, die man van gewig, en van die lewe in die algemeen, bevat. Dit moet volledig wees — *teleiois* — in die sin dat daar 'n begin, 'n middel en 'n end is, 'n organiese ontwikkeling van een progressiewe eenheid, soos die lewe van 'n dier of mens, nie die eenheid van 'n meganisme waarin jy die onderdele kan rondskuiwe en afsonderlik verwyder nie. Daar moet 'n knoop, 'n komplikasie wees en eindelijk 'n denouement, 'n ontknoping; en by die ontknoping waarsku Aristoteles teen die gebruik van die *deus ex machina*. Die einde moet kom as die werking van oorsaak en gevolg. Hier is die eenheid van handeling, die enigste sogenaamde ‚eenheid’ waarop Aristoteles klem lê. Want ons weet dat die gewone formulering van die drie eenhede die werk is van Italiaanse kritici van die 16de eeu. Die eenheid van plek, ofskoon gebruiklik, aangesien die Griekse teater nie 'n gordyn gehad het nie, word nooit deur Aristoteles genoem nie; en word ook in die praktyk gewysig, bv. in die laaste deel van die *Eumenides*. Van die eenheid van tyd sê Aristoteles dat dit gebruiklik was vir die tragedie om binne 24 uur af te speel, maar hy sê nie dat dit verplig-

tend was nie; en in die *Agamemnon* is daar 'n tussenpose van etlike dae na die aankondiging van die val van Troje en die aankoms van die Griekse leër uit Troje. Nogtans is die konsentrasie van tyd in belang van goeie drama. Somerset Maugham sê in sy inleiding tot sy dramatiese kortverhale: „Chekov preached compactness”. As die handeling oor 'n lang tyd versprei lê, is dit moeilik om die dramatiese eenheid volkome te bewaar.

Maar eenheid van handeling is die groot vereiste. Die slegste drama is dié wat episodies is: 'n opeenhoping van los tonele sonder 'n deurvloeiende dramatiese lewe. Dis 'n fout van sommige skrywers, sê Aristoteles, om te dink dat as jy 'n drama oor een persoon, bv. Herakles, skrywe dat daar noodwendig 'n eenheid sal wees. Jy moet nie soos die geskiedskrywers wees nie (en hier is Aristoteles enigszins onbillik teenoor Herodotus) wat 'n katalogus van gebeure maak en een ding chronologies op die ander laat volg. Want die digkuns is meer filosofies as die geskiedenis: hy soek na 'n universele beginsel. Nie wat met Jan Smit gebeur het op Maandag en toe op Dinsdag en Woensdag nie: maar die soort van ding wat noodwendig of waarskynlik met mense van Jan Smit se aard sal gebeur. Want die basiese eienskappe van die menslike natuur is standhoudend (Toynbee en die skrywer van *Der Untergang des Abendlandes* huldig ook dié standpunt) en sekere omstandighede in verbinding met sekere karakters veroorsaak standhoudende gevolge. Die gebeurlikhede van die alledaagse lewe vorm 'n onsamehangende warreboel: ons spring van die os op die esel en dikwels vind ons nòg kop nòg stert. Die digter moet 'n keuse maak en die bykomstige uitskakel om die onderliggende verbinding van oorsaak en gevolg bloot te lê. Hierdie logiese volgorde word verwar deur die tuimelende gebeurtenisse van die objektiewe wêreld. In die Aristoteliaanse drama moet die skakels tussen die gebeurtenisse duidelik aangetoon word. Dit is wat Aristoteles „digterlike waarheid” noem in teenstelling met historiese waarheid, d.w.s. die waarheid van die kroniekskrywer wat net met *post hoc* te doen het en nie met *propter hoc* nie. Aristoteles wil hê die digter moet onder die oppervlakte kyk van objektiewe gebeure en die morele wet van oorsaak en gevolg verduidelik deur die regte momente uit te kies. „There is but one art”, skrywe Robert Louis Stevenson in sy *Brieue* in verband met letterkundige komposisie „to omit”; met ander woorde: By 'n kunswerk moet daar seleksie wees. Dit is wat in die verwante genre van die Epos gebeur: Homerus vertel nie alles, soos 'n kroniek-

skrywer nie. In die *Ilias*, die epos van oorlog, is daar in die 24 boeke net 4 dae van werklike gevegte: daar is geen poging om al die aktiwiteit van die tienjarige beleg te beskrywe nie. So ook in Vergilius se *Aeneïs* word die byna sewejarige omswerwing, in die verhaal van Aeneas aan Dido oorbrug in wat 'n episode (Boeke 2 en 3) genoem kan word. „While thus in episode”, skryf Richards, (*The Aeneid* of *Virgil*, bl. 9) „we cover easily the seven previous years, the straightforward action of the poem is confined to ten or at most thirteen months. The effect is concentrated, the movement is continuous; and, once Aeneas lands in Italy at the beginning of Book VI, the speed of this action immediately and increasingly quickens. The last six books are the story of only twenty-one days, of which twelve are devoted to the truce for the burial of the dead in Book XI.” En die drama vereis 'n skerper mate van organiese eenheid as die epos.

Die groot skrywers kies die hoogtepunte uit wat hydra tot die organiese eenheid van die stuk; en die eenheid moet sodanig wees dat jy nie een episode kan verwyder sonder om skade te doen aan die stuk as geheel nie.

Moderne skrywers het beswaar gemaak téen hierdie hegte eenheid. Die lewe is nie so nie, sê hulle. Die lewe is 'n warreboel van onsamehangende drade, nie 'n netjies ingedeelde skema nie. Daarom moet die skrywer die lewe naboots deur die drade los te laat hang.

Maar dit hang af watter soort lewensfilosofie jy huldig. As jy meen, soos baie mense vandag wat hulself wetenskaplik noem, dat die objektiewe, uiterlike wêreld die enigste werklikheid is, dan sou jy so 'n opvatting instemmend verwelkom. Maar as jy met Plato glo dat die blywende werklikheid in die geestelike ryk lê, dat, soos Paulus sê, die dinge wat ons sien met die fisiese oog verganklik is, en die dinge wat ons nie sien nie ewig standhou; as jy met Vergilius glo *quisque suos patimur manes*, ons verduur almal die noodlot wat ons self opgebou het, d.w.s. die onomstootlike wet van oorsaak en gevolg, waarvolgens, soos die Nuwe Testament sê, ons maai wat ons saai, *ut sementem feceris, ita metes*; dan sal ons verby die uiterlike gaan en selfs verby die aardse lewe om die beginsels van die menslike lyding in die lewe vas te stel. Die oënskynlike los hang van drade sal maar 'n fragment van die geheel wees en ons sal soek na die patroon wat geweef is deur die godheid, maar onderwerp is aan die vrye wil van die individu wat in sy blindheid die plan van sy lewe kan wysig of tydelik, altans, verongeluk. Plato, Vergilius en



# 1 9 5 8

Geagte Leser,

Die Redaksie en Administrasie van die TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE wil u veel seën toewens met die feestyd wat voor die deur is, en u ook van harte bedank vir u steun in die afgelope jaar.

Tewens wil ons weer eens u welwillende steun vra vir die volgende jaargang (VIII, 1958), waarvoor die nodige voorbereidings nou gemaak word. U kan ons help deur u intekening te hernuwe, deur vir u vriende in te teken as 'n feesgeskenk, en deur by u kennisse vir ons op te tree as voorspraak. Ons stuur graag op versoek nommers ter kennismaking. Die Tydskrif behoort nie te ontbreek in die woning van elke goedingelike en opregte Afrikaner nie!

Ons Tydskrif word in steeds wyer kringe gelees waardeur die Afrikaanse Skrywerskring in staat gestel word om gesonde, opbouende leesstof te voorsien.

Ons sal u hulp by die verdere uitbreiding van ons leserskring ten seerste waardeer. Help ons leserskring uitbrei en u help ons voortbestaan verseker! Stuur net die name en adresse van moontlike lesers aan ons, en ons sal verder self sorg.

MEJ. S. VICTOR,  
Administrasie Sekretaresse.

Posbus 57,  
Northcliff, Johannesburg.  
1 Desember 1957.

Intekengeld: 20/- per jaargang, vooruitbetaalbaar.



die Stoicyne het geglo in die Voorsienigheid en Alexander Pope het die beginsel mooi gestel in sy koeplet:

*All Nature is but Art, unknown to thee,*

*All chance, Direction which thou canst not see.*

Ook in Shakespeare vind ons: „There is a Destiny that shapes our ends, / Rough — hew them how we will.”

As ons die saak so bekyk, sal 'n kunswerk wat op hierdie basis gebou is, nader aan die werklikheid vir ons wees. En wanneer ons lees: „The crucial distinction which separates Greek from Renaissance and modern tragedy (is) the shift of interest from the divine to the secular,” sal ons voel dat die klassieke uitkyk 'n dieper soort tragedie gelewer het (Artikel in *The Times Literary Supplement*, 14.12.56, oor twee boeke: T. R. Henn: *The Harvest of Tragedy* en H. D. Kitto: *Form and Meaning in Drama*).

Dit is natuurlik moontlik vir die vereerders van James Joyce se *Ulysses* om 'n werk te bewonder wat elke gedagte en elke daad van oomblik tot oomblik realities te beskryf. Ongetwyfeld kan ons op dié wyse 'n *tour de force*, 'n kragtoer, kry; maar ek weier om te glo dat hierdie soort realisme, en ons het wel deeglik realisme ook in die antieke wêreld, 'n algemene basis vir die skryfkuns kan word. Die grootste letterkunde van die wêreld bewys die teenoorgestelde.

Maar Aristoteles sê ook die tragedie moet grootsheid (*megethos*) besit. Ek glo dat hy met *megethos* nie alleen 'n sekere grootte bedoel nie, maar ook grootsheid, verhewenheid, byna wat Longinus met *hypsos* aangedui het, 'n verhewe styl wat uitgaan van 'n groot gees. Die held moet nie 'n onbeduidende vent wees nie. Ons moet hom kan bewonder en die rol wat hy in die samelewing speel moet belangrik wees. Aristoteles lê te veel klem op die maatskaplike status van die held en sy politieke posisie. Dit sou ook moontlik wees om 'n held te kies van 'n onbeduidende sosiale status, maar wat groot is van gees; en die held wat maatskaplik hoog staan maar 'n minderwaardige of gemene gees vertoon, sou ook nie beantwoord nie.

So kan ons Oedipus van die staanspoor af bewonder, want hy wil alles doen om sy volk te help teen die plaag wat hul verwoes en is so ernstig om die wortel van die kwaad te vind dat hy voortgaan met die ondersoek tot sy eie verderf. So kan ons selfs Kreon in die *Antigone* bewonder ten spyte van die feit dat die simpatie van Sophokles by die prinses lê, omdat hy die standarde van 'n deeglike regeerder wil handhaaf, al oordryf hy die verering van die staat, al stel hy dit bo die mens en menslike verhoudings.

Maar ons moet nie alleen die held kan bewonder vir die grootsheid van sy daade en eienskappe nie: ons moet ook kan medelye voel met sy val. Die weergawe (*mimesis*) van die digter, sê Aristoteles (*Poet.* 1452 A) is nie alleen 'n volledige handeling nie, d.w.s. 'n handeling wat 'n organiese groei en eenheid vertoon, maar ook 'n weergawe van vreeslike en jammervolle gebeurtenisse, gebeurtenisse wat medelye opwek. En in sy definisie sê hy dat die funksie van die tragedie is om deur medelye en vrees 'n *Katharsis* te bewerk van hierdie en dergelike emosies. Ek kom later terug na die woord *katharsis*. Ons sien dan 'n bewonderenswaardige man wat deur die sameloop van omstandighede en 'n gebrek in homself onvermydelik in rampe gestort word. Uiterlik beskou, lyk dit of 'n goeie man gestraf word meer as wat hy verdien, asof hy 'n prooi van die Noodlot geword het. Ons voel dat hy ons menslikheid met ons deel maar bokant die gewone uitstyg. Hy is nie 'n man van fouteloos en ideale deug nie, maar 'n man van hoogstaande verdienste wat ook erfgenaam is van die menslike onvolmaaktheid. En hy val nie deur 'n skurkedaad wat sy val sou regverdig nie, maar deur 'n gebrek — moreel of intellektueel of albei — wat saam met sekere omstandighede sy huis van geluk in duie laat stort. Ons voel, van ons menslike standpunt, 'n sekere onverdiende element in sy val, 'n soort van ironie van die Noodlot.

Die held wat nie ons bewondering of medelye wek nie soos die held in Ibsen se *Rosmersholm* of in Dreiser se *American Tragedy* en wat maar 'n powere soort figuur slaan, beantwoord nie aan Aristoteles se vereistes nie. En dan weer die onskuldige man wat deur rampe getref word sonder oorsake wat uit sy karakter spruit, 'n held soos Job, maak ook nie die ware tragiese emosie gaande nie. Ons moet voel dat selfs die goeie eienskappe van die held ironies saamwerk met omstandighede om sy val te weeg te bring en ons roep uit met Shakespeare: „the pity of it, Iago! Oh, Iago, the pity of it!” So is dit met die groot figure van die drama — met Koning Lear, met Oedipus, met Sohrab in die gedig van Matthew Arnold.

Daar is ironie en onvermydelikheid, daar is die gevoel van medelye, die „lacrimae rerum” van Vergilius (ek glo nog in die algemene menslike betekenis van hierdie woorde).

Aristoteles sê ook (1452 A) dat die dramatiese gebeurtenisse mees doeltreffend is wanneer hul gebeur as 'n verrassing, teen die verwagting van die gehoor in, maar tog saamgebind deur die wet van oorsaak en gevolg. En dit herinner ons aan een van die belangrike elemente in die

Aristotelianse tragedie, die *Peripeteia*. Die woord is afgelei van *peripipto* wat beteken om in duie te stort. Die voorspoedige toestand van die held word geruïneer, en die Engelse vertalings praat gedurig van 'a reversal of fortune'. Maar al wat Aristoteles van *peripeteia* sê is: die verandering van een toestand van sake (*tōn prattomenōn*) in die drama tot die teenoorgestelde. Nou het die Duitse geleerde Vahlen in 1860 aan die hand gegee dat *peripeteia* nie soseer 'n ommekeer van materiële welvaart aandui nie, maar 'n ironiese ommekeer van wat die held na strewes. In sy blindheid (*até*) streef die held 'n sekere doel na maar hy bewerk net die teenoorgestelde van sy doel. Oedipus onderneem in alle erns en met die hoogste motiewe die ondersoek na die moordenaar van die vorige koning. Die gehoor weet dat hy self onbewus die moordenaar was en hul aanskou met spanning die tegniek van die digter in die ontplooiing van die komplot. Dit is die s.g. ironie van Sophokles. Maar die onvermydelikheid wat spruit uit die samevloei van sekere omstandighede met 'n sekere soort karakter gee ook die gevoel van die ironie van die noodlot. Ons hoor veel in Afrikaanse boeke van Noodlotsdrama en dit word dikwels verstaan as drama waarin die gode die handeling meganies bepaal en die mense as pionne op 'n skaakbord rondskuif. Maar die onvermydelikheid wat Aristoteles beoog rus op die wet van oorsaak en gevolg en, ofskoon hy die mag van die godheid in die menslike lewe erken, teken hy protes aan teen die meganiese gebruik van die *deus ex machina* om die knoop deur te hak. Hierdie element van onvermydelikheid word ook deur Bernard Shaw beklemtoon in sy inleiding tot *Saint Joan*.

Oedipus, dan, soek na die moordenaar. Hy het Kreon opsettelik na Delphi gestuur om raad van die orakel te vra en die antwoord het gekom dat die plaag sal ophou as die moordenaar van Laios gevind is. Met groot besorgdheid vir sy volk doen Oedipus 'n beroep op die publiek vir die ontdekking van die skuldige en spreek 'n vloek oor hom uit as hy nie te voorskyn kom nie. Hy ontbied die Siener Teiresias wat onwillig is om te praat. Met sy ingebore oplopendheid, tart Oedipus hom uit, totdat Teiresias gedryf word om aan Oedipus te sê: „Jy is die man.” Maar dit lyk so onwaarskynlik, so belaglik, dat Oedipus werklikwaar die Siener en ook sy skoonbroer Kreon beskuldig van 'n komplot teen hom. Hier het ons m.i. die *hamartia*. Daar is 'n moderne neiging om *hamartia*, die Nuwe Testamentiese woord vir 'sonde', op te vat in 'n bloot intellektuele sin, verkeerde oordeel, 'error of judgment'. Humphry House in

sy stimulerende boek, *Aristotle's Poetics*, 1956, huldig, soos Cheppard en baie ander, hierdie standpunt. Maar selfs hy sê: Aristotle „assumes as a matter of course that *hamartia* is accompanied by moral imperfections” (p. 95). Ek gaan verder en sê die verkeerde oordeel word *veroorzaak* deur die morele tekortkoming. Waarom oordeel die held verkeerd? Omdat daar, gewoonlik, ’n morele gebrek in sy karakter is; hy word verblind, *até* vang hom, omdat hy toegee aan *hubris* of iets dergeliks. *Hamartia* sluit die intellektuele sowel as die morele element in. So het ons ’n gebrek in Oedipus se karakter, sy impulsiewe humeur wat lei tot *até* en verkeerde oordeel. Reeds voor die drama begin, het hy by die kruispad vyf mense in die donker ontmoet; en, net omdat hulle hom gehinder het op sy reis, het hy vier van hulle doodgeslaan. En, in die loop van die ondersoek, wanneer Iokasté beseft waarheen dit gaan en hom wil oorreed om op te hou, gaan hy ongeduldig en impulsief voort — tot die afgryslieke en onverwagte ontdekking. Was dit nie vir sy *hubris* nie, sou hy Teiresias nie gedryf het om die noodlottige waarheid te openbaar nie of die waarskuwing van Iokasté in die wind geslaan het of die tweede herder met dreigemente gedwing het om die finale informasie te verskaf nie. Maar omdat hy ’n man van só ’n karakter was, moes hy onvermydelik handel soos hy gehandel het — daarin lê die kern van die tragedie — en op die rotse afstuur. En omdat hy ’n goeie regeerder was met die beste bedoelings, omdat sy goeie motief, om tot heil van sy volk die waarheid te vind, ironies sy eie ondergang bewerk het, kry ons vir hom jammer.

Op die *peripeteia* volg die *anagnorisis*, die beseft van die ware toedrag van sake as die skelle van die verblinde oë afval. Oedipus voel dat sy fisiese oë blinde gidse was en hy vernietig hulle: nie van hulle hang die beseft van die waarheid af nie. Daar is verskillende soorte *anagnoriseis*. Daar is die meer uiterlike soort soos die herkenning van Odysseus weens ’n litteken aan sy voet deur die ou bediende. Hier is dit beter dat sy self die ontdekking maak liever as dat Odysseus doelbewus die litteken aan haar sou toon en homself aan haar openbaar, soos Orestes teenoor sy suster in die *Iphigeneia in Tauris*. Dan is daar die opwekking van herinnering en die uitwerking daarvan, soos in die geval van Odysseus wat deur die lied van Demodokos herinner word aan sy vriende in die oorlog om Troje en begin ween sodat Aliknoos hom al dadelik identifiseer. Die beste soort ontdekking is dié wat geleidelik groei uit die handeling self soos in die Oedipus Tyrannus. Altyd ag Aristoteles

die uiterlike as van minder belang. So sê hy ook dat die decor van 'n tragedie die mins belangrike van die verskillende elemente is; terwyl in ons tyd die decor geweldig beklemtoon word, veral, natuurlik, in die bioskoop. Veel belangriker vir Aristoteles is die taal wat as kunsversiering in die verskillende afdelings van die tragedie moet dien; maar hier staan sy ontleding ver agter vir die estetiese benadering van daardie onbekende skrywer wat ons „Longinus” noem. Aristoteles is die ontledende wetenskaplike; „Longinus” is die kunstenaar wat voel. Aristoteles het min te sê oor inspirasie; Longinus verstaan ekstase in die Platoniese sin.

Daar bly nog die mees kontensieuse bewering in die hele verhandeling. Die definisie sê dat die tragedie deur middel van medelye en vrees 'n *Katharsis* bewerk van hierdie en dergelike emosies. Daar is baie moderne skrywers, soos F. L. Lucas, wat die idee van *Katharsis* totaal verwerp.

Gudeman in sy groot Duitse edisie sê botweg dat, wat die psigologiese betekenis van *Katharsis* betref, „ignoramus et ignorabimus”. Maar die saak is nie so desperaat nie. *Katharsis* is in oorsprong 'n mediese term wat purgasie beteken; en Aristoteles se geliefkoosde studie was die fisiese en biologiese wêreld. Hy was die seun van 'n Ioniese dokter. In verband met die tragedie moet *Katharsis* in oordragtelike sin verstaan word en iets soos „reiniging”, „verligting”, aandui. Die liggaam ly van tyd tot tyd aan 'n opeenhoping van stowwe wat 'n purgasie noodsaaklik maak; daarna kom verligting. So kom daar in die daelike lewe 'n opeenhoping en verwarring van gevoelens wat die helderheid van gesig dof maak en ons ongemaklik laat voel. As ons nou 'n groot simfonie aanhoor (Aristoteles sê in die *Politika* (VIII, 7) dat dit een van die funksies van musiek is om 'n *Katharsis* te weeg te bring) of ons 'n groot skilderstuk aanskou (liefs nie in 'n moderne galery nie!) of 'n groot drama gadeslaan, word ons gevoelens tot 'n hoogtepunt gebring, vind hul 'n uiting wat vir ons verligting gee. Daar kan 'n storting van tranes wees wat die fisiese teen-deel is van die geestelike verligting.

Hier het ons 'n gedagte wat aan Freud herinner met sy repressies en verligtings deur 'n uiting wat lei tot *Katharsis*. Nog duideliker vind ons dit in die ontwikkeling van die blyspel met sy vrugbaarheidsimbole. Na die lees van 'n groot gedig word ons verhef tot 'n hoër peil. Ons vergeet al die bykomstige laste en ergernisse wat ons omring en sien die lewe in perspektief. Ons asem 'n reiner lug in en sê met Vergilius *hic largior aether*. Ons — miskien moet ek

sê: sommige van ons, want mense verskil — styg met die digter na 'n ander sfeer. Ek sê sommige, want dit is waar, soos Plato in die Phaidros sê, dat vlerke eers moet groei.

Aristoteles noem spesifiek die emosies van medelye en vrees, maar hy sê *tôn toioutôn*, van dergelike aandoeninge. Hy bedoel, meen ek, al die gevoelens wat ons lastig val as gevolg van die alledaagse moeilikhede van die lewe. Ons leer hoe om hulle onskadelik te maak deur ons emosies in die rigting van 'n groot kunswerk te stuur; ons ondervind 'n aangename verligting, 'n *Katharsis*. In sy *Etika* (II, 6) noem Aristoteles vrees en medelye en, in die algemeen, plesier en pyn as ondervindings wat in oormaat gevoel kan word. En hy sê ons moet leer om hul op die regte tyd te ondervind, met betrekking tot die regte persone, met die regte motief en op die regte manier. Ons moet hul nie onderdruk nie, maar deur die regte uiting tot 'n gesonde toestand bring. Dit is 'n homeopatiëse behandeling: *similia similibus curantur*. So sê hy (Polit. VIII, 7) dat mense vir wie orgiastiese musiek te opwindend is, deur „hierdie heilige melodieë” teruggebring word tot 'n normale toestand, asof hul medies behandel is en 'n *Katharsis* ondergaan het. So sê Milton in die inleiding tot *Samson Agonistes* omtrent die emosies dat die doel van die tragedie is „to temper and reduce them to just measure with a kind of delight, stirred up by seeing those passions well imitated”. En in die Franse edisie van Hatzfeld en Dufour (1899) word die doel van *Katharsis* gestel as beperking van emosie tot die regte maat. Baie mense vandag spandeer hul emosies op sensasie-romantiek of moordverhale of gruweldade en gewelddadig, waarin die koerante hul verlustig. Hoeveel beter as hul 'n uiting sou kry vir hul emosies deur middel van waardige onderwerpe soos 'n groot tragedie wat die bykomstige uitskakel in die fundamentele en onveranderde ondervindings van die mens behandel. In hierdie moderne leer van verligting vind Aristoteles 'n aanknoping met Freud, sonder Freud se uitspattendheid, en staan hy teenoor Plato. Want Plato het so 'n tragiese ondervinding gehad van die oplopende emosies van die Atheners wat eers die Atheense Ryk en toe sy geliefde meester Sokrates vernietig het, dat hy in sy ideale staat alles wou vermy wat die gevoelslewe kon aanmoedig. Hy het dus gemeen dat drama wat die emosies voed, vermy moes word. Maar Aristoteles staan nader aan ons tyd waar hy meen dat jy makliker die emosies sal beheer wanneer jy moet, as jy uiting aan hulle gee wanneer jy mag.



*Periandros van Korinthe* is met luide toejuiging ontvang en die stuk bevat inderdaad mooi tonele waarin die digterlikheid somtyds pragtig deurbreek. Ons as klassici voel dankbaar as 'n Afrikaanse digter 'n Griekse tema opneem.

Vir die klassikus is daar kleinere punte wat as anachronisties aandoen. Bv. die boodskapper kom met 'n „toe koevert” wat oopgeskeur word; die matrose kom van die Romeinse lande, ofskoon Rome in die tyd van Periandros 'n onbekende boerekolonie was; skoonheidskoninginne van Korinthe word gekies, een vir oleanders, een vir anemone, en so voorts; Periandros vra dat hul 'n kweperlat moet bring om Cypselos mee te kasty; van die diskos word gesê „dit draai my om en om”, soos in die moderne spele; „triéreis” word verkeerd voorgestel deur „drie-riemskepe”; 'n verkeerde vertolking word gegee van die *hetairai* in die tempel wanneer gesê word dat die bestaan van *hetairai* deur Aphrodite „gewettig en geheilig” word (bl. 21). Vir my is dit ook hoogs onwaarskynlik dat 'n liefdesverhouding kon bestaan het tussen Sappho en Periandros en dat die digteres, wat as die tiende Muse geëer is, sulke banale woorde kon gebruik soos:

*Ja, die siel vind nie sy hoogste vreugde in gebed  
maar terloops in daelikse rondes van kombuis en bed.*

(bl. 26)

Die hele toneel aan die hof waar Sappho en Anacharsis op die lawwe raaisels van Arion moet antwoord, is uiters flou. Die verdubbeling van die lang klinker, wat reeds by die Romeinse dramatis Accius voorkom en in Holland somtyds gebruik word, kan misleidend wees. Die spelers het deurgaans Arioón gesê in plaas van Aríōn, en daar was 'n neiging om Aphroditeé en Apolloón te sê.

Maar dit is kleinere punte. My doel is om te vra in hoeverre „Periandros” 'n Aristoteliaanse tragedie is. Daar is natuurlik ander soorte tragedies as dié van Aristoteles en sommige van sy vereistes word nie deur latere skrywers aanvaar nie. Ons wil nie 'n digter veroordeel omdat hy nie Aristoteles se voorskrifte volg nie; maar dit is tog interessant om te sien hoever die beginsels van Aristoteles nog geldig is.

Die tragiese ontwikkeling het, vir Aristoteles, meestal — nie altyd nie — hierdie patroon gevolg, *OLBOS*, welvaart en rykdom; *HUBRIS*, verwaande hoogmoed; *ATĒ*, blindheid deur hoogmoed gekweek; *PERIPETEIA*, die omswaai van omstandighede en die val van die held; en *ANAGNORISIS*, die herkenning deur die held van sy blindheid en sy lyding wat medelye en vrees wek by die gehoor, en hul

ophef bo die alledaagse deur die grootsheid van die kuns, en die gedagte aan die lot van die mens op aarde. Dat Periandros welvarend en voorspoedig was, is duidelik, en hy word seer seker aan ons voorgestel as vervul met *hubris*. „Die Feniciërs was slim, maar Periandros slimmer”, sê hy van homself en dit is maar veraf verwant van sy werklike *hubris*. Sy grofheid en barsheid teenoor sy swaksinnige oudste seun, wat goed uitgebeeld is, („Man, trap . . .” voeg hy hom toe), sy intimidasie van hom met die on-Griekse kweperlat; sy grofheid teenoor sy vrou Melissa; sy vraag: „heers daar oor so 'n skewe wêreld ooit 'n God?”; sy latere houding teenoor sy seun Lycophron; sy uitmoording van die rykes; sy verbranding van die *Hetairai*; sy optrede teen die vermeende minnaar van Melissa en teen sy skoonvader; is genoegsame bewyse van hooghartigheid.

Maar by die Aristoteliaanse *Hubris* moet daar iets groots wees wat ons bewondering afdwing en dit is hierdie grootsheid wat Periandros dikwels mis. Dit is moeilik om aan hom te dink as een van die sewe wyse manne. Deurgaans is hy besiel met 'n kleinlike agterdog teenoor Melissa en Gangylon. Selfs nadat hy haar dood veroorsaak het en vol berou skyn te wees, kan hy sê teenoor die man wat hy valslik verdink en wat 'n kisse met olie en reukwater aan die seun Lycophron verkoop het as 'n present aan sy moeder:

*Al is dit dan gekoop, dit kom tog wel van haar geheime vryer.*

En hy vertel leuens:

*Volgens Melissa was julle twee op baie goeie voet en het mekaar dikwels in die geheim ontmoet;*

— 'n leuen wat hy later aan Prokles herhaal (bl. 72). Hy gaan voort:

*. . . later was sy oor al die smerigheid so skaam sy het gesorg toe dat sy val. Daar was ook 'n miskraam.*

Sulke laagheid en gemeenheid dwing nouliks ons bewondering af, ewe min as sy verdediging dat hy met hoere moes omgaan omdat

*„'n digter en 'n heerser moet die volk in elke hartstog ken”.*

Eerder simpatiseer ons met Melissa waar sy sê in antwoord op sy klag dat hy die oond koud vind — nie 'n baie digterlike uitdrukking nie —

*As jy jou dan met ander vrouens steeds van my vervreem hoe kan ek nog met hartstog en oortuiging jou aanneem?*

en weer: (bl. 48)

*Jy flankeer met ander vrouens op elke fees* (bl. 21).

Volgens Aristoteles moet die taal van die tragedie 'n sekere waardigheid hê. Die moderne skrywer kan natuurlik enige skryfwyse kies, maar dit bly nog wenslik, soos Horatius sê, dat die styl hom by die inhoud sal aanpas. Nou vind ek die verse van ‚Periandros‘ soms hakerig en die onvolledige rym hinderlik. So vind ons 'n vers wat eindig met „binnebring” (bl. 108) rymende met die anders beklemtoonde „weggelei aan sy ketting”. Ons vind (bl. 23) 'n vers eindigende met „prikkel” half rymende met „ontwikkel”, „verstaan” met „weerstand” (bl. 47), „dodes” met „grottes” (bl. 84), „beminde” met „Korinthe” (bl. 58), „die toekoms” met „die hoekoms” (bl. 107). Waarskynlik is dit doelbewuste onreëlmatigheid; indien wel, kan ek alleen sê dat dit, soos baie moderne kuns, vir my onskoon is. Daar is egter ander passasies wat pure vlotheid is en 'n hoë letterkundige peil bereik. Die boodskapper in die Antigone kan die volkstaal besig, maar dan is dit konsekwent. Daar is nie 'n skielike *bathos* soos ons soms in Periandros vind nie. Te midde van sy liefdesbetuiging — „maar met so 'n mag wys ek dat ek jou nog verkies, ek vra vergiffenis en hulp...” kom daar skielik: „Ag! jy maak my vies.”

Waardigheid ontbreek ook in Periandros se karakter. Hy verdedig die instelling van *Hetairai* vir „manne wat hard werk”:

*Raak die beloning in hul eie huis beperk  
of ontbreek 'n eie huis, moet hul die brame van geluk  
by die gasvrye vroue van Korinthe kan gaan pluk.*

Na die dood van Melissa kan ons verstaan dat hy anders oor die saak voel. Maar sy berou neem nie die vorm aan van inkeer tot homself nie; dit vind uiting in die publieke ontkleding van die vrouens van die rykes en die verbranding van dertig lewende *hetairai* op 'n skip. Hy besteel ander om 'n offer aan Melissa te bring en aan die instelling van *hetairai* bring hy g'n verbetering nie. Weer, nouliks 'n heldedaad wat ons kan bewonder of reken as komende van een van die sewe wyse manne.

Oneg klink die sotte opmerking van sy dogter Hermione as sy die verbranding van die vroue gadeslaan.

*Vader u het uself oorwin! die lewe word beveilig.*

*Dis die fees van Hera. Die huwelik is heilig.*

Heiligheid word nie langs sulke weë gewin nie. Oneg ook klink Periandros as die burgers vergoeding kom vra vir die juwele en klere wat hy gesteel het:

*aangesien ek geen tiran is maar u vader  
neem ek aan dat u my ook as kinders nader;*

en die gesonde verstand van Lycophron se raad laat ons Periandros nog laer skat. Wat moet ons van 'n vader dink wat, nadat hy sy onskuldige seun uitgedryf het na die vullishope van Korinthe om kos te kry, self voldaan sê: niks is wreder as die feit dat ek my seun *vir sy ontwil so moes verneder* (kursivering van my); 'n vader wat verklaar:

niks het ek om van jou weg te steek, ofskoon hy die feite van die moeder se dood konsekwent weggesteek het van Lycophron met die belaglike pleidooi dat die seun te jonk was. Later, as hy die seun jammer kry, herroep hy nie ruitelik sy dekreet nie; hy moet soos 'n sluipdief vir hom in die donker strate gaan opsoek. Sy eie waan en hubris kom eerste: medelye, tweede. En die medelye is ook kortstondig: Lycophron word na die eiland van vyande, Kerkyra, verban. Hier moet ons egter toegee dat Lycophron ook erg koppig kan wees, en rekening hou met die opvlieënde humeur wat deel uitmaak van die tiran se karakter.

Aan die einde sê Periandros aan Barakos dat die mens op sy ou dag meer oor God dink; maar nogtans vra hy, en ondermyn daarmee die egtheid van sy Godsgedagte:

*hoekom het ek nie hier en daar 'n rapsie meer gesondig?* Tot op die end duur die wraaksug voort: driehonderd seuns van Kerkyra sou deur hom ontman geword het as die gepeupel hul nie gered het nie.

My punt is dat ons in Periandros nie 'n tragiese held vind wat ons kan bewonder nie. In die laaste bedryf vertel Arion van sy grootheid: maar dit laat ons koud, want hy het hom nie só deur sy handeling in die stuk getoon nie. „Ruimhartige heerser” noem Arion hom; maar vir my kom hy erg enghartig voor.

Aristoteles sê dat die tragiese held nie 'n slegte man moet wees wat tot 'n val kom nie, want dan sê ons: hy maai wat hy gesaai het, dis sy verdiende loon, en dan mis ons die tragiese medelye wat so belangrik is. Die held moet 'n goeie man wees wat ons kan admireer maar wat deur 'n betreklike ondergeskikte fout van karakter of van oordeel, of albei (soos reeds gesê) skielik sy wêreld in duie sien stort, sodat ons voel: „hoe jammer tog, ag, hoe jammer”, en tegelykertyd besef dat dit onvermydelik was. „Sympathy is the very basis of the whole tragic pleasure,” sê Humphry House in sy sorgvuldige boek oor die Poetica van Aristoteles, „in particular the special kind of sympathy which is pity”. (bl. 83) . . . Aristotle „would scarcely have understood the phrases ‚the Hero as Villain’ and ‚the

Villain as Hero'. The required initial sympathy would be absent". (bl. 86)

Kan ons Periandros 'n goeie man noem, iemand wat deur sy optrede in die stuk ons bewondering afdwing? Vir my is die antwoord: Nee; en daarom is hy vir my nie 'n Aristoteliaanse held nie.

En tog, as ons by die laaste bedryf kom, voel ons dat daar baie Aristoteliaanse elemente in die stuk is. Die ontwikkeling van *olbos*, welvarendheid, na *hubris*, hovaardigheid, en *ate*, blindheid, wat uitloop op 'n *peripeteia*, die ineenstorting, vergesel deur *anagnorisis*, die herkenning, kan ons duidelik in „Periandros” sien.

Die laaste bedryf voer ons op tot 'n hoër peil, beide wat taal en wat karakter en handeling betref. Daar tree by Periandros 'n insig en 'n soort bekering in, ofskoon hy selfs op die end die sluipmoordenaars wat hy as instrumente gebruik moet laat vermoor. Dit vervreem ons simpatie enigins; maar oor die algemeen is dit moontlik om medelye te hê met die vereensaamde, ongelukkige man wie se mag en rykdom tot stof en as geword het en wat deur sy verblinde wraak en selfsug sy familielewe geruïneer het.

Die *peripeteia* is wel, soos Aristoteles gesê het, 'n verandering in die stuk van een groep omstandighede tot die teenoorgestelde, maar die subtieler betekenis wat Vahlen daarin gesien het, die strewe wat uitloop op die teenoorgestelde van wat die man beoog, die ironie van die noodlot met 'n sekere onverwagte element daarby, kom nie in „Periandros” voor nie. Dit is maar een daad van wraaksug na die ander wat die verwagte oogs inoes:

*die ou verblinde wraaksug en die onreg wat onreg wreek.*

Maar ons vind tog 'n verhewenheid bo die alledaagse in die laaste bedryf. So dink mens meer oor God wanneer die ouderdom met eensaamheid en sy ontnugteringe nader kom. Periandros kyk verby die aardse vertoon. Hy besef die „beperktheid van sy gees” en ons kry die treffende simboliek van die kou waaruit die voël die vrye lug ingevlieg het. Hy sien die lewe in beter perspektief en die waardes waarop hy klem gelê het in sy blindheid, lyk maar armsalig nou. Hierdie verhoging van peil kan die gehoor ook voel; en as ons dit voel dan deel ons in daardie gewaarwording van reiniging, meen ek, wat Aristoteles *Katharsis* noem.

Dus is daar, per slot van rekening, heelwat van die Aristoteliaanse opvatting in „Periandros”; en miskien sal ons, met die verbygaan van moderne modes, ook in die tragedie nuwe waardering vind vir „die Meester van hulle wat weet”.

ELIZ. C. M. DU TOIT:

## Donker Vloed

Soms werp ek my weg in 'n brander,  
Wil in water verander;  
Swem driftig weg van die aarde,  
Om my lewe, só sonder waarde,  
Aan die bodemlose see  
Se donker waters oor te gee,  
Om my gees se sinnelose smagting en stryd  
Te laat blus in die diepblou mateloosheid...  
O, maar altyd en altyd kom 'n reddingsboot!  
Hy sleep my terug uit die ruim van die dood!...  
Terug na die grys, koue stad wat aan  
Die oeversoom van die lewe staan;  
Waar ek haweloos, nat en koud,  
Sluip langs die strate om behoud!

---Die wete dat ek die gewaad  
Van my Liefde ágter in die lewe moet laat.

## Die Verlore Kindjie

Verlede lente het ons 'n kind  
In die dennewoude verloor.  
Al verder het hy gedwaal, al onder  
Die jubelende voëlkoor,  
Wat in die teer jong kruine  
Bo sy hofie kweel;  
Al verder oor die gras en madeliefies  
Het hy aangespeel!  
Totdat hy uiteindelik  
Geen terugpad weet,  
Hoe hy van die houthakkerhut  
Deur die woudlaan gekom het, vergeet...  
Onder die groen spirale  
Van naalde-takke verby,  
Het sy voetjies in wyere sirkels  
Hom steeds dieper-in gelei!  
Toe hy al baie moeg was,  
Skaars nog na vore kon gaan,  
Kom hy, in die woud se hart,  
Langs 'n grasgroen dal te staan.  
Oor 'n vloer van botterblomme,  
Oranje soos die son wat versink,  
Hang 'n wasem, waarin miljarde  
Korrels van stuifmeel blink.

Om elke disselhofie  
 Staan 'n silwer stralekrans,  
 Waardeur 'n skaar van bruin en skarlaken  
 Lentevlinders dans.  
 Temidde die plate van blomme  
 Wat in goue glorie waai,  
 Staan 'n blankwit blonde vrou  
 Wat haar stralende oë op hom draai!  
 Ja, ons het verlede lente  
 'n Kind vir die bos verloor;  
 Maar weet dat ons kleine Niesling  
 Aan die Vrou-Van-Die-Woud behoort!

## *Al om die Krismisroosboom*

Al om die krismisroosboom  
 Het, wit en roserooi,  
 Die wind gevalle bloeisels  
 In kussings neergegooi.  
 Op die gras versmelt  
 Dou in die môrelig;  
 Wit bloeiseltakke buig hul  
 Opsy voor jou gesig.  
 Met die oggendwindjie  
 Het ek netnou-al  
 Gehoor hoedat jou voetstap  
 Op die paadjie val...  
 Hou my in jou arms, want  
 Lief, ek is bevrees  
 Dat ons uur van teerheid  
 Alte kort gaan wees!  
 In die mis wat skitter,  
 Doem jy, vaag en ver---  
 Asof 'n wolkgestalte  
 Hom sluier om 'n ster!  
 O, hoé tog kan ons vasgryp  
 Aan dié heerlikheid?  
 Bring liefde óóit geluk aan  
 Die kinders van die Tyd?  
 Hou my teen jou hart, lief,  
 Nou dat ek verstaan  
 Hoe, soos die dou se spore,  
 Ons vreugde moet vergaan...

## Uit die Towertuin

Tussen donker, roepende bome,  
Dwaal ek deur tallose jare,  
Voel ek en soek ek met lome  
Hande al deur die blare:

Vind 'n spieël van silwer lig,  
Sien daarin my hol gesig;  
Vind 'n snoer van trane, teen  
'n Boomstam, deur myself geweene;  
Tel 'n verwonde voëltjie op,  
Wat ek in my boesem verstop...

Oor die verborge stamme vee  
My hande, blind op soek na vree.

In die onrus van my drome,  
Onder die boë van sugtende bome,  
Loer na my tussen gordyne van blare,  
Iemand met silwerblink oë en hare...

Die glans wat om sy voorhoof hang,  
Laat my vreemd en fel verlang.  
Die lag wat om sy mondhoek sweef,  
Laat my van liefde buig en beef.  
In al my drome smee ek hom:  
„O laat my uit die Towertuin kom!”

Maar oor my skemerbleek gesig  
Val daar geen son, geen maan, se lig...



# Akkerboomlaan

In die hoogste kruine  
Van die akkerboomlaan,  
Tussen teer-groen blaartjies,  
Hang die lentemaan.

Vingers strengel om vingers  
Ewe wit en slank:  
Twee wesens drink tesame  
'n Robyngetinte drank.

Oor hul hoofde vleg tesame  
Roos om donkerrooi roos;  
Twee fluite versmelt in melodie,  
Spinneragfyn en broos.

In die donkerblou hemel  
Hang 'n dubbele ster;  
In lied vereen by fluitespel,  
Sing twee stemme van ver.

In die kamperfoelie-heining  
Koer slaperig 'n tortel-paar;  
Oor die robyn-rooi wynkelk  
Soek oë en oë mekaar!

Oor die donker aarde  
Buig die fluweel-swart nag;  
Maar die wind wat sleep in die akkerboomlaan,  
Soek onrustig, en fluister sag . . .

# Aan die Woud se Soom

In die lente, toe ek loop  
Langs die knoppe, groen en goud,  
Wat druk deur die bome,  
Die bome van die woud,  
Hoor ek 'n teer jong meisie  
Sit en sing in 'n boom,  
Wat sy takke na bo hef,  
Aan die woud, die woud se soom:  
„O die sap stoot sterk  
Deur die bottende hout;  
Ek verlang na die somer  
Se blomme, rooi en goud,  
Wat gaan hang aan die bome,  
Die bome, die bome,  
Wat gaan hang aan die bome van die woud!”

In die herfs, toe ek stap  
Deur die klinkklare goud,  
Wat stort uit die bome,  
Die bome van die woud,  
Hoor ek hoe 'n grysaard  
Sit en sing op 'n boom,  
Wat in die gras geval het  
Aan die woud, die woud se soom:  
„O die sap sink terug  
Deur die bleek bruin hout,  
En ek timmer my kis  
Op die hope drywende goud,  
Wat stort uit die bome,  
Die bome, die bome,  
Wat stort uit die bome van die woud!”

# Daardie Duifie

Hier kry ek 'n duifie wat verlore is,  
Onder die nessesie waarin sy gebore is!

Die kreupel Slams sing:

„Dis geluk wat sy gaan bring!”

Wie sou my duifie haar koesterplek belet?

Sy kruip weg in my boesem, sy lê haar teen my hart:  
Ag, koud is heel die aarde, en die hemel swart!

Die kreupel Slams sê:

„Dis geluk wat by jou lê!”

Slaap sag, klein duifie, in jou nuwe bed!

Vlieg kan sy nog nie, sy fladder-fladder net,  
Binne-in my boesem, haar lewend-warme bed!

Die kreupel Slams sing:

„Blydschap wat sy bring!”

Wie sou my duifie haar bēreplek belet?

Hoe verhoed 'n mens dat sy wil swerf?

Hoe verhinder mens haar om te sterf?

Die kreupel Slams neurie:

„Geen slegte ding gebeur nie!”

Duifie, slaap sag, noudat jy herberg het!

Sy fladder-fladder-fladder teen my hartjie heen en weer!

O, wie sou my kon help om dié wilde duif te leer?

Die kreupel Slams lag:

„Geluk kom as jy wag!”

Wat is dit met jou, wilde ding, dat jy dié onrus het?!

MAURA SOLZ:

## *Triptiek*

### I

#### DIE SWERWER IN DIE MIS

Ons word op aarde gebore in 'n digte mis. In die skemerige halflig lewe ons. Ons weet dat 'n bron van lig iewers skyn sodat ons nie geheel en al in die duister is nie. Diep in ons gees lê die onbewuste herinnering aan die klaarheid en helderheid van 'n wêreld, van 'n groot, diepvloeiende rivier. Ons lewe op die walle in die digte mis. In ons omswerwinge, en half-blind, sien ons soms newelige vorme vaag opskemer. Ons roep in die mis, maar net die eggo van ons stemme word na ons teruggedra.

Soms staar die digter, fyn turend na 'n skemerige vorm voor hom, en roep deur die mis, roep en roep, en meteens, van ver af, soos uit holle dieptes, verneem hy 'n vreemde stem. Angsvallig probeer hy nadergaan, uitvind wie daar geantwoord het, 'n gids soek deur die waaierende pluime van mis, maar dan sak daar 'n doodse stilte neer, en blind, tastend struikel hy weer voort. Hier en daar ontmoet ons half-blinde swerwers wat vir 'n oomblik uit die newels by ons kom, maar niemand weet watter pad uit die mis na die lig toe lei nie.

Uit die newels het 'n Man aangetree, maar ons kon sy gelaat nie herken nie, want die mis maak ons half-blind. Maar ons het 'n hand op ons arm gevoel, ons het sy woorde gehoor: Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Ja, het ons gesê, ons soek na 'n pad uit die mis, maar eeue en eeue het verbygegaan, mense het gekom en verdwyn, en steeds voel ons net die klam, nat newels teen ons aanwaai. Sommige van ons sê dat hulle die fris water van die rivier ruik. Hulle haas hulle dan weg, die slierte mis swelg hulle vorms op en ons sien hulle nie weer nie. Volg My, het hy gesê. Die pad is steil na die wal toe, en dit loop langs gapende rotswande van duisternis, dit is 'n dun spoor op 'n rotslys en in die mis is dit nie maklik nie. Maar aan die anderkant lê die helder rivier.

Vrees het ons bene verlam, ons sinne verlam. Bewend het ons ons arm onder sy hand uitgetrek. Weemoedig het hy gesê: Dit is die enigste wyse waarop julle by die rivier kan kom. Eendag moet julle almal daar kom, en ek is daar om julle te ontmoet.

Maar ylings het ons ons in die mis weggehaas, en daarna weer diep treurend na hom gesoek. Hy was nêrens meer te vinde nie. Net sy woorde het in ons gedagte gebrand. 'n Paar het die pad gevind en hulle daarop gewaag. Ons het spottend en vreesagtig saamgebondel en hulle voetstappe hoor verdwyn. Ons blindheid neem steeds toe. Ons kan beswaarlik nog sien. Af en toe verneem ons 'n stem, geluide, gerugte. Ons dwaal al verder weg van die rivier, want ons hoor nie meer sy ruising nie, ons kry nie meer die reuk van die fris lewende water nie. Soms waan ons dat ons in die wind die stemme van dié wat weg is, hoor, tog beangs dit ons net meer.

Maar die voorwetendheid dat die helder, klaar lig iewers is, is nog in ons. 'n Digter wat ons ontmoet het, het vir ons gesê: Lewe is dood, en dood is lewe. Die een word uit die ander gebore. Ons het sy voetstappe al dowwer deur die mis hoor tree. Ons het na hom geskreu: Moenie gaan nie! Sê ons eers wat jou woorde beteken. Maar die mis het vir goê agter hom toegevou.

Dit weet ons: wie die wal van die rivier bereik, tree uit die mis en 'n land van ongekende skoonheid en helderwit klaarheid vou voor hom oop. Hy sien die waarheid wat in alles is. Ons weet dit, want voor ons in hierdie mis gebore is, was ons daar. Maar nou soek ons na daardie waarheid, na die rivier waaroor ons moet gaan om weer daar te kom, en die bitter vrees vir die duister afgrond weerhou ons sodat ons nie by die wal kan kom nie. Wenend sit ons en vra na die doel van ons lewe in hierdie newelwêreld en daar is geen einde aan ons verdriet nie.

Ons onthou die Man se belofte nog, en ons weet dat dit onafwendbaar is dat iedereen eendag so alleen in die mis sal verdwyn om nooit weer terug te keer nie. Sal hy dan, wanneer ons bevrees tot sterwens toe, ons dwaasheid vergewe en ons geleide doen oor die smal rotslys tot by die rivier? Alleen die hoop en geloof bly oor, want wat kan 'n blinde anders doen as om op 'n ander se hulp te steun?

## II

### SIEL VAN 'N BLOM

Die geur van blomme en plante is skoonheid. Dit kan so diep ontroer dat dit één is met die poësie en musiek. Soos die poësie en die musiek, wek dit 'n sintuiglike prikkeling wat diep ontroering uit 'n onsienlike wêreld meebring, maar omdat dit van God en nie van die mens is nie, soek

dit aansluiting met die lewensbron in onself, en dit is sterker, en die assosiasie wat dit verwek, oneindig meer aktueel as dié wat die menslike kunste kan beroer.

Die geur van 'n blom is 'n siel.

Dit leef en ontroer, en wanneer die bron daarvan, die blom reeds vergaan het, dan is dit nog in ons gedagte.

Die bittersoet geur van die roos laat 'n diep weemoed in ons agter.

Die angelier se speseryagtige, fris geur laat 'n blye afwagting, 'n trilling van opgewondenheid in ons.

Die vrolike geur van viooltjies, vilette en pronkertjies is onafskeidelik verbonde met die lente en opstanding, en die fyn geur van amandel- en appelkoosbloeisels bring die belofte van lewe.

Die geur van kamferfoelie en bloureën draal lui en soet in ons en bring 'n vol, ronde rus en lomerigheid in ons gemoed.

Die katjiepiering en lelie van die dal bring die ewige jeug van die liefde en kan herinnering so sterk in ons aanroer dat 'n hele gebeurtenis weer voor ons staan en deurvoel word.

Die soetdoring en mimosa is vervulling. Hulle geur hang in die swaar somerlug en spreek van dinge wat voldaan is.

Die koel rustigheid in die geur van nat, geel blare op die grond, van dennenaalde, van die meidoring, bring die boodskap van die herfs en verganklikheid.

Die geur van irisse en Joseflelies is 'n lied van dood en afskeid.

Omdat 'n blomgeur trillende lewe is, sluit dit aan by die lewe in ons. Dit raak die kern van ons lewe, wat ons self nie kan deurgrond nie, aan.

Ons word verbind met dié wat reeds met die aarde een geword het deur die geur van blomme.

Die geur van blomme verbind die aardse met die ewige. Die lewe van die blom is daarin, en dit bly leef wanneer die blom reeds deur die wette van verganklikheid in die aarde opgeneem is. Daar kom nuwe blomblare uit die aarde, maar die geur bly ewig dieselfde.

Die geur van 'n blom wil aan ons die ewige lewe meedeel, maar omdat ons ons blind staar op die aardgebonde blom self, kan ons maar slegs rondtas in ons gees en wonder waarom dit ons so diep en vreemd ontroer, watter God-gewewe band tussen ons siel en die siel in die geur van 'n blom gelê is.

### III

#### BOOM EN BLAAR

Die boom is die lewe. 'n Blaar trek die lewe van hom, word ryk en vol, en deur die onkeerbare, onbegryplike wet wyk die lewe van hom sodra hy volle wasdom bereik het. Hy verskrompel en vergeel, en word weer een met die aarde. Die boom wat hom voortbring het, sterf nie. In 'n ewige kringloop stu die lewe in hom voort, gee blare, en neem blare. Die lewe wat in die blaar was, keer terug na die boom wanneer die blaar verkwyn. Die blaar is vir die boom nodig, want hy vang die sonlig op en gebruik dit in 'n wonderbaarlike proses. Maar sonder die boom het die blaar nie 'n bestaan nie. En uit die tallose blare wat die boom seisoen na seisoen voortbring, die blare wat weer vergaan, put hy verdere krag.

Daarom voel ons 'n opwindende vreugde wanneer die jong groen blare hulle verskyning maak, en 'n diep, lieflike weemoed as een na die ander vergeel en aarde toe fladder, want ons weet dat die lewe teruggekeer het na die onsigbare lewe in die boom waar hy swaar en donker staan.

ABRAHAM FOUCHÉ:

## Honger

*Nog lewend is my ma begraaf  
omrede van die hongersnood  
want oud te wees en swaar te kry  
Gauhab, is erger as die dood!*

*So het ek ook my kind begraaf  
om haar 'n hongerdood te spaar:  
Om honger op te groei en sterf,  
God van die hemel, dit is swaar!*

*Wanneer die weerligmambas aan  
hul sterte byt en aangerol  
na my toe oor die duine kom,  
dan skrou my hart, oorlopens vol:*

*O wolke reën, trek deur tot by  
die Boesmans aan die anderkant,  
dié kopbene wat nou nog tjank  
in storms op die Namibsand!*

## Kanolied van Kabob

*Die duivel rinkink in die water,  
klap die water wit oor my kano;  
die nag hardloop vinniger nader;  
die skilpadster flikker daarbo.*

*Maar al wat ek sien, is my Garoes wat sit  
langs die vuur wyl die wind om haar grom,  
en hoe sy ou Toesib vir haar Kabob bid,  
dan opstaan en kyk of hy kom!*

*Laat die duivel maar skree in die water,  
duiwelswater klap oor my kano:  
ek roei nou hoe later al vinniger  
as die gekruip van die skilpad daarbo!*

*Nog vannag, voor die donker se asem  
uit die hart van die duivel wegsterf,  
sien ek onse vuurtjie opvasem,  
staan ek by Garoes op die werf!*



# Die Droster

Die weerlig wat bokant die berg uitslaan,  
het geroep ek moet terug na my mense gaan.

Ek lê opgerol soos 'n ystervark  
maar ek luister hoe my hart oor die rante stap,  
die doringboomtakke die kraalmuur hark.

Die wind kom vër oor die duine aan:  
hy kom met 'n stormloop voor my staan  
en hy hark my hier uit soos vir 'n tierboskat  
wat hom ingegrou het in 'n vreemde gat!

Hoe kan ek nog lê as ek nie kan slaap!  
As die pendorings so teen die kraalmuur skraap,  
al seerder en seerder aan my binnegoed krap...  
Wag, my hart: my voete gaan saam met jou stap!

# Kheis

Ek het van die otterboom geëet,  
deur Kheis, my kleinmeid uitgelag,  
maar toe ek terugkom van die jag  
was ek in 'n bergtiervel gekleed!

Toc hou die hele kraal plesier,  
slaan ghaisa tot die hane kraai  
rondom die bul wat lê en braai  
om my grootjagterskap te vier!

Maar bittersoet was my dié nag  
want ek wou gehad het dat Kheis ook moes kom  
al het sy my weer uitgegrom,  
diep uit haar keelgat uitgelag!

# Klaaslou

(Athanasia filiformis)

*O nooit sal ek weer kla omdat  
die Klaasloubossies langs die pad  
grou soos die dood daar staan asof  
hul harte onder al die stof  
opgehou het om te klop!*

*Oho! . . . Kom hoor maar net hoe slaan  
die disselboom teen die dwarshout aan!  
Weer het die lentereën gekom,  
weer is die bossies in die blom,  
die Klaasloubossies, son-geboen,  
verwilderd in die wind, soos perde groen  
gevlerk, op 'n galop!*

# Papawer van Sononder

*Om nou weer met die rooigras saam  
die heuwel uit te huppel  
terwyl die wind, en son my in  
opwaartse kurwe prikkel!*

*Die dag was eenkwart op net soos  
die somer in die lug:  
volkskaduwees het skugter oor  
die wuwend gras gevlug!*

*Nog leef die malligheid van gras,  
wat opdraand golvend, bo-uitslaan,  
soos ek, 'n baken van geluk,  
wat op die heuwel staan!  
Nog is my hart vol van dié dans  
en voor my raam die wonder  
in my oudag: die hemelgroot  
papawer van sononder!*

ANDRÉ DEMEDTS:

# Vlaamse Belangstelling voor Zuid-Afrika

## HERINNERINGEN EN FEITEN

Tot onze verste herinneringen behoren sommige gebeurtenissen uit de jaren, die nog aan de eerste wereldoorlog voorafgegaan zijn. Tijdens de lange winteravonden kwam het weleens voor dat vader zong: oude balladen en romances uit de streek, afgewisseld met vlaamse strijdliederen, het *Wilhelmus van Nassouwe* en het *Transvaals Volkslied*. Van hem hebben wij "de strijd tussen Boer en Brit" leren kennen.<sup>1</sup> Als leerling aan het middelbaar onderwijs, deel uitmakend van de Vlaamse Studentenbeweging, hebben wij met onze makkers alle afrikaanse liederen gezongen die in ons zangboekje stonden. Op school hebben wij afrikaanse gedichten gelezen en bij talrijke gelegenheden uit Leipoldt en Totius gedeklameerd.

Dat was in de jaren vóór 1925 en geen uitzonderlijk geval, want als er in Vlaanderen, zelfs buiten de kringen van de intellektuelen, ooit een buitenlands (wij zeggen niet: een vreemd!) volk is geweest, dat aller belangstelling en vriendschap genoot en is blijven genieten, dan het volk van Zuid-Afrika, dat bij de minder ontwikkelde dikwijls met "Transvaal" werd en nog wordt vereenzelvigd. Tot de dag van vandaag zijn er alleen in de provincie West-Vlaanderen meer dan vijftig drankhuizen, voor een groot deel op het platteland gelegen, die *Transvaal*, *Oranje-Vrijstaat*, *Pretoria*, *Bloemfontein* of *De Boers* heten.

Wij hebben de naam van President Kruger aan een aardappelsoort (de "eigenheimers" in Nederland) gegeven en zelfs, al lijkt dat misschien te vertrouwelijk, is er een brouwerij die een biermerk "Kruger" op de markt heeft gebracht. In de letterkundige handboeken die op onze athenea en kolleges gebruikt worden, komt de geschiedenis van de afrikaanse literatuur evengoed als die van de noord- en zuidnederlandse voor. Op geen enkele feestavond ontbreken afrikaanse liederen en enige zijn zo bekend dat ze door iedereen kunnen medegezongen worden. Wanneer dat

1. Dit is de titel van een boek: *De Strijd tusschen Boer en Brit*, door Generaal Christiaan de Wet. Lannoo, Tielt. 25e druk. Z.j.

gebeurt komt er een wijding over de zaal, een mengsel van eerbied voor een volk dat onder moeilijke omstandigheden (die wij, ook strijdend voor eigen aard en taal, zeer goed begrijpen) zichzelf en zijn toekomst heeft gered — en van oprechte genegenheid, steunend op het besef dat er ontzaglijk veel is dat ons verenigt, met de hoop dat de ontwikkeling der gebeurtenissen ons ooit op een kruispunt zal brengen, waar wij zo innig kunnen samenwerken als zulks met het behoud van ieders persoonlijkheid en regeringsbeleid maar mogelijk is.

*Een oude Vriendschap die niet roest.*

Over de vlaamse belangstelling voor Zuid-Afrika zou een dik boek kunnen geschreven worden. Eigenlijk bestaat het reeds.<sup>2</sup> Doordat het veertien jaar oud is, zou het echter merkkelijk kunnen uitgebreid worden, vooral met wat er sedert zijn verschijnen is gebeurd en ook met enige bijzonderheden van vroeger, die aan de schrijver waren ontsnapt. Zo zou het vermeldenswaard zijn dat Guido Gezelle in 1890, in de inleiding tot *Biekorf* liet verklaren dat er in zijn tijdschrift over "Zuid-Afrika" zou gehandeld worden. In de eerste jaargang werd het gedicht "Wij Kinders van Zuid-Afrika" gepubliceerd en in 1894 werd een fragment getiteld "Olifantenjacht" afgedrukt, ontleend aan een boek van A. G. C. van Duyl, dat in 1883 van de pers was gekomen. Typerend voor de gedachtegang van Gezelle is de aantekening die hij eraan toegevoegd heeft: "De tale van dien 'Afrikaander'," zegt hij, "is elken Vlaming gemakkelijk verstaanbaar, zelfs waar de hedendaagsche Hollander er geen weg meê en weet".

Voorals zou het nodig zijn het aan te vullen met een opsomming van de talrijke initiatieven, die sedert de jongste wereldoorlog genomen werden om de verstandhouding met Zuid-Afrika in de hand te werken. Verder zou een verslag over de vele feestelijkheden waarbij de genegenheid van ons volk voor het uwe tot uiting kwam niet mogen ontbreken. Wij betreuren dat wij binnen het bestek van dit beknopte artikel ons tot enige treffende bijzonderheden moeten beperken.

Zo bestaan er in ons land twee organisaties, die zich ten doel stellen Zuid-Afrika beter te doen kennen en er zowel de economische als kulturele banden nauwer mee toe te halen. Het zijn de "Belgisch-Zuidafrikaanse Vriendenkring", beheerd door een komitee waartoe o.a. oud eerste-

2. Dom A. Smits, *Betrekkingen tussen Vlaanderen en Zuid-Afrika*. Uitg. Wiek-Op, Brugge. 1943. 256 blz. Een zeer degelijk werk dat een schat aan gegevens bevat.

minister Pholien en Herman Teirlinck behoren, en de "Algemeen Nederlands-Suidafrikaanse Vereniging", die door een groep dietsvoelende ambteloze burgers werd opgericht. Er gaat geen jaar voorbij zonder dat in verschillende steden, soms zelfs op minder belangrijke gemeenten, een zuidafrikaanse avond wordt belegd. Te Brussel is dat ten andere een vaste traditie geworden. Om U een denkbeeld te geven van het programma dat bij zulke gelegenheden wordt afgewerkt en van de atmosfeer die op deze bijeenkomsten heerst, schrijven we hier gedeeltelijk over wat in *Vir België: Nuus uit Suid-Afrika*<sup>3</sup> verscheen, naar aanleiding van de President Kruger-Herdenking, die op 10 Oktober 1956 in onze hoofdstad gehouden werd. "In samewerking met die Suid-Afrikaanse Ambassade het die Vlaamse kultuurorganisasies in Brussel vir die sesde agtereenvolgende jaar 'n Krugeraand ingerig. Dat hierdie byeenkoms reeds gewaardeerde tradisie in die Belgiese hoofstad geword het, blyk duidelik uit die feit dat baie mense vanjaar by die deur moes omdraai omdat die saal (van de Koninklike Vlaamse Schouwburg) by hulle aankoms reeds vol was.

Die verrigtinge het die vorm aangeneem van 'n kultuur-aand. 'n Kwartet van die Brusselse Katolieke Studentevereniging, het 'n aantal Afrikaanse liedjies gesing terwyl 'n voordragkunstenaar van dieselfde groep gedichte van Elisabeth Eybers, Jan Celliers en A. G. Visser voorgedra het. Twee rolprente van die Staatsinligtingskantoor is vertoon, terwyl die Suid-Afrikaanse Ambassadeur in België, mnr. J. D. Pohl, 'n geleentheidstoespraak gelewer het".

Niet alleen te Brussel, maar ook in andere steden, behoorden die feestavonden tot de glanspunten van ons kultureel leven, zo de plechtige Van Riebeeck-herdenking op 4 Mei 1952 te Kortrijk, waar de vergaderzaal van het stadhuis eveneens te klein bleek om het opgekomen publiek te bevatten. In 1956 werd ons land bezocht door een groep Zuid-Afrikaanse studenten. Zij voerden te Antwerpen, Aalst, Leuven (in de grote aula van de universiteit), Gent en Brussel, voor de Vlaamse Radio-Omroep en de Vlaamse Televisie, een programma op, samengesteld uit liederen, muziek en volksspelen, terwijl in een tweede deel aangetoond werd hoe de jeugd in Zuid-Afrika haar vrije tijd doorbrengt. Dit optreden werd een triomf. Reeds het jaar te voren had een andere groep studenten ons land bezocht, na een rondreis door Engeland en West-Europa. Bij hun

3. Maandpublikasie, uitgereik deur die Inligtingsattaché by die Ambassade van die Unie van Suid-Afrika, Galliërslaan 15, Brussel. Nommer 104. Oktober 1956. Dezelfde uitgawe bestaan ook in het Frans, onder de titel: *Pour la Belgique: Nouvelles d'Afrique du Sud.*

terugkeer in Zuid-Afrika, verklaarden zij tot onze grote voldoening dat zij "verbaas gestaan het oor die Vlaminge se goeie kennis van Suid-Afrika".<sup>4</sup>

Die bekendheid is in de eerste plaats te wijten aan de aandacht die in onze pers aan Zuid-Afrika wordt besteed. In nagenoeg alle belangrijke vlaamse kranten en tijdschriften verschijnen geregeld bijdragen over Zuid-Afrika, soms van afrikaanse medewerkers in het afrikaans, die gretig gelezen worden. Toen in Maart 1956 het kunsttijdschrift *West-Vlaanderen* een bijzonder nummer wijdde aan het regionalisme in de letterkunde, stond de redactie erop de medewerking van Prof. Dr. A. Coetzee te vragen, die een opgemerkt artikel over de afrikaanse literatuur heeft afgestaan. Door onze radio-omroep worden geregeld afrikaanse liederen en gedichten uitgezonden. Na *Somer*<sup>5</sup> en *Droogte*<sup>6</sup> van C. M. van den Heever, die tussen de twee oorlogen bij een vlaamse uitgever herdrukt werden, verscheen sedertdien nog een vlaamse uitgave van *Toiings van Mikro*.<sup>7</sup>

In 1951 werd Stijn Streuvels, ter gelegenheid van zijn 80e verjaardag, te Brugge officieel gehuldigd. Het provinciale bestuur, onder leiding van de heer Goëverneur, Ridder van Outryve d'Ydewalle, stond erop dat behalve vertegenwoordigers van Nederland (Antoon Coolen), Frans-Vlaanderen (Dr. P. Berteloot) en Vlaanderen (Prof. Dr. Fr. Baur), ook een redenaar uit Zuid-Afrika het woord zou voeren. Het werd als een grote eer beschouwd dat Prof. Dr. C. M. van den Heever zich toen de moeite getroost heeft om per vliegtuig uit Johannesburg naar ons land te reizen om op die plechtigheid een lezing over Streuvels te houden.

Wanneer op kulturele kongressen of bijeenkomsten een afrikaanse afvaardiging verschijnt of een groet uit Zuid-Afrika kan voorgelezen worden, lokt dit steeds de ontroerde dankbetuigingen van de aanwezigen uit. Kenschetsend in dat verband was de ovatie die een drietal afrikaanse studenten op 19 februari 1954 op het eerste naoorlogse Studentenkongres der Nederlanden te Leuven, in aanwezigheid van de rektor der universiteit, Mgr. Van Wayenbergh, verschillende ministers en vooraanstaande personaliteiten, in ontvangst mocht nemen. Even opvallend was de reactie van het publiek op de VIIIe Frans-Vlaamse Kultuurdag te Waregem op 11 september 1955, toen na de voorlezing van enige simpatie-telegrammen uit Zuid-Afrika, erop aan-

4. Volgens een mededeling in *Vir België: Nuus uit Suid-Afrika*, nummer 94. Maart 1955.

5. *Somer*. Uitg. Die Poorte, Antwerpen. 1936.

6. *Droogte*. Uitg. Die Poorte, Antwerpen. 1937.

7. *Toiings*. Uitg. Pro Arte, Diest. 1947.

gedrongen werd dat de vlag van uw land op het podium zou aangebracht worden, wat onder geestdriftige toejuichingen onmiddellijk werd gedaan.<sup>8</sup>

Dit is maar een kleine greep feiten uit de vele die in de laatste jaren voorgekomen zijn. Toch kunnen zij voldoende doen uitschijnen hoe de gesteltenis van het vlaamse tegenover het afrikaanse volk is. Nochtans zouden wij niet volledig zijn, wanneer wij hier niet aan toe moesten voegen, dat uit een bepaalde richting weleens afwijzende stemmen opgaan. Als dat voorkomt, gebeurt het altijd om de zuid-afrikaanse apartheidspolitiek, die door sommigen met lede ogen wordt aangezien. Indien er over die aangelegenheid verwarring heerst, is het ten groten dele de schuld van de tendentieuze berichten die door enige internationale pers-agentschappen worden verspreid. Daartegen bestaat er maar één middel, een objektieve voorlichting nopens de toestanden die in Zuid-Afrika bestaan en de maatregelen die door de regering getroffen worden om het algemeen welzijn van de blanke en naturellen bevolking te behartigen. In die zin wordt er uitstekend werk verricht door de Ambassade van Zuid-Afrika, alsook door Vlamingen zoals Advokaat Ferdinand Vandamme, oud-student aan de universiteit te Stellenbosch, die tijdens de voorbije winter een voordrachtenoernee over Zuid-Afrika gehouden heeft en de joernalist K.V.D.M. die na een reis door uw land, er zo pas (april 1957) een reeks reportages over geschreven heeft, die in *De Standaard*, een dagblad voor het intellektuele publiek zijn verschenen. Verheugend is het wel dat Dr. P. R. Botha, uittredende ambassadeur van Zuid-Afrika te Brussel, bij zijn aankomst in zijn vaderland kon getuigen: "Ek dink die Belgiese bevolking begryp Suid-Afrika se politieke en maatskaplike moeilikhede beter as enig ander land in die wêreld."<sup>9</sup>

#### *Een open Markt voor de afrikaanse Letterkunde.*

Ongetwijfeld is het de wens van de overweldigende meerderheid van onze ontwikkelden dat de betrekkingen tussen onze landen niet alleen op hetzelfde peil zouden gehandhaafd blijven, maar in de toekomst nog uitgebreider en hartelijker zouden worden. Ter bereiking van dat doel kunnen wij vooreerst rekenen op de resultaten die zullen voortspruiten uit het kultureel akkoord, dat op 1 juni 1954

8. Het is ons verder bekend dat de grootste Vlaamse kultuurvereniging, het Davidsfonds, die thans meer dan 76,000 leden telt, de mogelijkheid overweegt ieder jaar afrikaanse romans in haar uitgavenreeks op te nemen.

9. Aangehaald in *Vir België: Nuus uit Suid-Afrika*. Nummer 95. September 1953.

te Kaapstad tussen onze beide regeringen afgesloten werd. Nochtans zou het wel goed zijn, mochten er in de volgende jaren, benevens de bestaande mogelijkheden en activiteiten, nieuwe initiatieven tot stand kunnen komen. Hoewel ze ook op economisch en wetenschappelijk gebied wenselijk zijn, beperken wij ons tot een paar suggesties in verband met de letterkunde, het enige terrein waarop wij ons min of meer als deskundig kunnen doen gelden.

Vlaanderen zou een belangrijke markt voor het afrikaanse boek kunnen worden. Sedert enige jaren mogen onze uitgeverijen en boekhandels zich over een reusachtige vooruitgang verheugen. Volgens cijfers, ontleend aan een verslag dat op een studieweekend van de Leo de Raetstichting door Dr. Herman Liebaers, hoofdkonservator van de Koninklijke Bibliotheek te Brussel, werd voorgedragen, zullen dat voldoende in het licht stellen. In 1938 verschenen in België 1,034 boeken in de nederlandse en 1,915 in de franse taal. Zeventien jaar later, dus in 1955, was de verhouding omgekeerd, want toen werden er reeds 1,503 nederlandse tegen 1,308 franse uitgegeven. Ook de statistieken nopens de ingevoerde boeken uit Nederland en Frankrijk bewijzen dat het nederlandslezend publiek steeds talrijker wordt. In 1938 werden in België voor 13,500,000 F nederlandse boeken geïmporteerd tegen 42,300,000 F franse, hetzij 25% tegen 75%. In 1955 was dat geworden voor 96,000,000 F nederlandse tegen 184,900,000 franse, of 34% tegen 66%. Alles doet voorzien dat die ontwikkeling in de toekomst zal verder gaan, daar de nederlandssprekende bevolking in België vlugger aangroeit dan de franssprekende en thans reeds bij de jongere generaties 60% van het geheel bedraagt.

Wij zijn ervan overtuigd dat er in Vlaanderen tamelijk veel afrikaanse boeken en tijdschriften zouden gekocht en gelezen worden, indien ons publiek ze maar onder ogen kon krijgen. Nu zijn er slechts enkele bibliotheken en boekhandels waar men er aan kan treffen. Er bestaat geen traditie op dit gebied en ook de afstand is een belemmering. Evenwel moet het niet onmogelijk zijn die moeilijkheden te overwinnen, indien de afrikaanse uitgeverijen in ons land hetzij door een filiaal of wat waarschijnlijk gemakkelijker te verwezenlijken is door een bestaande vlaamse onderneming konden vertegenwoordigd worden. Dat stelsel is sedert jaren met Nederland in zwang en in zover wij kunnen oordelen werkt het uitstekend. Het nederlandse boek wordt in Vlaanderen door nederlandse bijhuizen of vlaamse firma's verspreid, die voor een



geregelde aanbieding bij de boekhandel zorg dragen en tegelijk door het zenden van recensie-ekemplaren aan de pers, het deelnemen aan tentoonstellingen en het voeren van de noodzakelijke propaganda, de onmisbare belangstelling wekken. Natuurlijk zouden er in de eerste drie jaar geen wonderen mogen verwacht worden, maar na verloop van tijd zou de afrikaanse letterkunde hier ingang gevonden hebben.

De kans op slagen zou groter worden, indien terselfdertijd de medewerking van afrikaanse schrijvers aan onze tijdschriften en bladen nog veelvuldiger kon worden. De meeste redakties zouden goede bijdragen dankbaar aanvaarden en zelfs geneigd zijn een afrikaanse vertegenwoordiger in hun schoot op te nemen. Nu is er over en weer te weinig bekendheid met elkander, niet wat de belangrijkste kunstenaars betreft, maar in verband met de eenvoudigste gegevens, zoals de namen en adressen van de tijdschriften, hun strekking en het bijzonder publiek waartoe zij zich richten. Hetzelfde wat de uitgeverijen aangaat. Is het ongepast de vraag te stellen of het niet wenselijk is dat de Afrikaanse Skrywerskring en de Vereniging van Vlaamse Letterkundigen met elkander in voeling zouden treden om voor deze moeilijkheden een oplossing te vinden?

Persoonlijk zijn wij de mening toegedaan dat een sterker doordringen van de afrikaanse letterkunde in Vlaanderen talrijke voordelen zou opleveren. Van onze kant uit gezien, zou zij een verruiming met andere motieven en stijlvormen van onze letterkunde tot gevolg kunnen hebben. Een klein volk als het onze is altijd geneigd zich geestelijk binnen zijn beperkte grenzen als in een schuiloord terug te trekken, hoewel het zonder zichzelf prijs te geven de wereld in zou moeten gaan om al zijn mogelijkheden te kunnen ontplooiën. Verder zou het een aanwinst betekenen indien onze taalscheppende kringen, schrijvers, leraars en redenaars, het afrikaans beter mochten leren kennen, ter verrijking van onze eigen taal en om hen ertoe aan te zetten ernaar te streven de bestaande verschillende eerder te verminderen dan te vergroten. Door het besef van onze taalverwantschap te versterken, wordt onze taal belangrijker en verhoogt de kans dat zij in België de plaats verwerft die haar toekomt. Wat de voordelen voor Zuid-Afrika zouden zijn, kunnen en willen wij niet uitmaken, omdat zoprechte waardering ons verbiedt ons de rechten van onze vrienden aan te matigen.

## Akteur

Tot trilling van die hande,  
betrande oog,  
is hy gevonniss . . .  
lewenslank op die verhoog.

Soos hul wat boet,  
word die misdaad-toneel  
herhaaldelik voor valk-oë  
van gehore afgespeel.

Soms as hy tydelik  
sy betoog verloor,  
(Wie kan die souffleuse  
altyd suiwer hoor?)

Slaan die sweepstem  
van die regisseur  
sy oor-die-tou-trap  
middeldeur.

Toe hy na vyftig jaar  
appël aanteken,  
is sy laat en doen  
sorgvuldig herbereken.

Met die laaste skerm  
wat uit die hoogte plons,  
applous wat die saal  
se hart laat bons,

Weet hy: na herkou  
van my hardeplank-dade,  
is die jurie-uitspraak nou:  
GENADE!

## Embrio

Opstandig het hy gevloek, gebid  
om hy in dié verknorsing sit.  
Nie geweet die lewe kiem  
in die hart van 'n gedopte pit.

B. LE ROUX:

## Maanlignag

Langkloof, 14 April 1957.

*Donsig-sag*

*lê oor Langkloof hierdie  
skulpgevekte maanlignag.  
Stil, eerbiedig bid elke wilgerboom  
— nog steeds gedrapeer in sy somerdrag —  
langs die stroom se soom.*

*Digby*

*pérel 'n druppel dou  
in 'n halfverskeurde spinnerak;  
al is die wonde diep en rou.  
Maar wie sal dit môre nog onthou  
in die goue glans,  
teen die helder blou?*

*Langkloof*

*se nag vol perlemoer  
geheilig deur Sy grootse teenwoordigheid,  
kan diep, diep kuile roer:  
vereensaam roep 'n tortelduij;  
'n verduaalde vlakpatrys pietersielie  
teen die rant se kuif.*

*Buk laag sonder smuk of tooi*

*sodat Hy die silwer lig,  
salwend oor jou hoof kan strooi.*

# Ons Volksmart

Sonder die ylblou lug so vol geheimenis  
wat strek van rant tot kop, van kop tot rant  
waardeur gedagtes vryelik kan trek,  
lé ons eie volk verstriek onder  
die pikswart wortels van 'n mag,  
donkerder as 'n boorgat se verste duisternis.

Die vlug van bos- en tortelduif word nou gestuit  
deur sirkels, vierkante en trapese van beton,  
en luukse motors ronk en snor oor  
'n stad se blink-gevyfde asfaltstraat;  
selde word die straal van sonsondergang  
weerkaats in 'n outydse vensterruit.

Maar reg onder ruk en pluk 'n verwoede dier  
wat op ons land se ingewande tier.

Snags staan uitdagend afgeëts, koolswart  
staal-, yster- en betongedrogte  
penregop teen die maan se skyf:  
vingertereg wysings van . . . ons volk se smart.

Ek hoor dit aan die ysterboor  
se doef-doen- en knarsgeluid,  
want orals op ons vlaktes word  
die volk se nuwe pyne oopgeboor.

Ek sien dit flikker-dans  
in rykskakeerde neonligte wat  
maan en sterre uit wil doof;

Ek sien dit aan die duifstert-hare — en  
die Amerikaanse kleredrag;  
en kyk ek in die nuwerwetse rondespieël,  
fonkel-tril dit in my eie oog en  
ek wonder: is daar vir my 'n uitkomkans?

Sonder daardie glasielokkende, goudgeel bier  
wat wierookvate leeg laat loop en drinkbokale oor,  
probeer ek daadwerklik om dit alles te ontvlug;  
daarom tokkel ek weemoedig saans 'n malle deuntjie  
op die goue snare van my eie lier.

FERNAND FLORIZOONE:

## *Een Woord*

*Een woord  
is soms een kluis  
waarin ik schuil  
of wandel  
door gangen  
naar een ander  
oord.*

*Een woord  
is soms als maart  
een plotse bloesem  
een geluid  
een toverkruid  
dat bitterzoet  
vloeit in mijn bloed.*

*Een woord  
is soms de drempel  
van een licht  
een branden  
een overgave  
of soms niet meer  
dan een gedicht.*

## *Gebed op Kerstnacht*

*Mag ik als Jozef zijn,  
een bedelaar voor 't kerstekind,  
een doolaard van geluk,  
een zwerwer om een licht;  
mag ik een herder zijn,  
een herder van een englennacht,  
God bergen in een schaapjesvacht;  
mag ik eenvoudig zijn  
zoals Maria was,  
God tot de mensen dragen  
en verder niet meer vragen.*

## Mummie

*Gezwachteld in uw windsels, strak gekruist  
de handen op uw borst, waar eens uw maag  
van wellust zwol — men heeft u gans gekruist —  
ligt gij al eeuwen in uw sarcophaag.*

*Uw lippen en uw oogleên fijn verguld,  
uw schedel zonder hersens en uw buik  
met myrrhe en cederolie rijk gevuld,  
uw ingewand in de Kanopenkruik*

*en op de plaats van 't hart een scarabee,  
zo zijt gij, licht als stof en broos als glas,  
nog slechts het leeg omhulsel van de fee,  
die eens de hartstocht van een koning was.*

*De zon stort onverhoeds door 't hoge raam  
en buiten joelen kinderen. Ik wou,  
dat ik van u iets méér wist dan uw naam,  
want eens waart gij een trotse, jonge vrouw.*

\* \* \*

*Uw handen, ach uw handen waren zacht  
en strelend en verliefd in gretig spel,  
wanneer uw minnaar in de lauwe nacht  
het vuur in u ontstak, roekeloos, fel.*

*Uw lippen, ach uw lippen waren week  
en warm en vochtig, toen zijn hete tong  
begerig langs uw witte tanden streek  
en de oude nachtegaalman bronstig zong.*

*Uw ogen: koele vijvers vol van licht,  
aquamarijnen kostbaar, gulzig, groot  
en raadselachtig als een schoon gedicht  
om de geheimen van uw donkre schoot.*

*Uw schedel: overvolle hazelnoot,  
gesloten kleine wereld, gonzen van  
gedachten als nymphen: liefde, dood,  
de goden, praalzucht, 't eigen kind, de man.*

\* \* \*

*Een rijpe wijnstok, rijkgepulde schaal,  
schoon bloeiend als een ranke rozenstruik,  
vol zoete geuren, oliën, royaal  
met al de zaligheden van uw buik.*

*Uw hartspier heftig bonzend in uw borst,  
ontembaar, tierig als een duiventil,  
soms mild, maar onverzaadbaar als de dorst  
van 't bloed, dat altoos méér genieten wil.*

*Uw leden blank als pasgemolken melk  
en vast van vlees. Uw vormen slank en fijn.  
Uw sierlijk lichaam als een offerkelk  
verlokkend en verlangend naar 't festijn.*

*— Als ik met kloppend hart zacht in uw mond  
mijn adem blaas, stuift van uw dor gelaat  
een beetje goudbruin poeder op de grond,  
die zich behaagziek in het zonlicht baadt.*

JAN SCHEPENS:

## *Kwatrijnen*

JEZUS EN WIJ

*Voor ons droeg Christus zijn kruis van hout;  
maar alle mensen, jong als oud,  
zij dragen, mét of zonder schaamte,  
hun eigen kruis, een zwaar geraamte.*

CHIROMANCIE

*Ik bekijk je bleekgele handen  
en lees de lijnen van je lot.  
Hoe schrik ik; want achter hun randen  
vermoed ik de dreighand van God.*

BOMEN EN MENSEN

*Zijn wij de broeders niet van alle bomen?  
Zij torsen takken, blaren, bloesems, fruit;  
wij tillen hoog de vracht van onze dromen  
en zien ook hunkrend naar de heemlen uit.*

ZOALS EEN VOGEL

*Boeken kennen, noch alphabet; totaal  
gezuiverd zijn van voorschriften en wet;  
doch't leven schenken aan een vreugdetaal  
en zingen kunnen als een nachtegaal.*

W. A. HICKEY:

## Die Held van Gasa

Die droë hitte van die woestynse voorsomer is drukkend.

Gideon se fors gestalte kom orent en hy kyk vlugtig na die lug. Hy sien die vaal-vuil deinsigerigheid op die gesigseinder wat gister en eergister daar was en 'n skimbeeld is van die ongebore môre.

„Soe!” Met 'n krom voorvinger stroop hy die sweet van sy voorkop af.

Hy kyk na die koringmied. Dis skraps en nie belowend nie, maar genoeg tog om in die behoeftes van sy mense te voorsien. Daar trek 'n loom ou luggie, skaars genoeg om mee te wan, maar die man is haastig en elke bietjie help.

Hy breek 'n gerf en sprei die are eweredig in die kuip. Dan wysel hy, en as die Gasa-windjie liggies roer, druk hy die gaffel in en gooi die strooi behendig teen die wind.

„Die Here is met jou, dapper held!” Hy hoor die woorde helder, deurdringend, en van skrik laat hy die gaffel val.

Hy is mos alleen, wie . . . waarvandaan . . .

Toe hy omkyk, sien hy Hom onder die terpentynboom sit. Gideon ontbloot sy hoof. Hy voel bevrees, maar ook besiel en herwin weer dadelik sy ewewig. Hy sluit sy oë en oombliklik sien hy alles, helder, soos die rowers uit die Gasa die afgelope sewe jaar mos net van roof en steel geleef het . . . hoe hul toegesak het op die landerye en die kuddes van sy volk . . . hoe hulle telkens alles gestroop, geroof, geplunder en verwoes het . . . hoe hulle afgodsdienste laat tier het en sy volk onteer en heeltemal ontwrig het, en hy smeek: „Ag, Here, hoekom gee U ons aan ons vyand oor?”

Toe die woorde uit is, laat sak hy sy kop in skaamte. Hy voel skuldig, maar wonderlik sterk en gelukkig, asof 'n verlossingsdaad in hom vaardig is.

„Gaan verlos jou volk!”

Die Stem is helder, gebiedend, en tog vol gevoel en ontroerend. Gideon wil sy oë oopmaak om te sien, om te voel en te weet dat die Stem met hom praat en nie maar sommer 'n naklank van inbeelding, of bedrog van sy sinne is nie, maar hy kan nie . . . hy huiwer, en dan, aarselend, maar asof gedwing deur 'n vreeslike drang, vra hy: „Waar-mee tog, my geslag is so swak, en ek . . . ek's die geringste in my eie familie?”

„Gaan,” sê die Stem, sag maar met die klank van helder kristal, „Gaan soos jy is . . . ek is met jou!”



Toe huiwer Gideon weer. Die afvalligheid van sewe jaar... die samesyn met goddeloses... verydeling, die oormag van die vyand, van tienduisendes, met kamele wat ontelbaar is, teen hulle veg? Dis moeilik, dis onmoontlik... hy, so onwaardig, so swak!

„Gee my 'n teken,” prewel hy, „net 'n teken van trou, dat ek kan weet U bedoel dit opreg. Bly hier, asseblief, tot ek terugkom om my offer te bring!”

Gideon se verhemelte word droog. Hy voel die aansyn van sy God, hy weet hy sondig deur sy ongelowigheid, maar voel tog ook hoe krag en sterkte, onverklaarbaar, elke woord besiel.

„Nou goed, ek wag. Loop haal jou offer!” Gebied die Stem.

Met lang treë, dringend bewus van die Godlike opdrag, haas Gideon hom na waar sy kleinvee, in klompies herkouend, in die skadu van die olyfboord beskutting teen die son se strale soek. Hy gryp 'n jaaroud lam en sny hom keelaf. Die huismense het verbaas gestaan.

„Vanwaar die haas, en waarom nou 'n bok slag... so ontydig, daar is nog vleis, genoeg nog vir vandag en môre, selfs... of is dit gaste, verwag jy iemand?”

Maar Gideon het koersagtig en stil, asof hy stom is, 'n efa meel geneem en ongesuurde koek gemaak.

Toe alles gaar was, het hy die vleissous in 'n potjie afgegooi

„'k Sal die in iets moet pak,” het hy geprewel, en daar was vrees en liefde in sy stem toe hy die gaargemaakte bakkie en die suurkoek sorgvuldig in 'n mandjie pak.

Verbysterd, onbegrypend het sy mense hom agterna gekyk toe hy op 'n haastige drafstap in die rigting van die terpentynboom loop.

„Daar... daar is dit... die offer!” Sy stem is hees van eerbied en ontsag.

„Sit die vleis en die ongesuurde koek hier neer, hier op die rots, en gooi die sous daaroor!” Die Stem is sag maar onweerstaanbaar. Met hande wat bewe, voer Gideon die opdrag uit en dan, onderwyl hy eerbiedig terugstaan, rek sy oë wyd van vrees en verbasing. Hy sien hoe die punt van 'n staf aan die vleis en die koek raak en toe sien hy vonke spat.

'n Vlam begin knetter, eers klein maar toe word dit groter, groter, totdat dit gulsig lek en beef en ruk en pluk en dreun soos die gloed van die vuur die vleis en die suurkoek verteer dat daar nie eers 'n vetkol op die rots ná bly nie.

Met sy hande afwerend staan Gideon, tot daar gunter gevlug vir die gloed van die hemelse vuur, verstom en wag om te sien wat gebeur.

As die vlamme dan skielik, nes dit gekom het, weer verdwyn, kyk hy op . . . kyk hy rond, verbaas, want hy is alleen . . . nes vroeër vandag voor die Engel gekom het.

„Ag Here, Here . . . !” skree hy benoud, tot die dood toe bevrees, want hoe kon hy weet wat die doel van die vreemde gesig tog kon wees? En toe die angssweet op sy voorkop druppels word, hoor hy: „Vrede vir jou . . . vrees nie, jy sal nie sterwe nie!”

Ineens, asof hy by ’n oase lawenis vind vir die woestyn se son en sy wind, deurspoel ’n vrede hom en hy weet dat dit God is wat dit gee.

Hy spring toe aan die werk, want in sy hart is vreugde. Sy gemoed is stil en rustig en tevrede.

Hy bou ’n altaar en toe dit klaar is, kniel hy en vou sy hande in ootmoed voor hom saam.

„Die Here is vrede,” prewel hy en voel ’n groot en nuwe krag wat hom besiel en sterk maak.

En daardie nag het hy opnuut die stem gehoor: „Jy moet die altaar van Baäl gaan vernietig en die heilige boom wat daar langsaan staan, dié moet jy afkap . . . die hout opstapel en daarop vir my ’n brandoffer bring . . . die tweede bul van jou vader, dié moet jy offer.”

Gideon het nou geweet dat hy gelei word, dat daar ’n doel en ’n plan in sy lewe gekom het, wat sonder sy toedoen gerig en bestier sal word.

Hy het ’n lys van die name van vriende gemaak en toe gekies en gekeur.

Tien weerbare manne, met pit en met eer, wat onwrikbaar sou staan in die diens van sy Heer. En toe dit aand word het hy hulle bymekaar gemaak.

Die verwoestingswerk was deeglik. Toe die altaar van Baäl te pletter lê, het die heilige boom se beurt gekom. Met doelbewuste drif en ywer is hou op hou gevel totdat die reus gewankel en geval het. Toe kap hulle die takke los en stapel stompe op om hierdie keer ’n altaar te bou om ’n lewende God te eer.

Toe die inwoners van die stad die volgende oggend ontwaak, was daar eers opgewonde verwarring, toe verontwaardiging, en daarna ’n wraaklustige gemor van die hele gepeupel wat dreig om Joas se huis te verpletter: „Dis jou seun . . . dis Gideon, dis sy handewerk . . . bring hom uit, hy moet sterwe!”

Maar Joas het hom nie laat afskrik nie. Reeds sewe jaar

lank is sy volk geteister deur hierdie heidense spul wat hulle dan kwansuis wil wreek op sy seun wat hulle nietige afgod onteer het. Met 'n hoonlag, om te wys hoe hy met die vyand van sy volk spot en hulle verag, gooi hy sy hande dramaties omhoog: „Wag nou . . . wag, wil julle dan nou vir Baäl veg . . . is sy mag dan saam met sy altaar vernietig, of kan hy sy man nog staan . . . julle sê hy is 'n god, laat hom dit toon!”

Toe kom 'n gebrom uit tienduisende kele wat dreig om die hele Israelitiese volk tot stof in die aarde te trap.

Uit die Ooste het hulle in duisende aangetou gekom totdat die vlakke van Jisreël gewemel en krioel het.

In Gideon het die Gees van God nou vaardig geword. 'n Nuwe, bruisende krag het hom gepak en hom sterk gemaak vir die Godbehaaglike taak om sy volk se verguising te wreek.

„Blaas die oorlogsbeuel . . . die ramshoring, blaas hom hard sodat my volk se weerbare manne die swaard kan omgord,” het hy geesdriftig uitgeroep en boodskappers na heinde en na ver gestuur, „loop sê hul' aan, die manne van Manasse, van Aser en Naftali, loop waarsku dié van Sébulon, sê hulle moet almal kom!” En toe die aandson sak, buig Gideon sy hoof en roep sy Here aan: „As dit U wil is, gee my 'n teken,” so prewel hy, en spalk 'n skaapvel op die dorsvloer uit, „laat dit dan dou, O, Vader, net op hierdie vel, maar hou die dorsvloer droog!”

Die woestyn se wind, die stofbelaaide lug, die jaargety, dit alles was teenstrydig met die natuur se wette wat voorsiening maak vir dou, maar toe Gideon gaan slaap, was hy gerus — dis sý God wat hy vertrou.

Voor sonop was hy op en by die dorsvloer met 'n waskom. Hy betrag 'n wonderwerk: Die hele dorsvloer is horingdroog maar op die skaapvel blink die wol van nattigheid. Hy sit die kom versigtig naby neer. Uit gewoonte spaarsamig met water, tel hy die skaapvel op en hou dit oor die kom. Soos 'n wasgoedstuk wring hy dit uit: 'n hele kom vol water.

Toe bid hy weer: „Net eenkeer, Heer, oortuig my tog dat dit U wil is dat ek die onderdrukkers van my volk, die onteerders van U naam, 'n gedugte les moet leer. Laat dit vannag weer dou, maar laat die skaapvel droog bly . . . Heer, vergewe my!”

En die volgende nag was die dou eens so erg. Toe Gideon sien wat gebeur het, was hy bewoë — sý God, verhewe bo alle gode!

Die wêreld was nat van die dou. Op die dorsvloer, temidde

van nattigheid en glibberige gladdigheid, lê die skaapvel . . . horingdroog.

„Dankie, dankie, my God, nou weet ek, en ek is gereed!” Met twee-en-dertigduisend man trek hy die vyand tegemoet.

„Wag,” hoor hy weer eens die Heilige Stem, „jou leër is te groot. Dun hulle uit, want as hulle wen, sal hulle straks hulle talrykheid en eie arm loof. Laat dié wat bang is, omdraai!”

En Gideon het bevel gegee: „Voor ons by die steil bergpas van Gilead kom, moet dié wat lugtig is en bewe, liewers omdraai!”

’n Skamele tienduise man het die opmars voortgesit, want twee-en-twintigduisend het, toe die opdrag kom, verkie om om te draai.

„Nee,” hoor Gideon ootmoedig weer die Stem van sy God wat verder gebied: „dis nog te veel. Laat hulle by die spruitjie water drink en dié wat haastig is, wat lek-lek drink, laat hulle eenkant staan, want net hulle het jy nodig om die vyand te verslaan.”

Toe die opmars weer hervat word, weerklink Gideon se stem: „Dis die laaste water dié, drink gou en drink genoeg!” Met ’n oog wat almal sien, kyk hy hulle vlugtig deur: „Staan soentoe, jy, en jy, staan anderkant!”

So soek hy uit en sif met die maatstaf wat sy Heer bepaal het. Toe die uitsoekwerk voltooi is, kyk Gideon die skraal ou groepie deur en tel hulle. As hy nie deur God besiel was nie, sou sy moed hom toe begeef het: slegs driehonderd man.

Duisende der duisende heidense hordes moet hy met dié handjievool nou aandurf. Maar hy aarsel nie . . . dis God se plan.

Toe hulle daardie aand hulle kamp opslaan, roep die Stem hom weer uit die hemele aan: „Staan op en gaan na die vyand se laer om te verneem wat jy verder moet maak!”

Versigtig, voetjie vir voetjie, sluip Gideon deur die eerste linies van die Midianitiese laer, in die laagte waar hulle saamgetrek lê, meer as honderdduisend sterk, met hulle vee, hulle kamele . . . soos sand aan die see.

In ’n tent hoor hy praat. Hy steek vas en hoor wat vertel ’n soldaat aan sy maat: „Ek droom ’n hardgebakte garsbrood kom uit die hoogte aangerol tot teen ons tent aan. So groot en so swaar was die brood dat hy die tent van sy penne af ruk en stamp dat hy doer lê. Sjoë, so ’n nagmerriedroom, ek is nat van die sweet!” „Dis ’n slegte droom wat jy gehad het,” sê sy maat, „dit spel onheil. Die garsbrood is ’n sinnebeeld van Gideon, en die tent is ons, die Midia-

niete, wat gaan spat voor die aanslag van sy swaard. Jou droom beduie niks anders nie."

Buite die tent, in die lig van die hemelse sterre, hef Gideon sy oë na bowe: „Ek dank U, Alvader, vir U rigtende hand wat onwrikbaar is en trou, en ewig koersvas bly, wat gebied en U wil laat geskied met 'n liefde wat in ewigheid is, Amen!"

En toe haas hy hom om die grootse boodskap te bring tot in die binneste kring van die Here se eie klein leër.

Met geesdrif wat besiel, vertel hy. „Geen swaard is nodig nie, net 'n ramshoring in die een hand, in die ander een 'n fakkell en 'n kruik . . . ons teenwoordigheid moet vir eers geheim bly . . . plaas die fakkell in die kruik . . . drie groepe, honderd man in elke groep . . . omsingel hulle, en maak dan net soos ekke . . . gelyktydig blaas ons op die horings, slaan die kruike stukkend en hou die fakkels hoog terwyl jul almal skree: ‚Vir die Here en vir Gideon!‘ en dan moet elke man net op sy plek bly staan, want die Here sal dan toesien dat die vyand homself met eie swaard verslaan!"

Toe versprei die manne en geruisloos sluip hulle teen die hoogtes af, in die rigting van die vyand.

Teen middernag is elkeen op sy pos en stil en oorgehaal, gereed vir 'n opdrag deur die Heer bepaal.

En net toe die middelste nagwaak se skof moes begin, nog voordat die buitenste wagte gereed op hulle pos was, sketter 'n ramshoring die woestyn nag se stilte uiteen en laat elke Midianiet opspring, in harwar struikel en steier en gryp na 'n spies of 'n kierre of enigiets om homself mee te weer. Nog suf van die slaap, word hulle sinne half rasend gemaak, byna mal van die ontsettende ramshoring-geskal. Dit gil en dit skree uit tienduiseende kele, verdronge bevele, die een met die ander teenstrydig, en almal raak al hoe verwarder.

Toe klap dit en kraak. Naas die skrikwekkende horing-gesketter, rinkel driehonderd kruike wat bars en breek onderwyl driehonderd fakkels skielik lig maak en net soveel stemme uitgalm:

„Vir die Here en vir Gideon . . . vir die Here en vir Gideon . . . vir die Here . . . .”

Die verwarring is verskriklik. In die duister kan niemand mekaar onderskei nie, help dit nie om te praat nie . . . te vra wie vyand is of vriend nie, en elkeen span hom in om weg te kom, om alles in sy pad net plat te slaan of om te stamp of dood te maak.

Die vee, die kamele, ook gepak deur ontsettende vrees,

blêr en skree, en maal aaneen in 'n stofdamp wat die nag se duister dikker maak.

Spiese, swaarde, sabels klink en kletter teen mekaar, en steek en kap . . . 'n kop gekloof . . . 'n hart deurboor . . .

En toe dit lig word, was die laagte van Jisreël gevul met mense en met diere, wat vermink is en wat dood is . . . duisende der duisende, wat, helaas, in die dood nou moet getuig dat daar maar één God is.

Ook dié wat ontvlug het, het geweet dat die vlug net tydelik is, net tydelik . . . Teen hulle is die hand van Gideon, die seun van Joas uit Israel.

Toe wis hulle dat dit God is.

JAC. J. BRITS:

## Huwelik

*Ons siele het soos water saamgespoel,  
En bo die ronding van die Ewigheid se baan  
Voor God se groot alwetendheid gaan staan.*

*Nou is ons nie meer twee, maar één,  
'n Liggaam en 'n siel wat aan die godheid grens.  
En só gestalte gee aan sy geheime wens.  
Die woorde van 'n vader aan sy seun*

## By die Afskeid

*Totsiens my seun. My woorde wat die boodskap bring  
van hierdie siek ou hart, is soos 'n blaar  
wat bleek en vaal saam met die herfswind sing;  
net maar 'n wens wat op genade vaar.*

*Ja, dis totsiens, miskien is dit vaarwel,  
Net God kan dié geheim aan ons, die sterflikes vertel.*

*Ek het jou opgevoed om man te wees,  
Wat durf en daad as man aanvaar.  
Om nooit te sé: my moed is vrees,  
vir sorg wat die tyd mag baar.*

*Wees dan 'n man, want manlikheid en moed,  
is vir jou siel die beste goed.*

*Sien steeds die gawes wat jou God verleen,  
Maar laat jou siel die siener wees.  
Want kyk en sien is slegs maar een,  
wanneer die siel die boodskap lees.*

*Want hoog bo die hemel heers sy stem, my kind.  
En as jy soek, sal jy die suiwer boodskap vind.*

*Jy was 'n goeie seun — 'n vader kan nooit beter vra,  
'n Suiwer siel wat bloed en afkoms steeds onthou.  
'n Mens geskep uit min en Gods gena —  
Laat dit die stene wees vir jou gebou.*

*Totsiens dan nou, my seun; die tyd skuif stadig nader.  
En as 'n laaste wens: Neem nou vir God as vader...*

PIROW BEKKER:

## *Kleinhoewe*

*Vandag se saldo is die ander taak om nog voor vyf  
gou vir saad te bel,  
of uit kolomme van dié week se landboublad  
geënte boompies te bestel.*

*Die klein huiskampie van die ou familieplaas  
was groot genoeg vir land,  
luserbeddings en selfs plek om hier en daar  
terloopse struike aan te plant.*

*Sewe morge het ons hier behou. Langs  
watervoor en wilgerloot  
soek ons nog elke jaar na beter grond  
vir ons trae hanepoot.*

*Maar Saterdag as ons met grawe vlug  
van romp na vlerk  
weet ek opnuut dat tussen hierdie twee  
sit al ons drome ingeperk.*

## *Kiesrympie*

*Ek is aan twee, ek is aan twee.  
Hoe kon hul aan jou stemreg gee?*

*En kies hul my, en kies hul my,  
dan moet ek jou bely.*

*Maar kies hul jou, maar kies hul jou,  
kan ek slegs duim vashou.*

*Ek vra net as ek bid, net as ek bid  
dat jy nie op die bed bly sit.*



## Die „Verleden” motief in Ina Boudier-Bakker se Dramatiese Werke

Die rol wat die verlede in Ina Boudier-Bakker se werke speel, vind ons gekarakteriseer in haar bekende roman *Armoede*: „Er schuilt een armoede in ieder menschenziel” (bls. 189). Ibsen het eenmaal gesê: „Wij hebben allemaal een lijk aan boord, ons verleden.” George Hermann, die skrywer van *Jettchen Gebert*, druk dit so uit: „Es geschieht wie es geschehen musz.”

Die kerngedagte van die skryfster se werk is dus die fataliteitsgedagte en die *Fatum* is die verlede, die armoede wat daar in elke siel skuil. Haar karakters is onherroeplik verbonde aan wat daar eenmaal met hulle gebeur het, en wat oor hulle bestem is. Die botsing is meer 'n tragiese konflik met die noodlot as met die karakters self. Die karakters is Prometheus-gestaltes wat hulle van hulle gebondenheid wil bevry, maar na 'n wanhopige stryd weer teruggedruk word na hulle lotsbestemming. Dit word beweer dat Ina Boudier-Bakker Goethe se wrede raad opgevolg het om haar werke met die huwelik te begin, in plaas om hulle daarmee te eindig. In die egbreuk is daar 'n mate van bevryding van die bande wat die karakters bind. Maar so iets bevredig die pessimistiese skryfster soos Ina Boudier-Bakker nie; sy wil die lydingsbeker drink tot die bitter droesem toe. Daardie wrange bitterheid sou haar nie deurdring indien die egbreuk 'n oplossing vir die mislukte huwelik is nie.

In die algemeen geld hierdie bewering net vir haar romans. Behalwe in *Het Hoogste Recht*, is dit nie van toepassing op die drie toneelspele wat in dié betoog bespreek word nie. In *Verleden* en *Springvloed* tree die verlede-motief in voordat die huwelik voltrek is.

Om die kensketsing met voorbeelde te staaf dink 'n mens in die eerste instansie aan die toneelspel met die titel *Verleden*. In die eerste bedryf ontmoet ons die familie Verduin, skynbaar heeltemal gelukkig, maar dit duur nie te lank nie of ons ontdek dat daar 'n lyk aan boord is. Op die vooraand van sy goue bruilof is daar 'n merkbare onrus,

'n gejaagdheid in die siel van vader Verduin wat spannend op die hele gesin inwerk. Die oorsaak is dat Dolf, een van sy seuns wat na Amerika gestuur is, daar verduistering gepleeg het. Later ontbreek daar weer 'n bankbiljet in die kantoor waar die seun werksaam is. Nou neem die verdenking 'n dreigender houding aan. Dolf is natuurlik heeltemal onskuldig; die bankbiljet word in een van die kantoorlaaie gevind, en hy word gerehabiliteer. Maar deur die wantroue is die seun so geskok dat hy sy verlowing met sy nooientjie, Catherina, verbreek. Die tragiese van die hele affêre is dat Catherina, niteenstaande Dolf se donker verlede, haar aan hom wil verbind, maar die gebeurtenis is ook genoeg om haar aan sy integriteit te laat twyfel. Die gevolg is dat Dolf ylings 'n betrekking in Hamburg aanvaar om sy verlede te ontvlug.

Hierdie toneelspel behoort tot Ina Boudier-Bakker se jeugwerke; gevolglik word die „verleden”-motief nie in al sy vertakkinge behandel nie. Die skryfster is nie so vervul met die fataliteisgedagte soos in haar rypere werke nie, maar nietemin is sy skrande genoeg om die dinge te begryp en sy lewer die bewys van die krag in haar onderbewussyn van die „verleden”-motief.

Daar is egter 'n ander toneelspel waaruit die waarheid blyk dat die tragiese botsing eerder 'n konflik met die noodlot is as 'n konflik met die karakters. Hier word die toneelspel *Het Hoogste Recht* bedoel. By 'n oppervlakkige deurlees van die werk kan 'n mens wel tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n karakterkonflik is, naamlik tussen Marius Koberg en sy vrou Eva. Maar dis alles skynbedrog, want na noukeuriger ondersoek sal dit blyk dat dit die noodlotsmotief is wat die karakter van die stuk bepaal.

Marius Koberg is 'n vooruitstrewende man, ryk met 'n 'n rooskleurige toekoms en hy behoort tot 'n aansienlike familie. Maar opeens werp hy sy skone toekoms weg en trou met Eva, 'n meisie ver benede sy stand. Hy laat haar egter vir die offer duur betaal. Hy ontnem haar haar twee kinders, Liza en Hein. Sy word slegs geoorloof om 'n swakkeling te behou wat haar later deur die dood ontnem word. Die twee ouer kinders word in die naburige stad deur haar skoonmoeder opgevoed. Die skoonmoeder kry nie slegs die besitreg oor die kinders nie, maar ook die heerskappy oor Koberg se huis en sy siel. Hy behandel sy vrou met die grootste minagting en begrawe hom in sy burgemeesterswerk.

Onder die verskriklike eensaamheid waarin Eva gelaat word, ontwaak die moederinstink des te sterker. Sy besef

dat sy in haar moederskap gewond is. Op hierdie kritieke moment verskyn die kunsskilder Van Leemten op die toneel. Hy skilder haar portret asook dié van haar gestorwe kindjie. Die man is vol fyn gevoelens en attenties en is meer Eva se portuur in jare as haar ou man. Van Leemten vind die vernietigingsproses van Eva se huwelike voltrokke; sy is ryp om hom in die arms te val. 'n Mens kom tot die gevolgtrekking dat 'n egskending die enigste oplossing is, maar hy het hom in so 'n hipotese misgis. Hy het heelwaarskynlik vergeet dat die skryfster Ina Boudier-Bakker is. So 'n oplossing kom by haar nie voor nie; daar word 'n teenmotief in werking gebring.

Eva mag haar bestemde lot nie ontvlug nie; al haar wanhopige pogings is waardeloos; sy is nog 'n Prometheusgestalte, vasgebind aan haar verlede. Die moederskap is die essensieelste element van die ou tradisionele lewenskrag, en dis juis dit wat die situasie hier red en die oplossing bring. Die skryfster laat die verhouding tussen Eva en Frank tot die uiterste drywe. Sy staan alreeds gereed om haar huis met haar minnaar te verlaat as haar dogter op die toneel verskyn. Deur haar ouma se opvoedingsmetode en die gemis aan vertroulikheid met die ouma skyn sy bedorwe te wees. Maar die natuurlike intuïtiewe insig van die moeder en die liefderike en warm gesprek met die moeder bring die dogter op die regte weg. Onder die krag van haar moederplig wys sy van Leemten se liefdesaanbod van die hand. Fier staan sy teenoor haar man, bely haar verhouding met Van Leemten. En as sy die moederskap vorder van haar onbesoedelde huis, vind sy die grootste bondgenote in die gehate skoonmoeder wat langs die weg van haar eie moederskap die reg van Eva insien.

Die skryfster laat die gordyn sak alvorens ons iets van die kentering in Marius Koberg bespeur. Dwarsdeur die stuk bly hy die onveranderlike en genoegsame egoïs. Om 'n oplossing te vind, moet die skryfster 'n derde persoon, die moeder, te hulp roep om haar doel te bereik. Hierdie karakters word onderwerp aan die lewenswet en die fatale bestemming. Daarom kan 'n mens in hierdie stuk nouliks praat van 'n karakterkonflik, want so iets eis 'n botsing tussen die persone; hulle probeer mekaar te verlaag of te vernietig deur aktiewe invloed. Maar in die karakter van Koberg lê daar nie die minste ontwikkelingsmoontlikheid nie.

Hoe Ina Boudier-Bakker aan die verlede vashou, kan verder nagegaan word in die derde toneelstuk *Springvloed*. In hierdie stuk is Martha Stiele die tragiese figuur. Die

stuk bestaan uit 'n *Voorspel* waarin ons op 'n vergadering van „Regentessen” van 'n verbeteringshuis die ware toedrag van sake in verband met die dogter Martha Stiele verneem. As sy uit die inrigting ontslaan word, ontferm 'n ou dame, mevr. Van Nes haar oor die meisie.

Die eerste bedryf begin vyftien jaar later. Die ou vrou wat Martha as haar eie kind aangeneem het, het gesterf en Martha het tot 'n aantreklike jong vrou ontwikkel wat haar aan die hoof van mevr. Van Nes se seun se huishouding bevind. Die bomenslike liefde van die ou vrou het 'n groot liefde in Martha gewek vir die seun en kleindogter. Die eerste vrou van Van Nes is oorlede en nou vervul Martha die taak van huishoudster en moeder. Van Nes word ernstig siek en word liefdevol deur Martha verpleeg. Van Nes het Martha leer liefkry en wil haar sy vrou maak. Sy het hom ook hartstogtelik leer bemin en die hele saak lyk afgehandel, maar nou tree daar weer eens 'n teenmotief op die voorgrond wat 'n gans ander wending aan die stuk gaan gee.

Daar is nog 'n ander man in die huis wat Martha bemin; die tuinier. Hy het skielik in die botter geval en sien nou kans om die meisie Martha tot sy vrou te neem. Martha verset haar. Maar nou kom daar van hierdie eensydige en hardnekkige man die bedreiging. Toevallig is hy op hoogte van sake aangaande Martha se verlede. Op sestienjarige leeftyd het sy 'n onegte kind gehad; daarom is sy na die verbeteringsgestig gestuur. Die tuinier dreig om hierdie donkere verlede te openbaar indien Martha weier om met hom te trou. Martha bedink die beste uitweg. Sy openbaar die hele saak aan Van Nes in die aanwesigheid van Laurens, die tuinier.

Van Nes bly aan sy aansoek getrou. Hy weier beslis om haar in die steek te laat. Maar Martha gaan verder. Sy weet dat ondanks alle versekering aan die kant van haar minnaar, haar donker verlede tussen hulle staan; daarom verbreek sy die verhouding. Martha is werklik 'n tragiese gestalte; sy gaan weens haar eie verheuenheid onder.

Dwarsdeur die stuk is hierdie tragiese faktor waarneembaar. In Martha se karakter is daar 'n stugheid wat alleen verklaarbaar is wanneer ons ons rekenskap gee van die feit dat sy voortdurend die angs vir haar verlede in haar aktiwiteit probeer begraaft. Haar hele toewyding spruit voort uit haar besef van onwaardigheid teenoor die liefde; haar verlede staan tussen haar en haar geluk m.a.w. die „verleden”-motief is die kerngedagte, in selfs Ina Boudier-Bakker se dramatiese werke.

GERHARD KEMP:

## Liedjie

*In die silwer saans  
in die skemervlei  
pluk ek vir my nooi  
die bloedturksvy.*

*Drup, drup druppels bloed  
in haar, in my  
dat ons in bloed  
verenig bly.*

*Die jare word  
'n stormrivier  
wat deur ons drome  
breek en tier.*

*Vreemdelinge in  
die hoë stad  
soek ons die hart  
se skraal voetpad.*

*Die hande kom  
kap en verwond,  
die druppels val  
stil in die grond.*

*En uit my hart  
word 'n boom gebreek,  
in my hande begin  
die dorings steek.*

*Hoog bo die stad  
hang die skemerdag  
in sy groot-oop wond  
rooi teen die nag.*

*Die druppels val  
uit die bloedsturksvy:  
drup, drup druppels bloed  
in haar, in my . . .*

# Dood

Gisternag se koue lyk lê in 'n sloot  
en staar grynsaggend uit die oggendkoerant.  
Ek voel die warm lêplek van die dood  
nog langs my op die bed met natgeswete hand  
en skielik jaag 'n trein met helse vaart  
hom nekaf teen 'n onbekende maat . . .  
'n Vrou hang afkop uit die glas, 'n lyk met baard  
se twee kinders kruip verlate in die straat  
en kruip en kruip en soek 'n bietjie troos  
by my . . . Ek vat die handjies en ek lei  
hul teer langs kruiwa, koekepan en pik verby  
dat hulle eendag verstaan, al sal hul boos  
die ryk baas vloek of saans in stukke lê en bid:  
Sy sekerheid is al wat ons ooit besit.

N. A. COETZEE:

## Joewyding aan die Musiek

Soveel skoonheid!  
Soveel klank in vreugde uitgestort!  
My siel het in my stil geword . . .

Is dit 'n aardse kind, 'n mens  
wat sulke skoonheid dig?  
Of sweef dit oor die Ewige Grens  
as teken van die Lig!

E. J. MOCKE:

## Die Hangman

Die regter het die doodstraf toegedien  
oog vir 'n oog, 'n lewe vir 'n lewe,  
en hy wat deur verstarde oë sien  
se hart word koud, sy hele liggaam bewe.  
Deur sy bewussyn vaag hoor hy hoe smEEK  
sy slagoffer en sien hom krul van pyn  
toe hy die lem tot teen die hef wegstEEK  
die lewe vinnig uit die liggaam kwyn.  
Dis of sy gees die ewigheid invaar  
met groot verskrikking uit 'n vreemde staar.  
Geen tyd of plek bestaan nou meer vir hom  
dis net die bloed wat deur die are vloei,  
as hierdie uur maar gou ten einde kom  
en die gery sy hande gou wil boei.  
En as hy uitgelei word na die galg  
en vrees en bewing nou sy hart omklem,  
die hangman reeds in stilte wag, en walg,  
die daad wat hy moet pleeg sny soos 'n lem  
hier deur sy hart, want hy is mens  
en sou maar liever om genade wens  
vir hierdie man, wat boet as moordenaar,  
maar dis helaas 'n doel wat hy moet dien,  
dit is sy roepingsplig, en jaar na jaar  
moet hy die uitvaart van 'n ander sien.  
Dan as die uur slaan moet hy dit verrig;  
en as die liggaam aan die galgtou swaai,  
sien hy die laaste blik, die wit gesig  
wat al die angs en doodsrees nou verradi.  
Oneindig ver die gees nou van die lewe,  
in stilte bid hy: „God sal u vergewe.”

## Boekbesprekings

D. F. Malherbe : SILO IS KRANK; VAN MENSE EN GODE; IN DIE NAMIB. Afrikaanse Pers Bpk., Johannesburg, 1956.

Dis 'n oorbekende verskynsel dat op enige bepaalde tydstip in enige lewende letterkunde kunstenaars van verskillende geslagte gelyktydig aan die woord is. So gebeur dit ook by ons: A. J. J. Visser-Ina Rousseau; Dirk Opperman-N. P. van Wyk Louw; C. M. van den Heever-Mikro; D. F. Malherbe; hulle werk oorvleuel mekaar in die tyd.

En tog lê daar 'n hele stuk lewens- en skoonheidsgeskiedenis tussen die verskyning van Malherbe se *Karoo Blommetjies* van 1909 en hierdie bundel poëtiese werk van 1956.

As lid van die eerste geslag skrywers ná die Tweede Vryheidsoorlog het hy die Tweede Afrikaanse Beweging, wat die erkenning van Afrikaans as volle kultuurtaal meebring, beleef; hy het die geboorte van 'n Afrikaanse kunsprosa gesien en self daartoe bygedra. Hy het die geslag van 1920 (Toon van den Heever, Fagan, Keet, e.a.) sien kom en gaan. Die skrywers van na 1925 het hy sien ontplooi, en sien plekmaak vir die geslag van 1935. Hy het in sy leeftyd as kunstenaar eintlik die hele Afrikaanse letterkuns sien word en oor 'n lang tydperk heen het hy telkens sy eie bydrae gemaak op die gebied van die poësie, prosa en toneel.

Hy het strominge en modes en grille in die letterkunde sien

verskyn en verdwyn, en onder dit alles rustig aan die werk gebly.

Juis daarom is dit nie altyd so maklik om hierdie kunstenaar se werk na waarde te skat nie. Die kunstenaar wat sy tydgenote oorleef, merk naderhand dat die heel jongeres van hom verwag dat hy poëties soos hulle geklee moet gaan en dat hy by dieselfde letteraltare moet offer. Dit is nou maar eenmaal die kenmerk van die jeug dat hulle knagend net vorentoe kyk. Laat ons hulle hulle jeug nie verwyd nie.

Om volle reg te laat geskied aan die letterkuns van Malherbe moet ons gaan let op die vormingsjare van sy kunstenaarskap. As 21-jarige behaal hy die B.A.-graad aan Stellenbosch, en as hy drie jaar later in Duitsland die doktorsgraad behaal en dan terugkeer in Suid-Afrika, beland hy in die middel van die storm-en-drang van die jong Afrikaanse turke wat met mag en geweld alles wil verower vir Afrikaans. Almal wat die gawe van die woord ontvang het, het help skeep — want die „Afrikaanse letterkunde” moes toe nog gebore word.

Malherbe was een van daardie vroegste begaafdes, en deur die jare heen het hy trou aan die werk gebly sodat hy naderhand gegeld het as een van ons vrugbaarste en bekendste prosaskrywers.

Aanvanklik het ons in sy poësie die volksinslag en die volkswoord. Ook sy eerste prosawerk vertoon hierdie kenmerke — wat meebring dat *Die Meulenaar* en



*Hans-die-Skipper* tans deur heelwat beoordelaars beskou word as van sy beste prosakuns.

Baie gou al het ons by Malherbe 'n liefde ontdek vir die musikaliteit van die woord. Onthou, hy ontplooi in 'n tyd toe elke Afrikaanse kunstenaar sy eie voorbeeld was, en 'n nuwe tradisie moes geskep word. Op die gebied van die prosa sien ons Neelsie Langenhoven 'n lenige spreektaal aanwend; Jochem van Bruggen wend 'n naakte skryftaal aan; effens later sou Sangiro 'n kunstaal met 'n breë golfslag aanwend.

Malherbe sou hom gaandeweg afwend van die realistiese spreektaal en in sy prosa, maar meer nog in sy poësie, sien ons die ritmiese, die klinkende woord verskyn — idealisties en nie realisties nie.

Daarby het dan ook gekom dat hy hom met voorliefde gaan toespits het op die geskiedenis van die Ou Testament en die wêreld van die oudheid, wat meegewerk het tot 'n verstewiging van sy idealistiese taalgebruik.

Al hierdie kenmerke, met 'n sterk mate van versobering, vind ons terug in die bundel wat ons tans in beskouing het.

As mens jou aan die skeppinge in hierdie bundel oorgee, dan is daar heelwat in wat mens bekoor en jou bybly.

Die eerste stuk in nege tonele, bring vir ons die geskiedenis van Eli, die priester, en sy twee seuns Hofni en Pinehas — veral van Hofni. Uit die Bybel onthou ons dat Eli nooit sy seuns bestraf het nie, daarom was hulle bedorwe en sondig, wat gelei het tot die ondergang van die hele gesin.

Malherbe vul hierdie geskiedenis aan deur vir ons — op aan-

neemlike wyse — uit te beeld waarin Hofni se losbandigheid bestaan het. Sy grootste oortreding is vervreemding van die offervleis vir sy fuifpartye en dan sy voorgename huwelik met 'n Egiptiese vrou — hy 'n seun uit die priestergeslag en aangewese opvolger van sy vader. Ons is hier by 'n tema wat telkemale opduik in die skeppingswerk van Malherbe: die verbode liefde. In hierdie treurspel sien ons die vernietigende werking van die verbode liefde, al is die liefde eg.

In die tweede stuk, *Van Mense en Gode*, is ons ook by die liefde, maar nou die suiwer, onbevekte liefde tussen man en vrou, wat lei tot die veredeling van die mens. Hier kry ons die verhaal wat telkens, in baie tale en in baie tydperke vertel word, van 'n minnende paar wat uiteindelik nie sterf nie maar in die een of ander skoonheidsgedaante voortleef. Baie van die ontroerende gedeeltes in hierdie stuk voel ons na as spruitende uit die digter se ontroering omdat hy op hoë ouderdom self nog die bysyn van sy eggenote ken.

Die derde stuk, *In die Namib*, is 'n fantasie opgebou om die bekende rotstekening, die Witvrou van Brandberg in Suidwes. Veel daarvan laat dink aan S. J. du Toit se *Koningin van Skeba*, en van die drie stukke is dit seker die mins bevredigende.

Na sy inhoud sien ons hier weer die werking van die liefde — die verwoesting wat gesaai word deurdat 'n prinses-koningin, wat verlief is op haar raadsman, deur haar vader aangesê word om met 'n vreemde prins in die huwelik te tree. Sy begaan 'n moord om haar liefde te behou

en raak sodoende self aan haar einde.

Dis 'n bundel wat sy eie skoonheid bied.

ABEL COETZEE

G. H. Franz: MODJADJI. Afrikaanse Pers-boekhandel 1957. 'n Laaste werk waaraan G. H. Franz nog sy hand kon sit voor sy heengaan, het onlangs verskyn: *Modjadji*.

Dis 'n drama in vier bedrywe, eintlik 'n roman opgesom in vier hoofstukke in dialoogvorm weergegegee.

Die verhaal wat daarin vertel word, is die geskiedenis van Modjadji, die reënkonigin van die Wolkberge in Noord-Transvaal. Franz probeer hier deurdring tot die ontstaan van die geheimsinnige figuur in die Bantoe-kultuur, en hy bied 'n hoogs prikkelende en aanneemlike verklaring aan vir haar ewigdurende jeug.

Dis egter jammer dat die ontslape skrywer die dramavorm vir hierdie werk gekies het, want dit is geen drama nie. Dramatiese spanning en dramatiese botsing is net nie te vinde in die werk nie, daarom dat ons dit eintlik 'n „lees-drama” kan noem, want dat dit gelees sal word, is nie altemits nie.

Franz het 'n keer aan skrywer hiervan beken dat hy besonder lief is vir die dialoogvorm, en dat alles wat hy geskryf het in die eerste lesing uit louter dialoog bestaan het, en dat die beskrywende gedeeltes tussenin eers later bygewerk is.

Soek mens na die grondslag van hierdie voorliefde, dan is daar twee moontlike verklarings: moontlik is hy soseer realis en afgestem op die werklikheid dat

die dialoogvorm eintlik natuurlik is vir hom as kunstenaar; moontliker egter het sy kennis van die Bantoe-wêreld regstreeks gelei tot die eksklusiewe aanwending van die dialoogvorm. Bepaald seker is dat hy nie die dialoogvorm kies omdat hy dramaturg is nie — want daar is geen spore van so iets in Franz se aanleg nie.

Juis om laasgenoemde rede is dit so besonder jammer dat Franz van hierdie stof 'n drama probeer skep het. As roman kon dit 'n mooi kunswerkie geword het, wat veral as populêre leesboek vir oud en jonk sou geprikkel het. Wie weet, miskien kan die uitgewers die omwerking laat maak.

ABEL COETZEE

Anna M. Louw: DIE KOMS VAN DIE KOMEET. Tafelberg Uitgewers, Kaapstad 1957.

Die mens wat belang stel in dié sake word telkemale weer gedwing om te gaan staan en peins oor die vraag wat nou eintlik 'n letterkundige kunswerk is. Is dit 'n vergestaltung van die emosies van die kunstenaar? Is dit 'n navertel van die lewe en wel op so 'n manier dat daaruit 'n sedeles te leer val? Moet 'n mens die samelewing van die kunstenaar ken om sy kunsskepping te kan waardeer? Moet ons beskik oor 'n beeld van die tydsgees? Hoe word die kunswerk gebore? En as dit 'n sedeles is: Waarom is die eerste die beste kanselpreek gewoonlik nie ook 'n kunswerk nie? En as dit 'n nabeelding is van die lewe: Waarom is die eerste die beste koerantberig van beurspryse nie ook 'n kunswerk nie?

Oor hierdie vraagstukke is al baie nagedink, gepraat en geskryf — ook by ons. Om tog telkens

weer tot die ontdekking te kom: Hier is 'n verskynsel wat nie deur woorde omskryf kan word nie, omdat die verstand nog nie kon deurdring tot die wese daarvan nie. Magteloos moes ook A. P. Grové teen die einde van sy betoeg oor die saak toegee: „Op hierdie stadium (d.i. ons huidige kennis van sake) wil dit my egter voorkom of; afdoende en bevredigende antwoord op die vraag na die wese van die poësie die einde van die poësie self sou beteken” — om ons intellektuele onmag te verberg, skryf ons aan die onbegryplike saak godlike eienskappe toe! (*Woord en Wonder*, 124).

Tog word ons telkens weer gedwing om die vraag te stel en te bepeins na aanleiding van elke nuwe letterkundige werk wat hom aan ons aandag opdring. Telkens vind ons dan weer dat ons die ou-ou vraag: Is dit 'n kunswerk? Is dit slegs 'n tydelike verskynsel? slegs kan beantwoord deur 'n omweg: Wat wil die skrywer? Wat is dit wat hom gedwing het om te skrywe? Het hierdie beeld, wat opgeroep of geskep is deur middel van woorde, 'n betekenislaag wat meer is as die gesamentlike betekenis van al die gebruikte woorde in hulle sintaktiese verband? M.a.w. het die kunstenaar hier 'n selfstandige bestaan geskep met sy eie wette, en persoonlikhede wat enduit sodanig handel dat daardie wette hulle onverbiddele werking het om ons sodoende te bekoor met dié wetmatige verloop dat ons 'n nuwe lewe ervaar en aan die einde van die werk met gesuiverde gemoed en nederige erkentlikheid nog één kunswerk byvoeg tot ons skrale voorraad van vertroude gunsteling?

Die jongste roman van Anna M. Louw word só aangedien: „In die aangesig van vernietiging toon die mens hom in sy ware gedaante, in sy vertwyfeling, sy swakheid en sy bittere neerlaag, maar ook in sy moed, sy selfloosheid en sy waardigheid. Dit is die tema van Anna M. Louw se aangrypende roman. Vir die leser wat die drang voel om dieper te delf as die oppervlakte van menslike verhoudings en die uiterlike patroon wat die menslike verhoudings aanneem, vir die leser wat self eerlik soek na die doel en betekenis van die lewe, bied hierdie buitengewone boek 'n onvergeetlike ryk ervaring” (stofomslag).

Dis waar, dis 'n buitengewone boek waarvan daar, helaas, te weinig verskyn in Afrikaans. Dis ook waar dat die meeste van die dinge wat aangedui is, wel in die boek voorkom. Maar is dit 'n blywende verryking van ons gees en van ons romanletterkunde?

Die verhaal speel in ons moederstad af. 'n Arts is ingesui in 'n bestaan van daaglikse siekebesoek, vervreemding van vrou en gesin, wat uitloop op saaiheid, verlies van ideale, vernietiging van huweliksgeluk, verwerping van tradisionele waardes. Die lewe word 'n bestaan van skynwaardes.

Dan daag die komeet op. Daaglik kom hy nader en 'n katastrofale ondergang van die wêreld staar sy angsbevange inwoners in die gesig. Onder hierdie omstandighede moet die grootheid van die mens blyk: Die arts organiseer gesondheidsdienste, ontferm hom oor 'n verwagte moeder wat haar man verlaat het, ontdek 'n Engelse predikant-priester wat onverwagte bronne

van geeskrag openbaar, en ontvang en rig die hulp van 'n kleur-ling hoofonderwyser wat ook 'n idealis is. Maar hierdie arts het kleivoete: As sy vrou in sinsverbystering by hom vastigheid kom soek, beskerming en begrip, loop dit uit op niks, heeltemal niks. Hy ontdek in hom 'n liefde vir die verstote, verwagte moeder.

En as die komeet weer wegtrek en hierdie verhouding iewers moet heenlei — dan sterf die moeder by die geboorte van die kind en die arts word met 'n oplossing van sy probleem gelaat wat hy nie verwag of begeer het nie, maar waaraan hy niks kan verander nie en wat hom nie uitdaag om 'n oplossing te soek nie.

'n Switserse geleerde, Robert Weiss, het op 'n keer gesê dat die kunstenaar moontlik skep uit dié gedeelte van sy gees wat in opstand is teen sy samelewing. Miskien kry *Reisigers na Nêrens* van Willem van den Berg vir ons in die lig hiervan nuwe betekenis. Miskien dat dit ons Anna M. Louw se roman laat begryp as 'n uiting van verzet teen die saaiheid van ons moderne bestaan waar ons net nog vervaalde instellings het om op 'n manier ons daaglikse sleurgang te rig.

Maar die skryfster se verzet is nog maar 'n vae gevoel van onlus, van misnoeë. Die hewige branding wat ons 'n insig moet gee in die aard van ons kerker, die moderne nywerheid- en fabriekstad, en wat die verhaal sou verhef het tot 'n blywende kunstwerk met sy eie bestaan, ontbreek.

Is dit nodig om by te voeg dat dit 'n vlotgeskrewe, prikkelende roman is?

ABEL COETZEE

G. A. Watermeyer: DIE REPU-  
BLIEK VAN DUISEND JAAR.

Hierdie bundel gedigte van Watermeyer is heeltemal verskillend van sy eerste digwerk nl. *Sekel en Simbaal*, waarin hoofsaaklik die landelike (arbeidliedere, natuurpoësie), die liefde en die grootstadslewe uitgebeeld word. Waar hy in laasgenoemde sterk onder die invloed staan van die jonger digters (Opperman), daar keer hy in sy nuwe bundel terug tot die nasionale in die volkslewe en sluit sodoende aan by die ouer digters soos Celliers en Totius. Alhoewel die bundel mooi en aangrypente verse bevat, lewer hy nêrens groot poësie nie, omdat die stof wat hy verwerk te tydelik-betreklik is. Dit maak meer die indruk van vaderlandse verse wat bedoel is om 'n sluimerende volksgees weer wakker te skud en tot die daad aan te spoor.

In die eerste afdeling, *Die Gees van Kruger*, bring hy hulde aan die groot staatsman wat tot vandag toe die inspirasie bly in ons vryheidstrewes. Deur Kruger se ballingskap is ons nasietrots behoue en het ons die moed om met die stryd vol te hou:

Groot bittereinder van ons  
bloed

het hy die vryheid weer laat  
gloed . . .  
en sy gees sal nie tot rus kom  
nie

Voordat die vlag wat hy ont-  
wyk

sy stand in hierdie Suidland  
stryk . . .

Die afdeling *Stad van Beton* handel hoofsaaklik oor Johannesburg — die metropolis van Afrika. Dis nie meer die stad wat die volk met ondergang bedreig nie — dis die stad wat die land se wording dra:

en immer en altyd die teerstrate deur die drifgang van voete wat vorentoe beur . . .

Vervolgens is daar gedigte oor die *Volkshandel*, *Stemdag*, die *Skietkommando's*, die *Polisie*, die *Onderwysers*, die *Moedertaal*, *Apartheid*, die *Leraars* en die *Republiek van Duisend Jaar*. Dis almal gedigte so reg na die hart van die voordragkunstenaar en hulle sal seker wyd en syd oor ons land bekend raak.

S. C. HATTINGH

Vincent van der Westhuizen: *DIE RUSTELOSE*. Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg 1957.

Die bundel bevat liefdesverse soos *Ella Mia*, *Verklaring*, *Sou ek met koue woorde*, *Portret* en *Noudat jy gaan*. Dit handel oor 'n liefde wat nie bestem was om tot vervulling te kom nie. Dan is daar epies-wysgerige gedigte w.o. *Uitvaart van die ou Seevaarder*, *Man in die Oue-Tehuis* en *Uitvaart van die Pionier*; vaderlandse verse soos *Bannelinge* en *Nebo*; 'n aantal godsdienstige verse soos *Kruisig My*, *Die Twyfelaar* en *Gebed van die dooie hart* en benewens stadsgedigte ook 'n aantal kwatryne.

Van der Westhuizen dig vlot en maklik. Sommige gedigte bekoor deur hulle vloeiendheid en strelende ritmiese beweging. Maar nêrens verraai hy 'n buitengewone digterskap nie. Trouens, hy is van epigonisme nie vry te spreek nie: dit wemel letterlik van die „flikker-woorde” wat so 'n mode in ons jonger poësie geword het.

S. C. HATTINGH

Elisabeth Eybers: *BELYDENIS IN DIE SKEMERING*. Nasionale Boekhandel Bpk. Kaapstad 1957.

Hiermee het ons die tweede druk van Elisabeth Eybers se eerste digbundel. Self karakteriseer sy die verse as volg: „'n Aantal van die gedigte — soos *Maria*, asook enkele sonnette het gewildheid verwerf by Afrikaanse poësiekenners; die meerderheid se waarde lê hoofsaaklik daarin dat hulle deel uitmaak van 'n openhartige dokument van adolessensie.” Vir ons het die verse ook nog 'n ander waarde en betekenis: hulle bevat die belofte van iets grootser en duursamer wat in haar latere bundels so ruimskoots verwesenlik is.

S. C. HATTINGH

*DIE DEUTSCHE SPRACHE IM AUSLAND. BAND I. DER VOELKERVERKEHR ALS SPRACHLICHE AUFGABE.* Franz Theierfelder, R. v. Deckers Verlag, Hamburg, Berlin, Bonn, 1956.

In die eerste deel van hierdie werk, waarop solank gewag is, word die eintlike onderwerp nog nie behandel nie. Eers die tweede deel, wat nog in die loop van hierdie jaar behoort te verskyn, sal 'n volledige oorsig oor die verspreiding van die Duitse taal in die belangrikste lande van die wêreld bevat. In hierdie deel is die skrywer vireers gemoed om by wyse van 'n inleiding tot sy ondersoek die bewyse te bring vir die teorie (Hy is natuurlik nie die eerste wat dit formuleer nie) dat die huidige krisis in die omgang tussen die volkere van die wêreld opgelos kan word as almal dit as „die taak van die taal” sien; as die verkeer tussen vol-

kere werklik as die „verstaan” van die taal van die ander volkere beskou word.

Dit wil nie sê dat die skrywer baie ruimte aan die bewyse van hierdie teorie afstaan nie. Intendeel, hy gaan baie gou daartoe oor om die posisie te ondersoek wat Duits in die verkeer tussen die volkere inneem, en die eerste deel van hierdie boek is eintlik net ’n pleidooi vir die rol van Duits, en ’n waarskuwing om Duits nie uit te skakel of sy aanspraak daarop oor die hoof te sien nie.

Met hierdie doel voor oë ondersoek die skrywer kortliks en taamlik in die algemeen in die eerste hoofstuk, „Die Verkeer van Volkere as die Taak van die Taal,” die geskiedkundige ontwikkeling van die middele wat die verskillende volke van die wêreld aangewend het om hulle deur mededeling oor hulleself nader aanmekeer te bring. Hy begin met die brief en gaan dan van die boek en die koerant na die radio en rolprent van vandag. Dan volg ’n kritiek oor die pogings om ’n internasionale taal te skep. Esperanto word om die welombekende redes afgekeur: omdat dit as kunsttaal nie verteenwoordigend is van ’n lewendige taalgemeenskap nie; omdat dit op die soek na so ’n gemeenskap genoop is om aan bepaalde politieke strominge en wêreldbeskouinge van ’n internasionale karakter aan te sluit; omdat dit die gevoelswaardes van die taal ondergeskik maak aan die bloot saaklike waardes van duidelikeheid en omdat dit, daar dit net ’n fonetiese beeld is, weer baie gou in dialekte moet verdeel.

Ook „Basic English” en die pogings om Latyn weer as wêreld-

taal te verhef, word behandel. Dan vind dr. Thierfelder ’n ander uitweg: Hy laat die „groot” tale naasmekaar bestaan, maar met tweetaligheid. Hierdie tale is Engels en Frans, maar ook Duits. Hieruit blyk dit — soos hyself toegee — dat die probleem gestel maar nog nie opgelos word nie. Hierna wil hy Duits as een van die „groot” tale verdedig.

In die tweede hoofstuk behandel hy „Ou en nuwe Wêreldtale” t.o.v. die geskiedenis van hierdie „groot” tale en hy kom tot die gevolgtrekking dat een van die tale wat tot die Europese familie behoort nog altyd, nieteenstaande die veld wat Oosterse tale wen, die voorskrifte wat noodsaaklik is vir die omgang met ander volkere die beste sal uitvoer. In die derde hoofstuk vergelyk hy Duits met die ander tale en stel „Die Gebreke en Voordele van die Duitse Taal” naasmekaar. Onder die gebreke noem hy natuurlik al die eienskappe van hierdie ingewikkelde taal waaroor al dikwels gelag en gehuil is: die moeite met die lidwoord en geslag, die drie rededele, lidwoord, byvoeglike naamwoord en selfstandige naamwoord wat op verskeie maniere verbuig kan word, die sterk en swak vervoeging, die ingewikkelde sinsbou in Duits, en selfs die opeenhoping van medeklinkers van die taal wat „trop richte et dur” genoem is, om heeltemal te swyg van die fraktuurspelling.

Daarna word die voordele genoem: die rykdom van klanke, die uitdrukkingsmoontlikhede, die „stemming” van die Duitse taal, dit alles word eintlik net half behandel. Daar word minder plek aan hulle afgestaan as byvoorbeeld in Mark Twain se beroemde

spotgedig oor die „Vreeslike Duitse Taal.” Met meer duidelikheid wend die skrywer hom tot die nut wat die aanleer van Duits vir die uitlander inhou: Eerstens die praktiese en direkte gebruik dat 'n mens jou verstaanbaar kan maak, want daar is in elk geval honderdmiljoen Duitsers teenoor die 250 wat Engels en 450 wat Sjinees praat. Die skrywer gee toe dat hierdie statistieke baie algemeen en onbetroubaar is. Tweedens die opvoedkundige waarde wat vir ons sonder enige twyfel waar lyk, maar wat eintlik nie net van Duits alleen geld nie, want die aanleer van elke ander taal is op sigself 'n aanwins vir die logiese dissipline en algemeen kennis, en verder 'n aanwins wat net so min ontken kan word as die algemeen estetiese.

Hier word terloops aan Afrikaans gedink as een van daardie tale wat vir 'n persoon wat Duits ken 'n aanwins is, maar nóg die kort verwysing, nóg die formulering stel ons tevrede:

Afrikaans is, uit 'n taalogpunt beskou, 'n ouer stadium van Hollands, volgens plan moderniseer en tans besig om ten volle tot 'n kultuurtaal te ontwikkel.

In die vierde hoofstuk betree ons 'n totaal ander gebied, naamlik 'n ondersoek van die leermetodes van Duits. Natuurlik geld die meeste wat oor leer en onderrig gesê word ook al die ander tale, en die bespreking van die „direkte” en „indirekte” metode bring niks wat werklik nuut is en net vir Duits aangewend kan word nie. Die skrywer is skynbaar ten gunste van 'n kompromis tussen albei hierdie metodes en hou baie van 'n onderrigmetode wat die aanleer van

die vreemde taal deur liedere, rym en ritme en melodie as 'n verskerping van die geheue vergemaklik. Lang paragrawe word aan grammofoonplate, handboek oor stylleer en verskillende soorte woordeboeke gewy, sowel as aan tydskrifte wat oor die onderwysmetodes in die buiteland handel. Al lyk die keuse van hierdie gewens soms willekeurig, en al kan hierdie hoofstuk geen aanspraak daarop maak dat dit volledig opgestel is en voldoende vergelykende materiaal bied nie, is dit nogtans gegewens wat tot eksperimente behoort aan te spoor. Veral die besprekings van die belangrikste hulpmiddel, die onderwyser self, sy voorwaardes en taak, lyk vir ons besonder bruikbaar.

Die vyfde hoofstuk, „Oor die Omgang die Volkere met mekaar,” werp minder vrug af. Dit is 'n verleentheidstitel, 'n opskrif oor 'n hoofstuk wat niks meer is as 'n verklaring van „Die twaalf goue Reëls vir Reisigers in die Buiteland” nie, en wat deur die „Instituut vir Buitelandse Betrekkings,” waarvan dr. Thierfelder die bestuurder is, gepubliseer is. Al is hierdie reëls nog so nuttig vir almal wat in die buiteland reis, of hulle Duitsers is of nie, hulle hoort nie hier tuis nie, maar wel in 'n reisbrosjure, want hulle handel nie oor die taal van die reisigers nie, maar oor hulle goeie gedrag.

Die laaste hoofstuk handel oor die „Taalwerwing in die Buiteland” en bevat 'n lang en verklarende lys van die prestasies en getalle van die verskeie institute wat hulle met „taalpolitiek” besig hou, nie net van die Duitse institute soos die „Goethe Instituut” in München, „Die Akademiese

"Uitruilskema" in Bonn en die reeds genoemde „Instituut vir Buitelandse Betrekkinge" in Stuttgart nie, maar ook van die „British Council," die „Societa Dante Alighieri" en die „Alliance Francaise" met hulle takke in Duitsland. Die tweede deel sal dan hierby aansluit en handel oor die sukses wat die taalgebiede in die buiteland tot die omvang, waarde en lewendigheid van Duits bygedra het.

Dit is dus wat die hoeveelheid besonderhede en pragtige uitgawe betref werklik 'n waardevolle boek, veral sover dit die statistieke betref. Maar die aaneenskakelende gedagte, die konsekwente behandeling van die onderwerp ontbreek. Belangrike aspekte word net aangedui, probleme word gestel maar nie opgelos nie, en dit lyk of 'n groot gedeelte van die besonderhede volgens persoonlike smaak gekies is. Die eintlike tema moes die verdediging van Duits in die buiteland gewees het, maar ons word net nuuskierig gemaak oor die aandeel wat die Duitse taal aan die geestelike prestasie, en veral aan die letterkunde van ander volkere, gehad het. Of die gebeurtenisse van die afgelope dekades hierdie aandeel wat getal en waarde betref vermeerder of verminder het, kom ons nie te hore nie.

Ons dink dat dit die uitgangspunt moes gewees het: die feit dat 100-miljoen mense buite die grense van Duitsland Duits praat. Die besprekings sou baie natuurliker en logieser gewees het as hulle uitgegaan het van die ondersoek waar hierdie groepe hulle bevind, watter filologiese en kulturele verband hulle dialekte nog met hulle moedertaal het,

van die invloede van hulle omgewings, van die veranderinge, die groei en afname. Nou stuur hulle op materiaal af wat nog geen fondament het nie. Want wat vir die regverdiging van die Duitse instrument in die konsert van die volkere gesê is, geld ook van die ander instrumente: Italiaans kan eise aan die kulturele lewe en tradisie stel wat gelykwaardig aan die Duits is; Frans is ten minste net so 'n welluidende taal as Duits en is esteties net so waardevol, en wat die geestelike opvoeding, die verskerping van die logiese denkvermoë betref, kan al die Romaanse tale met net so 'n hoogontwikkelde infleksie roem, terwyl die „praktiese" nut tog oorwegend by Engels berus. Nie eens die verbinding van al hierdie eienskappe is eie van Duits nie. En dus moet ons nog wag om te sien of die tweede deel bevat wat die eerste belowe: 'n oorsig oor die „Duitse Taal in die Buiteland."

WALTER G. HESSE.

HEIMAT IN HERZEN. Gedichte. AUS FUENF ERDTEILEN. Gedichte über fremde Länder und Völker. Bolko Freiherr von Richthofen. Grabski Verlag, Herne, 1955/56.

Ons vertrou dat ons die skrywer nie te na kom as ons beweer dat goeie voornemens en die bekwaamheid om jou in 'n sekere mate vlot te kan uitdruk nog geen poësie lewer nie, en dat hierdie vaderlandse gediggies geen talent verraaï nie. Hy is nie in staat om sy pragtige vaderland, Silesië, te skilder nie en ook nie om die helder en verskriklike beeld wat die vlug uit die geliefde vaderland en die verlange van 'n banneling terug



daarheen in gedigte met woorde uit te druk nie. In plaas van die landskap voor ons oë te laat verrys, of die indrukke daarvan as 'n stemming in ons op te wek, skryf hy ou volksliedagtige, romantiese, bloemryke wendings, wat glad nie eens aan hierdie landskap alleen behoort nie:

Der Bergbach stürzt den Fall  
hinab  
und schäumt.  
Das Rad der alten Mühle  
still träumt.

(Die bergbeek stort die val af en skuim.

Die wiel van die ou meule draai stil.)

En waar dit gaan om die verskil tussen hierdie ewige stilte van die natuur en die gewoed en geraas van die oorlog, die neerlaag, die vlug en die verlange in 1945 in 'n gedig uit te druk, val niks anders hom by as 'n prosaïse frase wat baie na die opskrif van 'n koerantberig lyk:

Es quält die drei bei Nacht und  
am Tag  
Der Frost als Menschen-  
schinder.  
Verlorener Krieg, verlorenes  
Glück!

(Die ryp martel die drie bedags en snags soos menseuitbuiters. Verlore oorlog, verlore geluk!)

En waar hy sy lydende medemens in hulle ongeluk wil troos, daar staan net die ou afgesaagde en reeds baie agterdogtige cliches van die geloof aan 'n beter wêreld:

Der Finsternis Macht wird  
vergehen,  
doch strahlend leuchten für  
immer  
Reinheit, wirkliches Recht,  
Wahrheit und selbstlose Liebe!

As die leser egter bereid is om die verskrikkinge van die oorlogsverwoesting en die vlug uit die land voor sy geestesoog te sien, al is dit net aangedui en nie in woorde uitgedruk nie, dan is die skrywer se gevoellose en formele onbeholpenheid — en, terloops, ook die teks wat wemel van drukfoute — nog duideliker wanneer hy in die tweede bundeltjie gedigte oor vreemde lande en volke 'n minder emosionele, liriese gebied aandurf. Aandoenlik praat hy homself moed in om „die algemeen menslike” in ander volke te soek en in 'n lys wat twee bladsye beslaan, neem hy die name van Duitse filoloë, letterkunde-kritici en joernaliste te hulp, wat hierdie poging aanbeveel het. Later verskyn as byvoegsel 'n lang lys van name as „voorbeelde van besonder bevoegde persone.” Dis aandoenlik hoe hy moeite gedoen het om heeltemal reg te laat geskied aan sy titel van vyf wêrelddele en van oral af stof bymekaar gemaak het.

Maar die aandoening hcu op wanneer ons uitvind dat hy wel beweer dat hy orals was, in Skotland, Italië, Joego-Slawië, Kanada en Meksiko, maar dat hy hom nêrens ingelewe het nie. Of is dit werklik „Die Wese van Noord-Rusland” wat hy hieronder skilder:

Armut und Tyrannenmacht  
sind der Herr in Lande.  
Föhren klagen im Sturmwind  
der Nacht  
knarrend auf weisslichen Sande.

Uit „Afrika“ gee hy net twee  
voorbeelde, in „Kenia“ en „Afrika  
praat,” en weer eens stem dit nie  
ooreen met die hoogdrawende en  
onwerklike titel nie. Spreek  
Afrika werklik uit die volgende  
twee strofes?

Schreiend heben sich Flamingo-  
scharen  
rosa leuchtend aus dem Sumpf  
empor,  
wo seit ferner Urzeit Jahren  
nie das Land sein gleiches Los  
verlor.

Trommelwirbel ruft aus Neger-  
kralen.  
Glühend rot die Sonne nieder-  
sinkt,  
wenn am Ufersand, dem  
gelblich fahlen,  
ängstlich sichernd die Giraffe  
trinkt.

As die leë en ondramatiese reël  
van die „enerse lot” wat die land  
nooit verloor het nie enige be-  
tekenis het, dan behoort die skry-  
wer ingelig te word dat die land  
juis nou besig is om sy „enerse  
lot” met baie meer geraas te ver-  
loor as die tamboergedreun wat  
deur 'n Negerkraal veroorsaak  
kan word.

WALTER G. HESSE.

# Skrywersaangeleentheid

Mev. M. van den Heever, weduwe van prof. C. M. van den Heever, het die erelidmaatskap van die Afrikaanse Skrywerskring aanvaar. Sy woon tans op Parys, O.V.S.

\* \* \*

Die Hoofbestuur het op 8 Oktober in Pretoria prof. Abel Coetzee as voorsitter aangewys. Dr. Jan Kromhout is Sekretaris/Penningmeester, en mnr. H. J. Vermaas, wat ook die sekretaris van die Johannesburgse werkgemeenskap is, is Hulpsekretaris van die Hoofbestuur. Geliewe nog eens te let op die nuwe adres van die Hoofbestuur: Posbus 1013, Johannesburg.

\* \* \*

Op 23 Oktober het prof. T. J. Haarhoff, 'n stigterslid van die Skrywerskring, 'n insiggewende lesing voor die Johannesburgse werkgemeenskap gehou oor die klassieke drama en in hoeverre Opperman se *Periandros* aan die eise van die Aristoteliaanse drama voldoen. Met sy aanstaande aftrede en vertrek na Stellenbosch is aan hom die erelidmaatskap van die Skrywerskring gebied.

\* \* \*

Die werkgemeenskap Kaapstad is ontbind en in die plek daarvan is 'n nuwe werkgemeenskap, Durbanville-Bellville, gestig. Die voorsitter daarvan is mnr. Ben Conradie en die sekretaris mnr. A. J. J. Visser.

\* \* \*

Verskeie beskrywingspunte vir die landswye Skrywerskongres aanstaande jaar is reeds ontvang. Die voorlopige datums is met een

dag vervroeg en die datums is nou: van 8 tot 10 April 1958, in Pretoria. Die administratiewe reëlings is in die hande van die sekretaris van die Pretoriase werkgemeenskap, mnr. J. J. Brits, Posbus 392, Pretoria.

\* \* \*

Mnr. Dirk Richard, ondervoor-sitter van die Johannesburgse werkgemeenskap, is tans met sakebesoek in Europa.

\* \* \*

Oor die algemeen was al die werkgemeenskappe die afgelope tyd besonder bedrywig wat lesings en referate betref. Ons noem die volgende:

**Stellenbosch:** Mev. H. Weiss: „Agtergrond en werk oor die Heilige Land”; dr. P. J. Schoeman: „Nuwe navorsingsinrigtings in verband met die daaglikse gewoontes van ons wilde diere; prof. W. du P. Erlank: „Enkele aspekte en probleme van die Versdrama”; dr. F. Snijman: „Styl en Stilistiek”; dr. J. J. Degenaar: „Twee lesings oor Eksistensialisme in die Letterkunde.”

**Johannesburg:** Dr. M. A. Basson en dr. G. J. Labuschagne oor die Wese en Taak van die Literatuurgeskiedenis; Uys Krige: „Brasiliaanse poësie”; mnr. C. J. Engelbrecht: „Vorme van verwarring in Afrikaans”; verder het prof. G. Cronjé 'n uiteensetting gelewer van die werksaamhede van sy Kommissie rakende Ongewenste Lektuur, en die werkgemeenskap het ook die eer gehad om prof. dr. Wagenvoort, van Nederland, aan te hoor oor „Antieke Wortels van moderne Bygeloof.”

**Potchefstroom:** In Oktober 1956 is 'n boeke-uitstalling gereël, in medewerking met die Potchefstroomse Skakelkomitee. Daarna, in April van hierdie jaar, het die Kring 'n algemene bespreking gehou van J. S. Rabie se *Een-en-twintig*. Verder noem ons 'n lesing oor die Vroeë Afrikaanse Kuns, deur dr. I. van H. Fourie; 'n voordragprogram deur dr. E. A. Venter aangebied oor die werk van Elisabeth Eybers; en 'n lesing deur mnr. Gideon Roos oor die Radio en die Letterkunde.

\* \* \*

By die jongste byeenkoms van die Pretoriase Kring het prof. Abel Coetzee die lede toegesprek oor: „Die volksgemeenskap en die stadskultuur as anti-pole in die Afrikaanse letterkunde.”

\* \* \*

Mnr. André Brink, voorsitter van die werkgemeenskap Potchefstroom, het die tweede prys verower in die V.L.V. se landswye historiese romanwedstryd; 'n eer-

stelingdrama van hom is in die pers. Mnr. J. J. Brits, van Pretoria het 'n derde prys verower in die wedstryd vir seunsboeke uitgeskryf deur die uitgewers J. L. van Schaik. In dieselfde wedstryd het mev. Marie Malherbe, van Stellenbosch, 'n derde prys in 'n ander afdeling verower, terwyl nog 'n manuskrip van haar eervol vermeld is en ook aangeneem is vir publikasie.

\* \* \*

(Die Redakteur rig 'n vriendelike versoek aan alle lede om hom op hoogte te hou (a) van pryse en ander onderskeidings wat hulle te beurt geval het — soos hierbo, en (b) van boeke van hulle wat gaan verskyn of pas verskyn het. Sodanige inligting is ook vir ons ander lesers van belang en sal kwartaalliks in hierdie rubriek opgeneem word.)

Die Rembrandt Maatskappy, Paarl, het weer eens £25 gestort in die Noodhulpfonds van die Afrikaanse Skrywerskring.

A.P.B.





*Maak U keuse:- VAN RIJN  
kurk in wynrooi ongekurk  
in olyfgroen en filter in  
roomkleurige verpakking.*

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette.

Dit is gemaak vir diegene wat liever rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is.

Welke ander sigaret u ookal mag rook, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry. Koop gerus vandag 'n pakkie VAN RIJN.

# Rembrandt VAN RIJN

IN DOSIES  
kopiereg

KURK, ONGEKURK EN FILTER DE LUXE — 1/9 VIR 20, 3/11

VIR 50.  
VRFA 37c